# PREDIKING AS LITURGIESE GEBEURE

C.W. LEHMKüHL

UNIVERSITY OF DUR
LIBRARY

# PREDIKING AS LITURGIESE GEBEURE

deur

CARL WILHELM LEHMKüHL

Ingehandig by die

F A K U L T E I T   T E O L O G I E

VAN

D I E   U N I V E R S I T E I T   V A N   D U R B A N - W E S T V I L L E

as gedeeltelike voldoening aan

die vereistes tot die voltooiing

van die kursus vir die graad

M. T H E O L.

D U R B A N   1 9 8 6

MENTOR: PROF. N A C HEUER

No L. Code
No Status
UNIVERSITY OF DURBAN-WESTVILLE LIBRARY
BRN. 111290
CLASS No. 251 LEH
see other copy for rest info.

T 870085

# VOORWOORD

Hierdie verhandeling is die resultaat van studies wat deur my aangepak is oor 'n onderwerp van my eie keuse wat ek as van besondere waarde vir vandag beskou. Na my wete lê die uniekheid van hierdie studie in die feit dat dit nie deur iemand anders behandel is of by 'n ander Universiteit ingehandig is nie.

Die studie word afgebaken as hoofsaaklik gerig op die omstandighede binne die Afrikaanssprekende Kerke en die sogenaamde Vrye Kerke (Engels - Free Churches), waaronder die Baptiste ingedeel word.

Die afname in kerkbywoning en algemene verval in belangstelling in die Kerklike lewe word aan die deur van die liturgie gelê. Dit is 'n aktualiteitsprobleem aangesien die mens die erediens as onbelangrik en betekenisloos beleef.

Die belang van hierdie studie lê op die vlak dat dit trag om beide die moderne mens én die Kerklike strukture te verstaan. Uit hierdie verstaan van die mens en die liturgiese gebeure, dit wat die Kerk is en die kragte wat in die erediens werksaam is, word 'n antwoord op die aktualiteitsprobleem voorgestel.

Waar inligting van skrywers oorgeneem is en hul eie woorde, die argumentasie en gedagtegang versterk, is aanhalings direk in Engels en Nederlands aangehaal. Erkenning word aan skrywers gegee deur van eindnotas wat aan die einde van die laaste hoofstuk geplaas is, met 'n volledige lys van bronne in die Bronnelys gebruik te maak.

Dank word betuig aan professor N A C Heuer wat as mentor verseker het dat die wetenskapsbeoefening op standaard gehou is; Mevrou Val Hibbert vir haar toegewyde tikwerk en Ds. L. Lourens vir taalkundige proeflees. Van meer belang is die dank wat aan God toekom vir insigte wat Hy deur die eeue heen en ook vandag aan sy Kerk gee.

oooOooo

## UITTREKSEL

## PREDIKING AS LITURGIESE GEBEURE


Die doel of belang van hierdie verhandeling sentreer om die veronderstelling waarvan dit uitgaan, naamlik dat die hedendaagse Kerk met 'n aktualiteitskrisis te doen het.

Die antwoord tot die aktualiteitsprobleem waarmee die Kerk worstel met betrekking tot die liturgie en veral die prediking word aangebied uit 'n verstaan van die mens as eksistensiële wese in verhouding tot die liturgiese strukture van die Kerk.

Die konklusie wat van die Bybels-teologiese antropologie afgelei word, word op 'n vars manier toegepas om die moderne mens te verstaan. Dié begrip word uitgebrei om ook die insigte van die Sielkundige en Maatskaplike werklikheid van die mens te beskryf. Die vraag wat beantwoord word is:- Wat is die mens vir die prediker?

Die Kerk in sy verskillende tradisies en by monde van sy teoloë het aanbidding oor baie jare beoefen en beskryf. Uit hierdie perspektief word aanbidding gedefinieer om prediking te kontekstualiseer. Die Sielkunde, in verhouding tot menslike gedrag, help die prediker om beginsels daar te stel wat as voorvereiste gestel word om aanbidding sinvol vir die moderne mens aan te bied. Fundamenteel tot hierdie benadering is die noodsaaklikheid om Teologiese beginsels te formuleer wat aanbidding as Christelike en Bybelse aanbidding sal waarborg.

Laastens word prediking as 'n liturgiese moment beskryf. Vanuit die historiese verstaan van die prediking, is 'n definisie van prediking daargestel om ook die verhouding met ander liturgiese momente of elemente aan te dui. Die konklusie waartoe daar geraak word is dat aktuele prediking, as 'n eksposie van die Skrif, 'n antwoord bied op die aktualiteitsprobleem.


oooOooo

UNIVERSITY OF DURBAN-WESTVILLE LIBRARY

## ABSTRACT

## PREACHING AS A LITURGICAL EVENT

The concern of this thesis is centered in what it considers to be the problem that the present-day Church wrestles with in its liturgical ministry. It offers as its answer to this problem a concept of relevance, it is, to understand man as an existential being in relation to the liturical structures within the Church.

The conclusions which this thesis derives from a Biblical-theological anthropology attempts a fresh approach in understanding modern man. This understanding is broadened by the insights derived from the Psychological and Sociological perspectiveness of modern man's own life. The question being answered is: What is man for the preacher?

In its variety of traditions and through its theologians the Church throughout the ages has worshipped and described its worship. From this information worship is defined so as to contextualise preaching. Psychology in relation to human behavior, helps the preacher to formulate principles which make worship relevant to modern man. Fundamental to this approach has been the need to formulate Theological principles as well, which guarantee that worship will be Christian and Biblically sound.

Lastly preaching as a liturgical event is described. From the historical understanding of the concept, preaching is defined so as to understand the relation between preaching and other liturgical events or elements.

The conclusion which the study arrives at is that relevant preaching as exposition of Scripture is the answer to the problem for the Church of being relevant to modern man.


oooOooo

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD i

UITTREKSEL ii

ABSTRACT iii

HOOFSTUK 1

CHRISTELIKE PREDIKING IN 'N AKTUALITEITSKRISIS 6

1 Inleiding 6

2 Aktuele prediking die oplossing tot die aktualiteitsprobleem 7

DEEL I

PREDIKING - DIE MENS AS DEELNEMER IN DIE LITURGIESE GEBEURE 10

HOOFSTUK 2

BYBELS-TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE PREDIKING 11

1 Inleiding 11

2 Wat is die mens in Bybels-teologiese perspektief vir die prediker? - Die mens is liggaam 13

2.1 Die fisiese werklikheid 14

2.2 Die emosionele werklikheid 16

3 Wat is die mens in Bybels-teologiese perspektief vir die prediker? - Die mens is gees 19

3.1 Die mens as selfbewuste persoon 20

3.2 Die mens as willende persoon 21

3.3 Die mens as verhoudingswese 22

4 Samevattend 24

HOOFSTUK 3

SIELKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE WERKLIKHEID VAN DIE MENS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE PREDIKING 26

1 Inleiding 26

2 Wat is die mens vanuit 'n sielkundige perspektief vir die prediker? 26

2.1 Die mens is ook 'n geestelike wese 26

2.2 Die mens is daarby 'n ontwikkelende wese 28
2.3 Die mens is verder 'n denkende wese 34
3 Wat is die mens vanuit 'n maatskaplike perspektief vir die prediker? 35
3.1 Die mens leef in 'n geïndustraliseerde samelewing 36
3.2 'n Onseker, onstabiele wêreld is die omgewing waarbinne die moderne mens homself bevind 40
3.3 Die mens beleef sy eie bepaalde kultuur as dominerend in sy bestaan 40
4 Samevattend 42

DEEL II

PREDIKING - LITURGIESE GEBEURE EN HOE DIT DIE MENS RAAK 43

HOOFSTUK 4

DEFINIëRING VAN AANBIDDING OM PREDIKING TE KONTEKSTUALISEER 44
1 Inleiding 44
2 Evaluasie van Kerklike en Teologiese benaderings tot aanbidding 45
2.1 Aanbidding as 'n drama gesien 45
2.2 Aanbidding as 'n wet 46
2.3 Aanbidding as belewing 46
2.4 Aanbidding as rasionele denke 47
2.5 Aanbidding as gesprek 47
3 Konstante elemente in Christelike aanbidding 48
3.1 Byeenkoms 49
3.2 Viering 49
3.3 Ontmoeting 49
4 Opsommend 52

HOOFSTUK 5

DIE MOONTLIKHEID VAN 'N SIELKUNDE VAN AANBIDDING IN DIE LIG VAN DIE PREDIKING 52

1 Inleiding 52

2 Raakpunte in beide die sielkundige en liturgiese besinning en die implikasies daarvan vir die prediker 53

2.1 Beide sielkunde en aanbidding het met die perseptuele prosesse van die mens te doen 53

2.2 Beide sielkunde en aanbidding het met die kognitiewe prosesse van die mens te doen 54

2.3 Beide sielkunde en aanbidding maak van die onbewuste van die mens erns 55

2.4 Beide die sielkunde en aanbidding het 'n ontologiese karakter 56

2.5 Beginsels wat uit die raakpunte afgelei word om aanbidding en prediking tot effektiwiteit te lei 56

3 Eietydse sielkundige behoeftes wat deur aanbidding ontmoet kan word 58

3.1 Die broosheid en feilbaarheid van die menslike bestaan vra na vastigheid en sekuriteit 59

3.2 Angs en eensaamheid pleit vir vrede en gemeenskap 59

4 Samevattend 59

HOOFSTUK 6

DIE MOONTLIKHEID VAN BASIESE TEOLOGIESE BEGINSELS WAT AANBIDDING EN PREDIKING BEHEER 61

1 Inleiding 61

2 Christelike aanbidding en prediking word binne die raamwerk van die Nuwe Testament begrens 61

3 Dialoog is kenmerkend van Christelike aanbidding en prediking 62

4 God moet altyd sentraal in Christelike aanbidding staan 63

5 'n Christologiese inhoud verseker dat Christelike aanbidding "Christelik" bly 64

6 Die gemeente is die ruimte waarbinne Christelike aanbidding voorkom 64

7 Samevattend 65

DEEL III

PREDIKING AS LITURGIESE MOMENT 66

HOOFSTUK 7

DEFINIëRING VAN PREDIKING 67

1 Inleiding 67

2 Die ontwikkeling van die begrip "prediking" 67

2.1 Die Ou Testamentiese ontwikkeling ten opsigte van Christelike prediking 68

2.2 Die sinagogale wortel van Christelike prediking 69

2.3 Die getuienis van die Nuwe Testament ten opsigte van Christelike prediking 69

2.4 Prediking in die tydperk van die Nuwe Testament tot die Reformasie 71

2.5 Die Reformasie bring prediking terug in die erediens 72

2.6 Die invloed van die Liberale teologie op die prediking 73

2.7 Prediking soos Karl Barth dit gesien het 74

2.8 Soorte predikings in die ekumeniese eeu 76

2.9 Konklusie uit die historiese ondersoek na die betekenis van Christelike prediking 77

3 Basiese vereistes vir aktuele prediking 78

3.1 Christelike prediking moet Bybelse prediking wees 79

3.2 Die konkrete situasie van die gemeente moet in Christelike prediking in ag geneem word 79

3.3 Die dialogiese karakter van Christelike prediking moet gehandhaaf word 80

3.4 Christelike prediking moet deurgaans 'n verkondigingskarakter behou 80

4 Samevattend 81

HOOFSTUK 8

PREDIKING IN PERSPEKTIEF MET ANDER LITURGIESE GEBEURE 82

1 Inleiding 82
2 Die ontmoetingsgebeure in die erediens 83
2.1 Die Woord van God as hoofmoment in die liturgie 83
2.2 Die onderlinge gemeenskap bewerk stigting 84
2.3 Die Eucharistiese maaltyd en doop bring eenheid 84
2.4 Die gebede verklaar dankbaarheid 85
2.5 Die onderlinge verhouding tussen liturgiese gebeure 86
3 Prediking as liturgiese moment in perspektief met ander momente in die liturgie 86
4 Samevattend 87

HOOFSTUK 9

KONKLUSIE 88

1 Inleiding 88
2 Konklusies wat voortvloei uit die besinning oor die mens 88
3 Aanbidding en die beginsels wat dit beheer 91
4 Die omskrywing van prediking as liturgiese moment 92

EINDNOTAS 94

BRONNELYS 107

UNIVERSITY OF DURBAN LIBRARY

# HOOFSTUK 1

## CHRISTELIKE PREDIKING IN 'N AKTUALITEITSKRISIS

### 1 INLEIDING

Die Christelike Kerk worstel vandag met 'n aktualiteitsprobleem[1] in sy liturgiese beoefening en in besonder met betrekking tot die prediking.

Die gevolge van hierdie aktualiteitsprobleem kan oor 'n wye spektrum van omstandighede en gebeure gesien word. Die opkoms van die Pentekostalisme en veral die Neo-pentekostalisme[2] het 'n besliste noodroep van die mens aan die Kerk uitgewys. In 'n bespreking van die nood aan aktuele prediking[3] toon J de Klerk aan dat die soeke na "direkte openbaringe" na vore tree juis as die "suiwere genade-middels" verwaarloos word. Dié bewegings bied egter nie die antwoord op die mens se aktualiteitsnood nie. Saam met die gevestigde Kerkgenootskappe word 'n afname in belangstelling gerapporteer, terwyl die sekularisasie van die gemeenskap sulke afmetings aangeneem het dat die Kerk in die breë 'n sukkelbestaan voer.

Hierdie aktualiteitsprobleem sentreer rondom die vraag oor hoe die heil wat deur God in Christus bewerk is, aan die gesekulariseerde mens van vandag gebring kan word, sodat hierdie mens binne sy lewenservaring en omstandighede daardeur aangespreek word.

Die probleem word veral in die kontemporêre prediking daarin gekenmerk dat predikers onder die waan verkeer dat hulle deur 'n blote lopende kommentaar van, of oor 'n Skrifgedeelte met eksposerende prediking besig is. Daar word van die standpunt uitgegaan dat sulke prediking die Woord van God aan mense bring, terwyl dit meesal slegs die prediker se idees oor die Woord van God weerspieël. Sulke prediking is egter nie aktueel nie.

Die aktualiteitsprobleem word verder geaksentueer deurdat predikers Kerklike leerstellings en Skrifgedeeltes as sedelesse op die mense afdwing en dit as prediking aanbied. Hierdie sedelesse word as absolute waardesisteme en norme, wat stiptelik en ongeag van die persoon se omstandighede nagekom moet word, voorgehou. Uit die aard van die saak kan sulke prediking selde of ooit relevant of aktueel wees.

Histories gesproke worstel die Kerk van die vroegste tye reeds met dié probleem. As die apostel Paulus van die "dwaasheid van die prediking"[4] praat word dit duidelik dat die prediking nie as wysheid beskou is nie. Die Here Jesus Christus het egter op meesterlike wyse sy prediking relevant en aktueel gehou deur die mens in sy situasie op die markplein, die landerye en agter die skape te ontmoet.

Die apologetiese geskrifte van Clemens, Origenes en andere[5] toon hoedat die vroeë Kerk getrag het om die evangelie relevant en aktueel binne sy wêreld aan te bied. Die evangelie is in die denkpatrone van die tyd verduidelik.

Die opkoms van bewegings soos die Waldense[6] het die dringende behoefte van mense om die Skrifte te verstaan in die geskiedenis van die Kerk beklemtoon. Die mens moet in sy eie taal en met eenvoudige verstaanbare taalgebruik deur die Skrifte in sy situasie aangespreek word.

Luther, Calvyn en Zwingli is name wat in die Kerk onuitwisbaar sal bly voortbestaan juis omdat hulle die aktualiteitsprobleem van prediking en liturgie wou oplos.

Meer onlangse name is Karl Barth, Rudolf Bultmann, Gerhard Ebeling, Ernest Fuchs, Jurgen Moltmann, Wolfhart Pannenberg en vele ander,[7] wat gedetermineerd gepoog het om 'n antwoord vir die aktualiteitsprobleem te vind.

Hierdie verhandeling trag om 'n antwoord vir die aktualiteitsprobleem te vind, deur die volgende basiese hipotese te stel: Aktuele prediking is die oplossing tot die aktualiteitsprobleem.

## 2 AKTUELE PREDIKING IS DIE OPLOSSING TOT DIE AKTUALITEITSPROBLEEM

Terwyl die Kerk nog in die wêreld is, sal die oplossing tot hierdie aktualiteitsprobleem alleen ontdek word indien die Kerk met die mens, in sy eksistensiële werklikheid, erns maak. Die mens beleef sy hele bestaan in die lig van sy omstandighede. Hierdie omstandighede sluit beide eksterne sowel as interne faktore in. Daarom moet die mens in sy totale bestaan verstaan word.

Met dié verstaan van die mens sal die Kerk tot 'n oplossing vir die aktualiteitsprobleem moet werk deur ook sy eie wese wat in aanbidding na vore tree, te begryp. Aanbidding kan nie net bloot 'n willekeurige handeling wees, waarvan die verloop deur die giere van enkelinge beheer word nie. Aanbidding staan baie duidelik onder beheer van bepaalde Sielkundige- en Teologiese beginsels.

Die laaste gebied waarin die Kerk tot 'n oplossing moet kom in antwoord op die aktualiteitsprobleem is die prediking. Wāt aktuele prediking is, moet beide verstaan en in die praktyk beoefen word, om sō die mens se belewenis van godsdiens relevant en aktueel daar te stel.

Met hierdie opdrag in gedagte word hierdie studie aangebied onder die titel: Prediking as liturgiese gebeure. Christelike prediking kan nooit van die mens self en die Kerk as ruimte vir prediking losgemaak, word nie. Wanneer dit gebeur beleef die mens die gestelde aktualiteitsprobleem en tree vervreemding en wanpraktyke in.

Die volgende werkswyse sal gevolg word om dié doelstelling te bereik. In Deel I van hierdie studiestuk sal getrag word om die mens as 'n eksistensiële wese te verstaan sodat die implikasies van menswees vir die prediking uitgewerk kan word.

Vanuit 'n Bybels-teologiese antropologie sal konklusies op die verstaan van die mens van toepassing gemaak word. Die mens lewer 'n bydrae in die erediensgebeure en in besonder in die kommunikasie wat daar plaasvind. Hierdie selfde mens staan in verhoudings en word in die erediens by verhoudings betrek. Inligting wat die mens as eksistensiële wese beskryf, word vanuit Bybels-teologiese insigte in Hoofstuk 2 omskryf. In Hoofstuk 3 word die mens uit insigte van die Sielkundige en Maatskaplike werklikheid van menswees toegelig. Spesifieke eienskappe binne bepaalde ouderdomsfases en werksituasies word uitgewys. Die omstandighede waarin die mens leef beïnvloed sy hele bestaan en vorm sy denke, bepaal sy gedrag. Dié mens word omskryf sodat prediking vir hom relevant gemaak sal word.

Deel II definieer aanbidding sodat die prediking as liturgiese gebeurtenis verstaan kan word en wel in die lig van hoe dit die mens (wat in deel I beskryf is) raak en beïnvloed.

Deur 'n ondersoek na die verstaan van aanbidding deur kerklike tradisies en teoloë, word prediking in Hoofstuk 4 gekontekstualiseer. Konstante elemente wat deurgaans in Christelike aanbidding gehandhaaf is, word uitgewys en 'n definisie geformuleer.

Die moontlikheid van sielkundige beginsels waaraan aanbidding moet voldoen word in hoofstuk 5 ondersoek. Die konklusies hiervan is dat bepaalde Sielkundige beginsels in aanbidding gehandhaaf moet word om enigsins effektief te wees. Op die wyse sal eietydse sielkundige behoeftes van die mens ontmoet en prediking aktueel gemaak word.

Hoofstuk 6 formuleer die Teologiese beginsels wat aanbidding beheer. God en mens moet in die regte perspektief tot mekaar gestel word. Die erediensgebeure moet sinvol die mens en God bymekaar bring. Die Teologiese beginsels word omskryf en as noodsaaklik vir die oplossing van die aktualiteitsprobleem aangebied.

In Deel III word prediking omskryf in 'n poging om dit vir die mens en die Kerk in die breë aktueel te maak.

Vanuit 'n basiese Teologiese feit, naamlik dat God Homself as 'n sprekende God geopenbaar het, word die begrip prediking soos verstaan uit 'n Bybelse en historiese oogpunt omskryf om dan sō tot 'n definisie van aktuele prediking te kom. Hierdie definisie word in hoofstuk 7 geformuleer om in hoofstuk 8 dit in perspektief met ander liturgiese gebeure te verstaan. Die onderlinge verhoudinge tussen die liturgiese momente word uitgewys sodat die moderne mens die erediens as sinvol kan beleef.

Op hierdie wyse word aktuele prediking as antwoord vir die aktualiteitsprobleem daar gestel. Met hierdie hipotese kan die Kerk sy sending in die Naam van die Here Jesus Christus volbring. Prediking sal weer die dinamiese rol wat dit in die verlede gehad het herwin en die moderne mens tot betekenisvolle godsdiens lei.

oooOooo

# DEEL I

## PREDIKING - DIE MENS AS DEELNEMER IN DIE LITURGIESE GEBEURE

Indien die prediking enigsins aktueel moet wees, sal die prediker die mens as eksistensiële wese moet begryp. In hierdie deel van die studiestuk word die mens vanuit die Bybels-teologiese antropologie en die sielkundige en maatskaplike werklikheid beskryf om ső die implikasies daarvan vir die prediking uit te werk.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Wat is die mens?

oooOooo

## HOOFSTUK 2

## BYBELS-TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE PREDIKING

### 1 INLEIDING

Die Bybels-teologiese antropologie is reeds met akkuraatheid vasgelê en gedebatteer.

Daar kan beswaarlik op Rudolf Bultmann[1] se konklusies aangaande die Bybelse beskrywing van die mens verbeter word. Hy staan egter nie sonder kritiek nie soos Donald Guthrie[2], wat self waardevolle insigte bespreek, uitwys. Hierdie lys kan uitgebrei word om name soos George Ladd[3], A Davidson[4], J Durand[5], en andere in te sluit[6]. In my eie denke is hierdie besinning en uitsprake korrek en kan ek geen verdere insigte tot hierdie debat byvoeg nie. Om egter hier bloot dié bekende stellinge na te praat en te herhaal sal geen doel dien nie. In hierdie hoofstuk word getrag om die bovermelde Bybels-teologiese antropologiese gegewens in die lig van die prediking op 'n vars manier toe te pas. Daar moet 'n antwoord gevind word op die vraag: Wat is die mens in Bybels-teologiese perspektief vir die prediker? Die antwoord op dié vraag sal die kritiek van die kommunikasie-wetenskap teen die prediking[7] in ag moet neem, terwyl dit erns maak met die mens se belewingswêreld en veral die "hoe" van belewenis. Op dié wyse word daar getrag om 'n vars toepassing van wat deur Bybels-teologiese antropologie vasgelê is, in die lig van die prediking, te maak.

Die prediker moet besef dat die mens sonder simbole geen kommunikasie ervaar nie. Daarom moet die gebruik van simbole in die prediking verstaan word - of dit nou gesproke woorde, gebare of gesigsuitdrukkings of wat ook al is.

Met reg kan gevra word: wat is simbole? Bevan[8] indentifiseer twee gebruike vir simbole in die godsdienstige sin: Die voorwerp, geluid of handeling verteenwoordig iets waarvan die deelnemers of hoorders reeds direkte kennis het. In die ander gebruik van simbole verteenwoordig die simbool, of dra dit inligting oor van dit wat gesimboliseer word, wat nie deur die deelnemers of hoorders besit word nie.

Dit is onomwonde duidelik dat verskillende voorwerpe, geluide, woorde, musiek en klokke ingespan word om bepaalde godsdienstige reaksies te ontlok. Van kardinale belang is egter dat simbole in godsdiens gebruik word om inligting aan die mens oor te dra wat nie in normale ondervinding aan hom bekend is nie[9]. Bevan bespreek dan ook in sy boek hoedat hoogte, tyd, lig en gees as simbole die mens inlig oor God, en die mens se belewenis van godsdiens beïnvloed en veroorsaak. Dit is asof die gebruik van dié begrippe insigte ten opsigte van God se andersheid[10] oordra en bekendmaak.

As die prediker verstaan dat simbole duidelik ingespan kan en moet word, bring die bogenoemde feite die geïnteresseerde prediker by die mitologiese verstaan van godsdiens. Dit is dat godsdiens die "storie" vertel wat aan die lewe betekenis gee, want 'n lewe wat ge-"demythologized" is, soos Rudolf Bultmann en andere probeer doen, het geen betekenis nie. Daarom moet die "storie" vertel word. Dit sal die prediker loon om ag te gee op Joseph Campbell se konklusies oor die funksies van mite in sy "The Masks of God"[11]. Die volgende vier funksies van mite word genoem:-

(a) Die mite bewerk en ondersteun die gewaarwording van diepe respek en bewondering voor die mistieke werklikheid van 'n bo-wêreldse Wese. In die lig van hierdie vrees en bewondering ervaar die mens 'n toename in emosionele, sielkundige en selfs fisiese krag wat nie andersins ontlok sal word nie.

(b) Die "storie" verduidelik die grootheid van die geskapenheid, die kosmos. Vrae soos: Waar kom alles vandaan? Waarheen is die wêreld op weg? word beantwoord. Doel en betekenis word gegee.

(c) Sosiaal word die mens 'n plek aangewys waar hy hoort. Die mite skryf die persoon toe aan 'n groep, gee hom identiteit. Van Israel is gesê dat hulle "kinders van die verbond" is. Sonder hierdie "behoort" ervaring staar die mens absolute vereensaming in die gesig.

(d) Die laaste funksie wat Campbell aan die mite toedig, is dat dit die mens iets van homself leer. 'n Sielkundige indentifikasie van wat "EK" is, dit is, self-identifikasie. 'n Persoon leer watter betekenis hy of sy as individu aan die lewe gee.

Met hierdie agtergrond in gedagte kan die Bybels-teologiese antropologie van nader bekyk word.

Dit is egter nodig om daarop te wys dat Bybelse uitsprake aangaande die mens deeglik in ag geneem moet word om te bepaal hoe die mens as deelnemer aan die liturgiese gebeure gesien moet word. Hierdie siening van die mens sal dan ook die uiteindelike definiëring van die prediking sterk beïnvloed.

Die bespreking van die onderstaande Bybelse beskrywing van die mens sal telkens in die lig van die prediking omskryf word.

## 2 WAT IS DIE MENS IN BYBELS-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF VIR DIE PREDIKER? -DIE MENS IS LIGGAAM

Wanneer Rudolf Bultmann[12] die onderstaande argument voer, oortuig hy die leser dat die mens nie 'n liggaam besit nie, maar liggaam IS. Hierdeur wil hy dan ook saam met andere[13] verduidelik dat die apostel Paulus die begrip "soma" gebruik om aan te toon dat die mens instaat is om homself die mikpunt van sy eie aksies te maak. Die mens staan dus in verhouding tot homself, hy belewe homself as "EK"[14]. Paulus gebruik "liggaam" om die mens as eenheidswese wat sy bestaan belewe, uit te druk:

> "The only human existence there is - even in the sphere of spirit - is somatic existence; but the use of soma as 'form' or 'shape' is un-Pauline. This is at once apparent when certain important statements are considered. When Paul warns, 'let not sin therefore reign in your mortal soma' (Rom. 6:12), or when he exhorts the Romans 'to present your somata as living sacrifices, holy and acceptable to God' (Rom. 12:1), it is clear that 'soma' does not mean 'body form', nor just 'body' either, but that by 'body' he means the whole person."

In prediking moet die feit van menswees die prediker dwing om die persone in die erediens in hulle totale menswees te sien. Die mens kan nie aan die dialoog[15] tussen God en mens in die prediking deelneem as dit nie met die mens in sy situasie verband hou nie.

Uit hierdie verstaan van die mens sal die prediker kennis moet neem van die onderstaande werklikhede:

## 2.1 Die fisiese werklikheid

Die mens wat in die erediens teenwoordig is, is daar as gevolg van 'n vrye wilsbesluit. Daarom moet daar 'n bepaalde respek vir sy fisiese belewenis wees. In die kommunikasieproses van die dialoog tussen God en mens in die prediking lewer die mens 'n belangrike bydrae tot die proses. Merril Abbey[16] bespreek die volgende belangrike feite in verband met die mens as ontvanger van die boodskap. Hierdie feite beïnvloed die kommunikasieproses.

(a) Die mens kom met sy eie vermoëns om te luister, om sleutelgedagtes in die kommunikasie te begryp en die situasie met andere te deel.

(b) Die mens kom met sy eie gesindhede soos belangstelling, openheid, antagonisme, verveeldheid, ensovoorts na die Erediens-gebeure.

(c) Die mens bring sy eie kennis van die onderwerp onder bespreking, betekenisse van woorde en simbole of die gebrek daaraan.

(d) Die mens is deel van 'n spesifieke sosiale sisteem met betrekking tot groepe waarvan hy deel is, en dít beïnvloed sy deelname.

(e) Die mens lewe in 'n wyer kulturele sisteem en word daardeur gekondisioneer, sodat ook dié feit 'n invloed op hom het.

Naas die bostaande lys van feite wat individue in die kommunikasieproses bybring, bespreek Abbey ook die behoeftes van mense as een van die mees belangrik faktore wat die prediker in ag moet neem[17].

Behoeftes (Engels = needs) van mense is absoluut bepalend in enige kommunikasieproses. Sonder kennis van die universele behoeftes, die algemene kommunikasiebehoeftes en moontlike

spesifieke behoeftes[18] het die prediking by voorbaat misluk en die mens in die proses verloor.

Fourie gebruik Maslow se hierargie van behoeftes[19] om die universele behoeftes van die mens te bepaal. Elke prediker moet dan ook bewustelik met hierdie behoeftes in gedagte 'n preek voorberei.

Op die eerste vlak plaas Maslow die fisiologiese behoeftes, wat as noodsaaklik vir oorlewing en fisiese gesondheid nodig is. As voorbeelde kan voedsel en seksuele behoeftes genoem word.

Die tweede vlak staan in verband met behoeftes aan sekuriteit waarin dit gaan om beskerming teen bedreiginge. Hierdie behoeftevlak verskil van mens tot mens en word bepaal deur persoonlikheid, geslag, ouderdom, kultuur en vorige ondervinding.

As derde vlak van behoeftes plaas Maslow die mens se sosiale behoeftes. Dit staan in verband met die mens se aanbaarbaarheid vir ander mense, om aan groepe te behoort en as individu vriende te maak en met eiesoortige persone te affillieer.

'n Vierde vlak van behoeftes word met die individu self geassosieer, nl. die ego behoeftes. Die mens het 'n goeie en sterk selfbeeld nodig om effektief te fungeer. Verskille tussen mense moet erken en gerespekteer word.

Die laaste vlak van universele behoeftes wat Maslow identifiseer is die self-aktualiseringsbehoeftes van die mens. Dit gaan hier om die mens se strewe na volheid (Engels - wholeness), om te skep, om die maksimum potensiaal van die individu uit te bring.

Fourie omskryf dan ook verder die dringende nood dat persone in kommunikasie die algemene kommunikasiebehoeftes van mense moet respekteer. Sy waarskuwing dat bogenoemde indeling die kommunikasieproses oorvereenvoudig, moet in gedagte gehou word.[20]

Die mens het wat algemene kommunikasiebehoeftes aanbetref behoefte aan feitelike inligting. Dit sluit inligting in oor en

in verband met opvoedkundige kennis soos reëls, regulasies en wette, prosedure met betrekking tot organisasies, individue, die weer ens. Emosionele behoeftes word in baie konserwatiewe kerkgenootskape geïgnoreer, terwyl mense 'n dringende behoefte het om te weet dat hulle geliefd is, waardeer en bewonder word. Onder emosionele behoeftes word ook sake soos patriotisme, lojaliteit, skuld, vreugde en haat ingedeel waarvoor die mens geleentheid en weë moet vind sodat dié emosies tot uitdrukking kan kom. Vermaaklikheidsbehoeftes is die volgende kategorie wat Fourie noem. Die mens het behoefte aan vermaak. Die massamedia benut die feit deeglik om in produksie te bly. Jongmense is meer tot ligte, onrealistiese vermaak geneig terwyl ouer persone meer ernstige, realistiese vermaak verkies. Die behoefte om gemotiveer te word, word volgens Fourie dikwels oor die hoof gesien. Mense wil dat hulle deur hulle leiers en voorgangers gemotiveer word. Die mens se estetiese behoefte wat deur kuns bevredig word, word veral wat die beeldende kunste betref hardkoppig deur die meeste protestantse Kerkgenootskappe teengestaan. Die prediker sal goed doen as hy die argitektoniese skoonheid van geboue en ander kunste benut om die Evangelieboodskap te kommunikeer. Die laaste kategorie wat Fourie bespreek is die ideologiese behoefte van die mens. Die mens vind die dwingende behoefte om saam met eendersdenkendes te vergader om leerstellings en geloofsoortuigings te versterk. Merril Abbey[21] brei die lys verder uit om die behoeftes van erkenning, teenwoordigheid, terapie, hoop en andere in te sluit.

Indien die prediking hierdie fisiese werklikheid van die mens se behoeftes en menslike bydrae tot kommunikasie erken en in ag neem sal dit beslis 'n hele reeks van vraagstukke wat tot die aktualiteitsprobleem aanleiding gee, uitskakel. Die mens staan in verhouding tot homself, IS liggaam en beleef 'n fisiese werklikheid. Die ontkenning van hierdie feit lei tot die degradering van die mens tot 'n blote hoorder, 'n toeskouer in die erediens. Hiersonder kan die dialoog tussen God en mens nooit tot uiting kom nie.

## 2.2 Die emosionele werklikheid

Alle gelowiges deel in die bediening van die Vader en die Seun

deur die Heilige Gees.[22] Dit sluit diens in soos getuienis met betrekking tot die evangelie, om siekes te besoek, barmartigheidsdiens ensovoorts. Terwyl alle Christene tot dissipelskap en daarom ook tot navolging van die Here Jesus Christus wat diens betref, geroep is, is slegs enkelinge tot die besondere geordende bediening geroep.

Thomas Oden toon aan dat daar 'n duidelike nuansverskil tussen die bediening van leke en geordende ampte is.[23] Die geordende word deur die Kerk afgesonder en met gesagsmandaat gestuur om 'n bepaalde bediening te vervul. Oden praat van: "The Ordination Charge".[24] Hierdie bediening sentreer rondom die primêre opdrag om te preek.

Die gemeente verwag dus dat die prediker vir hulle sal preek. Daar is 'n emosionele ingesteldheid wat aan die prediking 'n bepaalde gesag en toegang verleen by hulle wat in die erediens saamkom. Vanuit hierdie ingesteldheid vind die prediking 'n goeie en bruikbare aanknopingspunt om die Godbepaalde doel van die Skrifte[25] te bereik.

Wanneer Joseph F Newton[26] aan die hand van 'n voorbeeld die besondere amp van die prediker verduidelik, word daar lig op die emosionele ingesteldheid ten opsigte van prediking gewerp. Newton maak van Lucas van Leyden, 'n vroeë Nederlandse skilder se skildery met die titel "Die Preek", gebruik. Hierin word die binnekant van 'n kerkgebou tydens die prediking uitgebeeld. Die prediker is duidelik baie ernstig en dringend in sy pleidooi, tog heers daar 'n belangeloosheid by die vergaderde gemeente. Die kloof tussen prediker en gemeente noop Newton om navraag te doen oor die redes hiervoor. Is dit omdat die prediker met verstarde leerstelling of onrelevante mistisisme wat niks met die vraagstukke van die mense te doen het nie, besig is?

Newton kom tot die konklusie dat prediking ten spyte van baie tekortkominge, 'n sakrament is.[27] Die persoon wat as prediker optree is in 'n skeppende amp.

> "The test of any sermon, is not its eloquence, not its learning, nor yet its artistry, but the regenerative note that is in it, conveying the living word of God to the living men, through a tender truimphant, ministrant love."[28]

Die vraag wat hieruit ontstaan, is of Van Leyden se skildery ook die emosionele werklikheid van die hedendaagse preek skilder? Daar is sekerlik min persone wat negatief op dié vraag kan antwoord. Tog is dit nodig dat die prediking, soos die prediker in die skildery, sal voortgaan om te preek terwyl die mens se beleweniswerklikheid voortdurend aangespreek word. Die kansel sal weer tussen die mense moet staan en die mens as emosionele wese wat binne bepaalde omstandighede lewe erken.

Die prediker moet die emosionele werklikheid van kalender en spesifieke gebeure wat die mens beïnvloed raaksien en bedien. Sulke omstandighede vra dat die Bybel aan die mens bepaalde riglyne en troos moet bied. Die moderne samelewing met probleme soos vereensaming, depressie en spanning, bied die geleentheid om God se antwoorde op vrae aan die gemeente te bied. Die prediker moet dus voortdurend 'n preek met die oog op die hoorders maak. Harry Emerson Fosdick wat as prediker sy naam verewig het, maak dié stelling:

> "There is nothing that people are so interested in as themselves, their own problems, and the way to solve them."[29]

Indien die predikers van ons tyd die mens se emosionele werklikheid erken en in ag neem sal die mens in die erediens tot belangstelling en meelewing, gelei word. Die mens is liggaam en beleef onwillekeuring en noodwendig 'n bepaalde emosionele werklikheid. Die dialoog tussen God en mens kan alleen tot reg kom indien die prediking ook die emosionele gesteldheid van die mens benut.

Die konklusie wat uit bostaande bespreking na vore tree, is dat die somatiese feit van menswees, die mens as 'n persoon voorstel wat 'n bepaalde verhouding met homself handhaaf. Hierdie verhouding word

beide fisies en emosioneel ervaar. Die mens kan in vrede óf onvrede met homself staan. Hy kan homself beheer of hy kan beheer verloor. Hy kan in hierdie verhouding met God versoen wees of nie.[30] In die prediking moet die mens as liggaam (somata), as totale wese in ag geneem word. Indien die prediker dié feit ignoreer, sal die individu die erediens bloot as toeskouer bywoon en dit nie as deelnemende vennoot belewe nie.

## 3 WAT IS DIE MENS IN BYBELS-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF VIR DIE PREDIKER?

In die voorafgaande bespreking is die praktiese implikasies van die mens se liggaamservaring van uit 'n Bybels-teologiese perspektief beskryf. Dié perspektief moet ook verder gevoer word want die mens het ook 'n geestelike ervaringswerklikheid wat die prediker raak.

### DIE MENS IS GEES

In die predikingsgebeure moet van die mens as geestelike (ruach, pneuma) wese kennis geneem word. Weereens moet dit beklemtoon word dat die mens nié 'n gees besit nie, maar wel gees is. Hierdie standpunt stem ooreen met beide die Ou en Nuwe Testamentiese gebruik van dié begrip as dit na die menslike gees verwys.[31]

George Ladd help om die praktiese implikasie van die mens as gees te identifiseer. In sy omskrywing van die betekenis van I Kor. 2:11 kom hy tot die volgende konklusie:-

> "This seem to be a psychological statement that is universal in its application. Pneuma is used here of man's self-awareness or self-consciousness. Although Paul does not affirm it, it follows logically that because all men are pneumata, they are capable of enjoying a distinctive relationship to each other. Furthermore, because God too is pneuma, the human pneuma is the 'organ which receives the Spirit of God.' It is because man possesses pneuma that he is capable of being related to God."[32]

Kritiek kan teenoor Bultmann uitgespreek word met betrekking tot sy beskouing dat siel en gees as sinonieme verstaan moet word. Bevan[33]

UNIVERSITY OF ... LIBRARY

toon aan dat die begrip (gees) baie duidelik die nie-materiële van menswees aandui. Ladd in bogenoemde aanhaling sluit aan by die argumentasie, naamlik dat "gees" gebruik word om die mens se nie-fisiese belewens te verduidelik.

Die mens is dus omdat hy gees is 'n selfbewuste, willende wese wat in verhouding tot God en ander mense staan. Hierdie besonderse eienskappe moet deur die prediker in ag geneem word sodat die mens as deelnemer in die preekgebeure erken sal word.

3.1 Die Mens as selfbewuste persoon:

Die mens van beide die Bybelse milieu en vandag is van homself en die wêreld waarin hy lewe bewus. Die invloede van die kerklike lewe, politieke woelinge, ekonomiese druk of voorspoed, word as 'n werklikheid belewe. As individu word hy gedwing om bepaald standpunt in te neem, optrede te formuleer en daadwerklik op te tree.

Dit sal die prediker loon om in dié verband kennis te neem dat die mens se onderbewuste 'n groot aandeel in sy selfbewussyn speel. Navorsing[34] het getoon dat konsepte soos argetipes, simbole en die kollektiewe onbewuste, in die nie-dominerende regterhemisfeer van die brein ervaar word. Deur in die prediking slegs op die verbale, wat deur die linkerhemisfeer van die brein beheer word te konsentreer, laat die mens in die erediens onvolledig en dikwels onaangeraak.

Carl Jung[35] lê klem daarop dat beide die linker- en regter-hemisfere op gebalanseerde wyse (holistic) in terapie in ag geneem moet word. Hierdie feit geld ewe belangrik vir die prediking. Omdat die funksies van die regterhemisfeer moeilik deur die logiesgerigte, egobewuste, linkerhemisfeer geformuleer of verwoord word, word argetipes en simbole as misterieus of "geestelik"[36] ervaar. Dit is dan ook duidelik dat die mens voortdurend strewe na 'n balans tussen die bewuste (links dominerend) en die onbewuste (regs dominerend) om 'n geïntegreerde menswees-ervaring daar te stel.

Hy ontwikkel verder in sy teorieformulering die beginsel van teenoorgesteldes wat hy in terme van basiese gesindhede[37] (attitudes) van sielkundige tipes en die funksies[38] van die bewuste beskryf.

Om die totale mens in die prediking te bedien sal die prediker die basiese gesindheidstipes van die mens in ag moet neem.[39] Die introvert is 'n nie-uitgaande persoon, in homself gekeerd en subjektief eerder as objektief gerig. Hierteenoor is die ekstrovert 'n uitgaande persoon wat maklik in 'n gegewe situasie aanpas.[40] Dit is van belang om op te let dat Jung aandui dat individue eienskappe van albei hierdie tipes toon en alleen op grond van die dominerende eienskappe in die individu getipeer kan word.[41] Dit beteken dat die dominerende eienskappe bewustelik en die ander onbewustelik ervaar word. Die kompensasie van die dominerende eienskappe word in die onbewuste gevind, maar wanneer te veel psigiese energie (libido)[42] in die dominerende bewuste gebruik word, moet daar noodwendig skadelike energie in die onbewuste vrygestel word.

Prediking wat nie versigtig met dié inligting omgaan nie sal eerder skadelik as positief of opbouend wees. Indien die prediking nie spesifiek relevant en met die persoon se besondere vrae bemoeienis maak nie, sal hy prediking as onbelangrik en 'n vermorsing van tyd beskou. In 1974 merk James Boice op dat prediking die belangstelling van die gemeente verloor het.[43] Hierdie situasie het intens vererger juis omdat die prediking die mens as selfbewuste wese wat sy omgewing en tyd belewe, nie raaksien nie. Die prediking sal radikaal moet kennis neem van die mens as 'n selfbewuste wese, en 'n op die hele persoonlikheid van die mens 'n appél maak.

Uit dié ontwikkeling van die verstaan van die mens moet die prediking hom as 'n willende persoon erken.

## 3.2 Die mens as willende persoon:

Die bostaande stelling maak erns van die mens as gees en daarom moet die prediking die bedoeling daarvan begryp. Die mens wat die erediens meemaak is 'n willende persoon wat bepaalde

doelstellings en/of ideale nastreef. Omdat hy gees is, het hy die vermoë om doelstellings te formuleer en daarvoor te lewe. Die individu strewe na sin in die lewe. Dit is dan ook rondom dié feit dat Victor Frankl sy Logoterapie formuleer.[44] (Die onderwerp sal in die volgende hoofstuk verder uitgewerk word.) Die prediking wat dié feit uit die oog verloor is tot ondergang gedoem. Die moderne lewe met sy vele aanbiedinge van gemak, plesier, welvaart, swaarkry, armoede en eensaamheid sal eise aan die inhoud van die prediking stel. Die mens se strewe (sy wil) na gemak, plesier en welvaart; sy strewe weg van swaarkry, armoede en eensaamheid, moet in die prediking aangemoedig of ontmoedig en gekorrigeer word.

Hierdie Bybels-Teologiese feit lei die huidige bespreking verder om die mens ook as 'n verhoudingswese te omskryf.

3.3 Die mens as verhoudingswese:[45]

Omdat die mens gees is kan hy in verhoudings betrokke raak. Sonder hierdie verhoudings word die mens as 'n vereensaamde persoon 'n probleem vir homself en vir ander mense in die samelewing. Hierdie verhoudingsaspek van menswees het duidelik drie dimensies, naamlik:-

3.3.1 Die mens se verhouding met ander mense:

Die mens ondervind 'n ernstige behoefte tot saamwees en behoort aan 'n groep.[46] In die skeppingsbeskrywing in Genesis 1 & 2 is dit duidelik dat God die mensdom, in Adam en Eva verpersoonlik, vir mekaar geskape het. En sê God ook in Genenis 2:18:-

> "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help. Sy gelyke."

Met hierdie wisselwerking tussen mense, wat alleen betekenisvol kan wees indien dit 'n dialogiese karakter aanneem, word die menslike lewe sin- en waardevol.[47]

Die mens het mense nodig en daarom sal die prediking ook die mens as 'n verhoudingswese met ander mense in ag moet neem. Hierdie verhoudings moet in die prediking tot sy maksimum bevrediging en betekenis aangemoedig en beskryf

word. Die mens moet beide die voorskriftelike en genot van goeie tussenmenslike verhoudinge uit die prediking leer om tot ware menswaardigheid gelei te word.

Die mens staan egter ook in verhouding met sy omgewing en dit sal in die volgende onderafdeling van die werkstuk nader toegelig word.

3.3.2 Die mens se verhouding met sy omgewing:

Ons word deur die skeppingsverhaal van Genesis 1 & 2 daaraan herinner dat die mens bepaald in 'n versorgende verhouding tot sy omgewing moet staan.[48] In prediking moet dié dimensie van menswees nie nagelaat word nie. Die mens as geskapene het sy ontstaan in dieselfde skeppingsgebeure as die res van die skepping. Terwyl hy deel is van die wêreld, is die wêreld aan hom gegee om van te lewe, dit te bewerk en daaroor te heers. Die mens se heerskap oor die wêreld staan in verband met beide sy uniekheid deur God se besondere skeppingsaktiwiteit met die mens bo die res van die skepping én God se opdrag aan hom om te heers.

Dit is in hierdie sin dat die prediking aan die mens sy baasskap en verantwoordelikheid moet tuisbring. Die mens kan homself nie van sy omgewing losmaak en nog voortbestaan nie.

Die laaste verhoudingsdimensie wat in die prediking tot sy reg moet kom, is dat die mens ook in 'n bepaalde verhouding tot God staan.

3.3.3 Die mens se verhouding met God:

Die Genesis 2 gebeure beskryf verder dat die mens in 'n verhoudingslewe met God geskape is. Die dialogiese beginsel word gehandhaaf. Wanneer hierdie verhouding verbreek word,[49] sterf[50] die mens, is hy geestelik dood. Die herstel van die verhouding, die versterking en opbouing daarvan is dan ook die oogmerk van die prediking. Die prediking slaan die bal in geheel mis as dit nie bydra tot die daarstelling van 'n herstelde verhouding met God nie.

In die lig van hierdie feit moet die prediking tot beide gelowige en ongelowiges gerig word.

Die mens staan in verhouding tot God in óf 'n geloofsaanvaarde werklikheid óf die verwerping van die evangelie. Die mens is gees en kan daarom as verhoudingswese deur prediking tot 'n dinamiese wandel met God gelei word.

Opsommend, kan dus gesê word dat die mens as gees

> "lives in his intentionality his pursuit of some purpose, his willing and knowing (psyche, pneuma). This state of living toward some goal, having some attitude, willing something and knowing something, belongs to man's nature and in itself is neither good or bad. The goal toward which one's life is oriented is left still undetermined in the mere ontological structure of some orientation or other; but this structure (which for Paul is, of course, the gift of the life-giving Creator) offers the possibility of choosing one's goal, of deciding for good or evil, for or against God."[51]

Hierdie mens word voor gepreek en moet in die preekgebeure sinvol betrek word.

## 4. SAMEVATTEND

Uit die voorgaande bespreking van die Bybels-antropologiese insigte is opgemerk dat die prediking erns moet maak met beide die Bybelse begrip en moderne insigte van die mens. Prediking kan nie relevant vir die mens wees indien dit die mens self ontken nie.

Daar is opgelet dat die mens liggaam is met die verstaan daarvan as sou die persoon in verhouding tot homself staan. Die mens kan homself die objek van sy eie aksies maak, hy beleef homself as "ek".

Verder is die mens as gees omskryf wat van hom 'n selfbewuste,

willende persoon wat in verhouding met ander mense, sy omgewing en met God staan, voorstel. Hierdie vars toepassing ten opsigte van insigte oor die mens word nou verder uitgewerk uit 'n sielkundige en maatskaplike perspektief.

Met hierdie inligting tot die prediker se beskikking word die mens as eksistensiële wese verstaan en kan die mens in sy totale bestaanswerklikheid tot deelname in die erediens gebring word.

Die prediking sal hierdie gegewens in ag moet neem om die mens enigsins by die predikingsgebeure sinvol te betrek. Prediking wat die mens erken sal nie bloot "koue" leerstellige inligting deurgee nie, maar die mens in sy eksistensialistiese werklikheid bedien.

---ooOoo---

## HOOFSTUK 3

## SIELKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE WERKLIKHEID VAN DIE MENS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE PREDIKING

### 1 INLEIDING

Vanuit die voorafgaande argumentasie, naamlik dat die mens gees is, is daar groeiende getuienis dat die prediking nie tred hou met die mens in sy belewenis van die werklikheid nie. Die mens in sy vermoëns, beperkinge en sy eksistensialistiese bestaan word in 'n groot mate oor die hoof gesien. Hoe hy dink en leef het 'n bepalende invloed op sy verstaan van en geloof in godsdiens.

Die prediking sal moet kennis neem van hoe die mens uit die sielkundige en maatskaplike perspektief omskryf word. Weereens sal daar getrag word om 'n vars benadering uit die reeds bekende konklusies[1] te maak terwyl noodsaaklike inligting oorsigtelik weergegee word. Die implikasie vir die prediking sal telkens uitgelig en beklemtoon word.

Die vraag waarop 'n antwoord gevind moet word bly steeds: wat is die mens? Die Bybels-Teologiese insigte is vasgelê en hou word die sielkundige en maatskaplike implikasies uitgewerk. Hierdeur kan die prediking die moderne mens begryp om hom tot sinvolle deelname in die erediens te motiveer.

### 2 WAT IS DIE MENS VANUIT 'N SIELKUNDIGE PERSPEKTIEF VIR DIE PREDIKER?

Uit die aard van die saak word uiteenlopende beskrywings van die mens gegee. Daar is denkrigtings wat baie duidelik godsdiens as afwykende gedrag[2] beskryf terwyl ander dit as 'n belangrike element in "gesonde" persone beskou.[3]

Wat is die mens? Uit sielkundige oogpunt word die volgende konklusies bespreek met 'n toepassing vir die prediking om dit relevant in die liturgiese gebeure voor te stel:-

#### 2.1 DIE MENS IS OOK 'N GEESTELIKE WESE

Om onder hierdie opskrif die sielkundige werklikheid van die mens

te omskryf moet daar vanuit dié studieveld komponente verkry word wat hierdie stelling onderskraag.

In sy werk as psigiater en neuroloog het Victor Frankl[4] tot die konklusie gekom dat die mens nie slegs 'n biologiese en psigososiale kompleksiteit nie, maar ook gees is. Hy het op oortuigende wyse aangetoon dat die Psigo-analistiese teorië 'n duidelike leemte laat deur nie die mens as 'n geestelike wese te erken nie. Vir hom is dit belangrik om nie die mens se wil tot sin en betekenis as simptoom van neurose te sien nie. Dit is vir Frankl die normale neiging van die mens om tot volheid, tot volle waarde te kom. Vir hom kan die mens betekenis en sin in sy lewe ervaar deur "skeppende waardes" na te streef, dit is , om 'n taak te verrig.

Frankl se "eksperimentele waardes" stel die mens instaat om dit wat goed, waar en mooi is, te belewe. Van groter belang is egter sy "gesindheidswaardes" wat hy op briljante wyse uitwerk. Hierdeur help hy die mens om selfs in lyding en swaarkry sin en betekenis in die lewe te ervaar.[5]

Dit is baie duidelik dat hierdie kontemporêre sielkundige siening van die mens 'n rol aan die godsdiens, en daarom ook aan die prediking toedig wat slegs as 'n uitdaging aanvaar kan word. In die mens se selfbewuste belewenis van homself word sy gewete deur sy godsdiens die stem van God wat hom aanspreek.[6]

Die prediking is dan ook in besonder 'n Godgegewe wyse waarop Hy "aan die woord kom"[7] en die mens aanspreek om betekenis en sin aan sy lewe te gee. Deur Frankl se eksistensialistiese [8] analise te volg, kan die prediker sien hoedat hy betekenis en sin vir die lewe, lyding, werk en liefde kan uitwerk.

Die feit dat logoterapie onstaan het is in sigself 'n vingerwysing dat die Kerk in besonder in die prediking sy taak versuim het. Hierdie geskrif is 'n pleidooi dat prediking weer die prominente plek sal verkry wat deur God daaraan gegee is. Meer nog, dat die prediking die mens as geestelike wese sal erken en by die predikingsgebeure betrek deur sin en betekenis aan die menslike lewe te gee.

Dit het die implikasie dat die prediker die mens, in sy emosionele en sin-gewende behoefte baie meer moet leer ken. Hierna kan die Bybel in prediking aan dié behoeftes voorsien.

Mense verskil egter ook van mekaar in hulle verskillende lewensfase en dit sal ook 'n besliste invloed op die prediking uitoefen. Daarom sal sulke verskille ook vir die prediking in ag geneem moet word?

## 2.2 DIE MENS IS DAARBY 'N ONTWIKKELENDE WESE

Die ontwikkelingsielkunde het uit vele navorsing en waarnemings die mens se ontwikkeling in groot detail beskryf. Dit wil egter voorkom asof die Kerk slegs op beperkte wyse hiervan kennis geneem het. In alledaagse prediking word mense wat 'n erediens bywoon as 'n homogene groep hanteer, terwyl dit duidelik is dat persone oor 'n baie wye spektrum van ouderdomsfases in die erediens saamkom. Slegs 'n beperkte aantal persone sal daarom die prediking kan meemaak.

Alhoewel daar in sommige eredienste 'n "kinderboodskap" as deel van die liturgiese gebeure ingewerk word, is dit onmoontlik dat die persone wat onder die ouderdom van agt jaar die erediens bywoon, by die spesifieke prediking baat sal vind. Dit is waar dat kinders van onder agt jaar die erediens moet bywoon om waardering en aptyt vir die erediens te ontwikkel, maar dit is slegs wanneer die prediking spesifiek tot hulle gerig word dat hulle voordeel daaruit sal put. Hulle godsdienssin is onderhewig aan dit wat deur hulle gesien kan word. Dit is egosentries en afhanklik van wat hulle in hulle ouers waarneem. Dit is passief en oppervlakkig. Hulle kan nie abstrakte denke verwerk of verstaan nie. Hulle lewe in 'n verbeelding wêreld van fantasie. Die dissipline van eredienste bywoon lê egter die fondament wat in latere ontwikkelingstadia benut kan word.

Die onderstaande bespreking van die bekende ontwikkelingsfases word slegs in breë kategorië aangebied met die wete dat 'n deegliker verdeling moontlik en selfs wenslik is. In prediking moet die beperkings en vermoëns van die mens onthou word - 'n feit wat baie min predikers in ag neem wanneer hul 'n preek maak.

2.2.1 <u>Die ouderdomsfase van 8 tot 9 jaar:</u>

Die persoon wat binne dié ouderdomsfase leef sal deur die gemiddelde preekgebeure min of gladnie geraak word nie. 'n Prediker kan egter op subtiele wyse dié mens deur die prediking bereik deur na die spesifieke veranderinge wat plaasvind en hoe dié mens dink en leef op te let.

Die kind wat hierdie ouderdom bereik ondergaan 'n belangrike verandering, naamlik dat hulle baie meer realisties en feitelik begin optree. Van dié groep sê Bijlsma:[9]

> "Een van de in het oog lopende, verschuivingen is een wending naar een seker realisme. De fantasië wêreld van vroeger wordt aan strengere regels van 'werklikheid' gebonden. Het spel met lewenlose dingen, die als 'bezield' werden beskouwd, maakt allengs plaats voor een grotere belangstelling in speelkameraadjes."

Hierdie kind is baie afhanklik van die voorbeeld van voorgangers en ouers. Hulle besef hul afhanklikheid en onvermoë om alleen oor die weg te kom en wil daarom ouers en voorgangers behaag. Hulle is baie vatbaar vir konkrete feite maar daar moet opgelet word dat daar van dieper religieuse belewinge weinig sprake is. Die jong kind aanvaar sy opvoeder se geloof sonder kritiek.[10]

In die prediking moet getrag word om die groep in te sluit en meelewing te verseker. Deur konkrete feite wat duidelik in eenvoudige taal geïllustreer is, oor te dra sal hulle ook die erediens belewe. Die feit dat hulle graag met 'n held identifiseer bied die geleentheid om Bybelse karakters soos Daniël, Dawid, Christus en andere se etiese optrede by die kind aan te moedig. Dit is egter van groot belang dat predikers sal besef dat hulle nie in elke preekgeleentheid dié groep sal kan bedien nie.

2.2.2 <u>Die ouderdomsfase 10 tot 12 jaar (Puerale fase):</u>

Die mens wat hierdie lewensfase beleef kan ook, net soos

die bogenoemde groep, maklik deur die prediking oor die hoof gesien word. Ook wat hulle betref, moet die prediker spesiaal kennis neem van hulle spanninge en vermoëns, behoeftes en beperkinge.

Dié fase, ook bekend as die Puerale fase[11] word gekenmerk deur 'n besliste belewenis van onafhanklikheid. Hy is krities met 'n oorweldigende sin vir wetmatige en formele verklarings. Daar is 'n ernstige soeke na sekuriteit in homself wat dikwels teleurstel.

Dit is duidelik dat hierdie mens met baie vrae[12] worstel wat deur die prediking beantwoord kan word, en hy moet daarom in die predikingsgebeure ingesluit word. Spesifieke interpretasie aan die groep tydens prediking sal op hulle betrokkenheid wys en tot meelewing aanmoedig.

2.2.3 Die ouderdoms fase 13 tot 22 jaar (Adolessent):

Die meeste kerkgenootskappe rapporteer 'n afname in belangstelling by mense in die later helfte van hierdie ouderdomsfase. Ten minste een van die redes is dat hierdie mense hulleself na jare van Sondagskool onderrig onbetrokke voel. Die prediking spreek hulle behoeftes en vrae nie aan nie omdat die prediker nie met hulle spesifieke omstandighede bekend is nie. Die prediker moet ook met dié mens in die prediking bemoeienis maak.

In die algemeen gesproke is die adolessent baie sensitief vir sy sosiale omgewing[13] en is sy motiveringstruktuur baie keer verwarrend. Stormagtige aktiwiteite word met passiewe leeglêery afgewissel. Baie keer is hy ten opsigte van sy rolle, taak en verantwoordelikhede verward. Aangename verrassings en skokkende teleurstelling volg mekaar in 'n onvoorspelbare reëlmaat op.

As gevolg van die onsekerheid moet die mens wat homself in dié ouderdomsfase bevind deur die prediking tot volwassenheid begelei word. Godsdiens neem 'n belangrike plek in die lewe van die adolessent in en help hom om die betekenis en waarde van die lewe te begryp.

Dit gee hom 'n besef van waardes, van persoonlike verhoudinge en verpligtinge, lei tot die vorming van hoë ideale van onselfsugtige diens en help die adolessent in die verkryging van selfbeheersing en selfdissipline. In 'n vergelyking tussen die Godsbegrip van die jonger kind en die adolessent sê Zuck et al[14] oor navorsingsresultate dat die jonger kind aan God hoofsaaklik in terme van grootheid, alwetenheid, alomteenwoordigheid, skepping, krag en geregtigheid, dink. In teenstelling hiermee dink die adolessent aan God in 'n baie meer persoonlike wyse: Vaderskap, Verlosser en Here met liefde, vertroue, twyfel en vrees as abstrakte denke is prominent by die adolessent teenwoordig. Die subjektiewe ervaring van godsdiens is belangrik vir die adolessent. Dit is die ideale tydperk waarin bekering en daadwerklike inskakeling in die gemeentelewe moontlik is.

My waarneming is dat dié groep in prediking bloot ignoreer word. In onbillike veralgemening word hulle óf as kinders óf as volwassenes beskou. Prediking sal dié mens in sy spesifieke nood in die dialoog met God moet saamneem.

2.2.4 <u>Die ouderdomsfase 23 tot 40 jaar (Jong volwassene)</u>:

Die proses van vervreemding waarna in die voorafgaande perikoop verwys is en in die laat adolessent begin, word 'n wesenlike werklikheid vir die groter meerderheid van mense in dié lewensfase. Om hierdie persone enigsins by die Kerklike lewe te betrek sal die prediker met simpatie en begrip van hulle spesifieke omstandighede kennis moet neem.

In hierdie tydperk ontdek die meeste mense hulle volle potensiaal.[15] Hierdie selfkennis word deur die toets van die werklikheid versterk en die persoon fungeer selfstandig. Dit word gekenmerk deur ambisieuse strewe na ideale. Onafhanklikheid en die hoogs moontlike posisie in die werk- en/of sportsfeer is sterk motiverende faktore. Godsdiens word baiekeer as 'n remskoen gesien en iets om, wanneer nodig, te gebruik. In dié tyd sal die persoon

heelwaarskynlik in die huwelik tree, kinders word in die gesin gebore en die Kerk is bloot 'n goeie verwysingskontak indien 'n getuigskrif benodig word.

Hierdie persone word ook nie deur hedendaagse prediking bedien nie. Dit is sekerlik een van die redes waarom dië ouderdomsgroep in kleiner verteenwoordigende getalle in die erediens voorkom. Prediking moet hierdie mens doelbewus erken en bedien.

2.2.5 Die oudomdomsfase 41 tot 55 jaar (Middeljarige):

Myns insiens is hierdie groep die primêre teikengroep van kontemporêre prediking. Justin Pikunas sê opsommend van hierdie ouderdoms groep:-[16]

> "Middle adulthood encompasses the years of greatest achievement in occupational roles. These are generally the most productive and satisfying years of a persons life economically, socially, and in many other aspects. Self-confidence and the sence of competence reaches a peak".

Hulle is mense wat in hulle werksituasie gevestig is. Hulle het heelwaarskynlik 'n eie woonplek en belewe godsdiens as "werklikheid," wat deel van hulle algemene sekuriteit is. Hulle is betroubaar en ondersteun die gemeente daadwerklik, met die meeste leiers van die gemeente uit hierdie groep. 'n Woord van waarskuwing is hier van pas, naamlik dat die middeljarige nie ten koste van ander groepe deur die prediking bedien moet word nie.

2.2.6 Die ouderdomsfase 56 tot 65 (Senior jare):

In die senior jare beleef die mens die kerk as 'n bron van sekuriteit en moet prediking hierdie mense nie verloor nie. Die prediker moet oplet watter spesifieke behoeftes in beide die emosionele en fisiese vlak van hulle menswees is.

UNIVERSITY OF DURBAN LIBRARY WESTVILLE

Dit is 'n tydperk van voorbereiding vir aftrede waarin die individu in besonder moet kennis neem van wat Douglas Kimmel[17] die gebeurtenis, die status en die proses van aftrede noem.

Die prediking moet dan ook dié mens met Bybelse sekuriteite bedien en aantoon hoe daar in die afgetrede staat gelewe en "gewerk" kan word. Dié groep van mense kan 'n hoë peil van kognitiewe aktiwiteit handhaaf[18] indien hulle intellektueel en kultureel aktief is. Daarom sal prediking die mens in hierdie spesifieke nood moet ontmoet.

2.2.7 Die ouderdomsfase 66 tot sterwe (Bejaarde):

As gevolg van fisiese ineenstorting en swak gesondheid word mense in dié ouderdomsgroep al hoe meer van die kerk en sakelewing geïsoleer. Prediking moet ook hierdie mens bedien. Omdat hierdie groep se kinders getroud en/of uit die huis is, hulle werkloopbaan voltooi is en die dood 'n werlikheid waarmee hulle voortdurend worstel, is die soeke na sekuriteit van die grootste behoeftes. Vereensaming en gebrek aan versorging maak hierdie mense 'n hulpbehoewende groep.

Die kenmerkende eienskap van die fase is die algemene agteruitgang[19] wat plaasvind. Fisies en psigies kan die persoon nie die pas van 'n moderne wêreld handhaaf nie. In baie gevalle is die erediens een van die weinige sosiale byeenkomste wat die bejaarde bywoon. Daarom moet die prediking ook spesifiek in dié mens se behoefte voorsien.

In opsomming moet die opmerking gemaak word dat die mens in sy onderskeie ouderdomsfases min of geen baat by die prediking sal vind indien die prediking hom nie telkens spesifiek op sy vlak bereik nie. Die prediking moet weer na die mens kyk en oplet dat sy vermoeëns en beperkinge ook sielkundig verband met sy spesifieke ouderdom hou.

Die werk van die Ontwikkelingsielkunde help die prediking om waardering vir die mens in sy besondere ouderdomsfase te kry. Mense ontwikkel en verander voortdurend en die prediker wat die feit in ag neem lei hulle tot meelewing.

Die mens is egter ook 'n denkende wese wat korporeel die mense van 'n bepaalde omgewing en of kultuur se hele idee van godsdiens beïnvloed.

## 2.3. DIE MENS IS VERDER 'N DENKENDE WESE

'n Verdere insig wat uit die sielkundige studieveld aan die onderwerp onder bespreking gegee word, is dat die mens ook 'n denkende wese is. Hy beleef 'n algemene denkpatroon wat by die prediker bekend moet wees.

Die suggestie wat deurgaans in dié studie gehandhaaf word, is dat prediking die mens in ag moet neem. Forsyth[20] maak met reg daarop aanspraak dat die Kerk en in besonder prediking 'n bepaalde afstand van die mens moet behou. Die prediking moet die mens konfronteer en uitdaag om die evangelie van die Here Jesus Christus te aanvaar. Die eise en aansprake van die evangelie moet onafgewater gestel word.

Nou is dit ook duidelik dat die prediking nie onoordeelkundig leerstellings en eise aan die mens kan stel wat hy nie kan begryp nie. Daarom moet die mens ook as 'n denkende wese, 'n persoon wat bepaald saam met andere denkpatrone handhaaf wat eie aan sy tyd en omstandighede is, gesien word.

Die vraag is watter algemene, sielkundig identifiseerbare denkpatrone vir die prediker vandag van belang is? Soos wat Watson [21] aandui kan die volgende denkpatrone uitgewys word:-

Daar is 'n duidelike gesindheid van apatie, 'n gevoellose onbetrokkenheid by mense teenwoordig. Die mens het die wil om betrokke te raak, verloor. Verder word die mens in sy selfsug en verdorwenheid in sonde,[22] deur dié apatie tot verdere verval aangemoedig. Dit is dan ook geen verrassing dat skuldgevoelens 'n kenmerkende probleem van die tyd is nie.[23]

Die mens word deur sy gewete[24] gekonfronteer en laat hom skuldbelaai en hulpbehoewend. Só 'n bestaan gee aanleiding tot die sindroom van ons tyd - angs.[25] Die simptome hiervan is 'n planlose bestaan waarin die mens van dag tot dag lewe en homself in die massas wil verloor sonder om verantwoordelikhede te aanvaar. Hierdie algehele frustrasie bring 'n fanatisisme,[26] 'n selfbejammering en selfhaat[27] voort, wat in geweld en neuroses tot uiting kom.

Hierdie sielkundige profiel van die hedendaagse mens mag nie deur die prediking geïgnoreer word nie. Dit is menswees vandag!

In opsomming word daar tot die volgende konklusies geraak: indien die prediking die mens as geestelike wese erken sal daar apart van die meer fisiese klem ook aandag aan die filosofie, sin en betekenis van menswees gegee moet word. Die bekende feit dat die mens in sy bepaalde ontwikkelingsfases bepaalde behoeftes, vermoëns en beperkings het, word tans duidelik deur die prediking geïgnoreer.

Mense word as gevolg van dié nalatigheid deur die Kerk verloor. Die enigste oplossing is die konklusie wat uit die bespreking voortvloei, naamlik dat die prediking ook by die heersende denkpatrone en gesindhede moet aansluit. Bybelse antwoorde en oplossings moet vir die mens in sy lewensbestaan aangebied word.

## 3 WAT IS DIE MENS VANUIT 'N MAATSKAPLIKE PERSPEKTIEF VIR DIE PREDIKER?

Nadat insigte die mens vanuit die Bybelse- en sielkindige oogpunte op 'n vars manier vir die prediking toegepas is, moet die mens ook in sy maatskaplike omstandighede beskryf word. Verskeie maatskaplike aangeleenthede beïnvloed die mens in sy leefwyse en verstaan van sy omstandighede. Die Behavioristiese skool[28] in sielkundige denke bevind dan ook dat die motivering tot gedrag van buite die mens uit sy omgewing kom.

Die wêreld waarin die mens leef moet deur die prediker begryp word om die mens tot meelewing te lei. Die volgende ervaring van die wêreld waarin hy leef is dominerend kenmerkend van die huidige eeu.

## 3.1 DIE MENS LEEF IN 'N GEÏNDUSTRIALISEERDE SAMELEWING

Om die mens te verstaan soos wat hy sy maatskaplike werklikheid beleef, moet die aandag daarop gevestig word dat hierdie mens homself in 'n geïndustrialiseerde samelewing bevind.

Sekularisasie is 'n feit van die moderne lewe. Die feit dat godsdiens aanvanklik die middelpunt van die menslike bestaan ingeneem het, het plek gemaak vir die bevryde mens: selfdenkend, selfstandig en onafhanklik. Die Kerkgebou wat aanvanklik in die middel van die dorp, met sy prominente grootte die sentrale punt van die dorp se aktiwiteite was, word vandag simbolies verswelg deur die wolkekrabbers en besigheids-georiënteerde gemeenskap. Vir die groter meerderheid van mense is godsdienstige waardes, gesindhede en aksies eerder van marginale as sentrale belang.[29]

C A Peursen, aangehaal deur Harvey Cox[30], beskryf sekularisasie as die bevryding van die mens van tradisionele godsdienstige en mistiese beheer. Die mens het homself losgemaak van godsdiens en die kontrole daarvan op sy lewe en denke afgeskud. Die probleem wat hieruit na vore tree, is dat die mens homself nou onder die beheer van 'n ander "god" en "godsdiens" bevind: die industrie het nou sy "god" geword wat hom tot diens dwing.

> "Feit is dat hierdie magsmiddele - wetenskap, tegniek en organisasie - met hul relatiewe selfstandigheid, hul aan ons ervaring opdring as absoluut. Dit lyk asof hul outonoom opereer, hoewel hul niks beteken sonder die mens. (Wat vermag die rekenaar sonder menslike programmering?) Maar verder blyk dit dat baie ingenieurs, wetenskaplikes en bedryfsleiers die selfstandigheid wat hul aan hulself toeskryf projekteer in hul magsmiddel. So onstaan 'n bo-persoonlike mag waarvan sy wet as onaantasbare maatstaf aangedui staan. Met hierdie verabsolutering word die wetenskap, tegniek en organisasie verhef tot sommige van die belangrikste afgode in ons eeu."[31]

Die industrie of werkgewer is nou die "god" wat die bestaan van

die mens dikteer. Dit voorsien in die mens se behoefte na lewensmiddele en eis van hom om 'n bepaalde hoeveelheid tyd aan die werkgewer af te staan - gewoonlik die beste tyd van 'n persoon se daglewe. Die werkgewer bepaal ook die sosiale stand van die werker deur ontspanningsfasiliteite en ander sosiale middele soos behuising, vryetyd ensovoorts te voorsien en te beheer. Selfs vir sy gesondheid is die persoon van die werkgewer deur mediese hulpskemas afhanklik. Hy vind dit moeilik om sy afhanklikheid van God te belewe aangesien die werkgewer daardie funksie vervul.

In die prediking moet daar in besonder van hierdie mens kennis geneem word. Daar word bereken dat 90% Blankes, 80% Kleurlinge en 50% Swartes by die jaar 2000 in Suid-Afrikaanse stede sal woon.[32] Alhoewel die Kerk aan die probleme aandag gegee het,[33] is daar nog geen bevredigende antwoord nie op die vraag: Hoe bedien die Kerk die industriële mens effektief? Daarom sal die prediking in besonder die mens in sy wêreld moet aanspreek en in die dialoog met God lei.

Voortvloeiend uit die voorafgaande, moet die prediking ook die mens as werksmens binne sy bepaalde werksituasie ken. Enkele belangrike sake moet in dié verband deur die prediking in ag geneem word:

3.1.1. Algemene ekonomiese stand:

Dit is van kardinale belang dat daar in prediking 'n duidelike begrip vir die mens in nood sal wees. Wanneer die algemene ekonomiese stand in die land van so 'n aard is dat persone bedreigd voel, sal daar in die prediking ook met betrekking tot dié saak meelewing, troos en onderrigting moet wees. Sulke tye word deur 'n toename in misdaad, selfmoorde en egskeidings gekenmerk. Hierdie mens verkeer in nood en moet in die predikingsgebeure opgeneem word.

Dit is egter nie net in algemene sin dat die industriële samelewing die mens onder druk plaas nie, maar in sy menssituasie beleef die mens 'n bepaalde stresbedreiging.

3.1.2 Die individu en die stresbedreiging van die werksituasie:

Die prediker wat die geïndustraliseerde mens in sy werksituasie wil verstaan, moet oplet dat daar 'n bepaalde stresbedreiging, gekoppel aan breë ouderdomsfases, die mens op sy werksroete voorlê.[34]

Die onderstaande omskrywing moet telkens met die oog op die verstaan van die mens vir prediking interpreteer word:-

(a) Die jong werker: (20 tot 40 jaar) - Hierdie groep deurloop in negatiewe sin 'n paar stadia, wat as volg beskryf kan word. Die aanvanklike stadium is een van entoesiasme waarin hoë ideale en onrealistiese verwagtinge die lewe kenmerk. Die persoon se lewe is werkgeoriënteer en die motief om homself te "bewys" stu die persoon voort.

Die menslike strewe na homeostase inisieer die volgende stadium van stagnasie. Hiertydens word vrae gevra oor die nut van alles. Indien die persoon nie aanpas nie volg die frustasiestadium waarin die persoon met 'n lae selfbeeld, magteloos en moedeloos na die volgende stadium oorbeweeg.

Tydens die apatie-stadium maak die persoon homself van alle verantwoordelikheid los.

In prediking kan dié mens in sy negatiewe spiraal gestuit word. Sy menswaardigheid, hoop vir die toekoms en verantwoordelikheid in sy werksituasie is die basiese elemente wat deur prediking aan hom oorgedra kan word.

Die volgende breë fase wat 'n werker betree bring ook 'n volgende stresbedreiging in sig:

(b) Die middeljarige werk: (40 tot 55 jaar):- Die middeljarige werker wat nie van die voorafgaande fase se negatiewe spiraal posifief kan verwerk nie, sal 'n volgende bedreiging in die gesig staar. Hy sal allerhande vrae oor sy werk en persoonlike lewe begin vra. Daar ontstaan 'n "nou-of-nooit" benadering omdat hy besef dat hy op 'n

keerpunt in sy lewe gekom het. Die gebruik van alkohol neem toe, terwyl mans hulle vroue verlaat en sy fantasië in sy werk uitleef.

Hierdie mens vra begrip en simpatie van mense om hom heen en die gemeente kan so 'n persoon opneem om lewensgemeenskap aan te moedig. In hierdie proses van pastorale sorg speel die prediking 'n belangrike terapeutiese rol vir beide die gemeente en die werker.

(c) Die senior werker: (55 tot 65 jaar) - Volgens Professor Heuer het hierdie werker op verskeie gebiede besondere begrip nodig. Wat sy liggaamlike gesondheid betref het die persoon 'n kritieke stadium bereik: sy reaksietyd het in verhouding tot spierkrag en uithouvermoë afgeneem. Sy persoonlike ambisie moet ten alle koste bereik word terwyl angs vir hom 'n ernstige bedreiging is.

Die prediking moet die werksmens in sy nood en behoefte, in sy besondere stresbedreiging tot deelname in die preekgebeure lei, vrae antwoord en sekuriteit aanbied. Die werksituasie van die mens vra in besonder dat prediking nie net op die ou weë voortgaan nie. Dit moet die mens se vrae en spanning ken en 'n Bybelse antwoord bied. Zielhuis stel as inleiding tot sy boek die volgende vrae:-

> "Als ik Zondag in de kerk zit, voel ik dan dat het om mij gaat? Overkomt het me wel zo midden onder mijn werk dat er ineens een woord mij te binnen schiet van de preek van zondag en dat ik dan weer vooruit kan midden in de afdeling waarin ik werk?"[35]

Die probleem van hierdie vrae moet aan die deur van prediking gelê word. Voel die persoon tydens die erediens of dit WEL om hom gaan? Miller[36] stel dit dat die mens van "homo faber" na "homa technicus", van ontwerper wat van begin tot einde die werk aanpak en voltooi, na slegs 'n rat in die masjienerie van die groot fabriek, degradeer is. Prediking kan en moet sin en betekenis aan dié mens se lewe bied.

## 3.2 'N ONSEKER, ONSTABIELE WêRELD IS DIE OMGEWING WAARBINNE DIE MODERNE MENS HOMSELF BEVIND

As die Kerk na redes soek waarom die moderne mens homself van die gemeenskapslewe onttrek en losmaak sal die onseker en onstabiele wêreld waarin hy homself bevind, deel van die antwoord wees. Hierdie verstaan van die mens is dringend noodsaaklik vir die prediking ten einde hom effektief te bedien. Die onderstaande beskrywing van die mens in dië situasie lei die prediker tot begrip:

As gevolg van die ontkenning van die individu in die samelewing deurdat hy in die massas verdwyn, gee dit aanleiding tot eensaamheid, verveeldheid en vervreemding wat duidelik die teelaarde van geweld is.[37] In die lig hiervan en ten spyte van die hoë peil van tegnologiese ontwikkeling in kommunikasie, ondervind mense 'n ineenstorting van persoonlike kommunikasie. Daar is weinig of geen gemeenskapsbetrokkenheid nie terwyl die mees basiese bousteen van 'n gemeenskap, die huwelik, steeds verbrokkel.[38]

Dít is die mens wat in die prediking ontmoet word, wat weer geleer moet word dat hy as individu en persoon in eie reg deur God as waardevol en van unieke betekenis geag word.[39] Sin en betekenis sal op die wyse deur die prediking oorgedra word.

## 3.3 DIE MENS BELEEF SY EIE BEPAALDE KULTUUR AS DOMINEREND IN SY BESTAAN

Die mens wat in die erediens vergader, staan nie los van sy besondere kulturele en/of sub-kulturele agtergrond nie. Dit is hieruit duidelik dat die begrip "genade" verskillend aangebied moet word. Vir 'n groep fabrieksblankes, van wie primêr produksie vereis word en waar 'n persoon "niks-vir-niks en 'n bietjie vir 'n tiekie" kry, sal die aanbieding anders wees as vir 'n groep Basoeto's vir wie onderlinge verhoudings goddelike reaksie in werking stel[40] en waar die armste persoon genade moet ontvang. 'n Preek sal verskillend vir 'n groep teologiese studente as vir 'n groep alkoholiste in 'n SANRA-kliniek aangebied word.

Kultuur moet dus deur die prediking in ag geneem word om die mens in sy bepaalde agtergrond te verstaan en sy verstaansvermoë tot deelname in te span. Die apostel Paulus[41] het hierdie beginsel in sy prediking gehandhaaf.

Elke menslike samelewing, hoe klein of groot ookal het 'n unieke en kenmerkende wyse van optrede wat onderskeibaar van ander groepe is.[42] Daar is egter ook die moderne tendense wat Miller[43] die "mass culture", noem. Hierdeur beïnvloed verskillende kulture mekaar, nie tot deelname nie, maar slegs as toeskouers. Die mens word gedwing om dit wat betekenis gee slegs as 'n toeskouer en nie as 'n deelnemer nie te ervaar. Prediking sal die mens moet heroriënteer tot deelname sodat ware sin sy lewe sal rig.

Die mens se kulturele agtergrond maak hom iemand wat ook met sy land identifiseer. Reinhold Niebuhr gee die volgende interpretasie van die verskynsel:

> "Unquestionable there is an alloy of protected selfinterest in patriotic altruism. The man in the street, with his lust for power and prestige thwarted by his own limitations and the necessities of social life, projects his ego upon his nation and indulges his anarchic lusts vicariously"[44]

Hierdie mens is die persoon wat in die erediens deur die prediking in 'n lewendige dialoog met die lewende God betrek moet word. Alleen as die prediking erns maak met die mens in sy kulturele en sub-kulturele agtergrond kan dit in die gestelde doel slaag. Ook die maatskaplike profiel van die hedendaagse mens wat deur die prediking bedien word kan nie deur die prediker ignoreer word nie. Dit is menswees vandag!

Opsommend kan die konklusies as volg saamgevat word: Die geïndustraliseerde en gesekulariseerde gemeenskap stel die mens as selfstandige en onafhanklike wese voor terwyl hy onder 'n ander "god", die industrie, se beheer staan. Die werksituasie dra by tot 'n algemene stresbedreiging wat vererger word deur die onsekere en onstabiele wêreld waarin die individu homself

bevind. Geweld motiveer steeds die negatiewe spiraal van eensaamheid, vervreemding en de-stabiliteit. Terwyl kultuur en patriotisme betekenis en sin-gewend is, word die mens in die moderne wêreld deur 'n universalisme tot onbetrokkenheid gemotiveer. Die prediking moet nie bewys lewer dat God in die eerste eeu teenwoordig was nie, MAAR DAT HY IN DIE HUIDIGE EEU TEENWOORDIG IS![45]

## 4. SAMEVATTEND.

Prediking sal uit insigte uit beide die Sielkundige en Maatskaplike perspektiewe verkry 'n bevredigende simbolestruktuur wat die mistieke inhoud van Godsdiens daarstel, aan die mens moet bied. Dit sal as vooropgestelde doelstelling die gemeenskap en individu tot die intieme belewenis van menswees moet lei. Dit sal die mens bring op die plek om die kragtige psigiese energie in homself te benut. Prediking moet beide die rasionele en onderbewuste vlakke van die mens; beide die krag van bestaan en sinvolle betekenis benut om die mens tot volwaardige mensheid te lei. Dit sal verlede en hede, mite en werklikheid, simbool en bestaan met mekaar in verband bring.[46]

In die inleiding tot hierdie studie is die aktualiteitsprobleem waarmee die kerk worstel genoem. Die antwoord tot die oplossing van dié probleem lê daarin dat die mens in sy totale bestaan verstaan word.

In hierdie eerste deel het ons die vraag: Wat is die mens vir die prediker? beantwoord. In die lig van begrip wat verkry is moet die liturgiese gebeure en hoe dit die mens raak, ondersoek word.

--ooOoo--

## DEEL II

## PREDIKING - LITURGIESE GEBEURE EN HOE DIT DIE MENS RAAK

In dië stadium van hierdie studie is dit duidelik dat prediking tot ondergang gedoem is as dit nie erns met die mens as 'n deelnemende vennoot in die dialoog met God maak nie. Die mens in sy eksistensialistiese werklikheid sal alleen by die prediking baat vind as sy vrae en lewenservaring verstaan en ontmoet word.

In die lig van hierdie besef sal die liturgiese gebeure as 'n raamwerk waarbinne die prediking plaasvind, omskryf word deur 'n definisie vir aanbidding te vind om die prediking te kontekstualiseer. Wanneer die prediking binne die liturgie begryp is, sal die moontlikheid van 'n sielkunde van aanbidding ondersoek word. So kan die liturgiese gebeure en veral die prediking die moderne mens help en tot 'n sinvolle lewe begelei. Vanuit insigte op dië wyse verkry moet die moontlikheid na basiese teologiese beginsels wat aanbidding en prediking reël en beheer ondersoek word.

oooOooo

## HOOFSTUK 4

## DEFINIëRING VAN AANBIDDING OM PREDIKING TE KONTEKSTUALISEER

### 1 INLEIDING

Om 'n oplossing vir die aktualiteitsprobleem in die Kerk se liturgiese beoefening te vind, moet die mens in sy eksistensialistiese werklikheid geken word. Deel I van hierdie werkstuk het die moderne mens beskryf sodat die prediker hom eksistensialisties kan leer ken en verstaan.

Die aktualiteitsprobleem moet egter ook uit die liturgiese gebruike van die Kerk verstaan word sodat aanpassings, waar nodig, gemaak kan word. Die prediker moet aanbidding en die rol van prediking daarin begryp. Daarom stel hierdie hoofstuk die eis dat aanbidding gedefinieer moet word om die konteks van prediking te omskryf.

Die begrip Liturgie word afgelei van die Nuwe Testamentiese Griekse woord - leitourgia[1] wat oorspronklik in 'n politiek-staatsregtelike begrip "volkdiens" aangedui het. Dit toon dus kultiese diens aan.

Dit is opmerklik dat die Septuaginta die tabernakeldiens en afgodediens met dié begrip omskryf.[2] Ook in die Nuwe Testament word die Tabernakeldiens[3] en die priester se diens in die tempel[4] met dié woord aangedui. Dit kry ook 'n eskatologiese gerigtheid as dit na die ewigdurende priesterlike diens van Christus in die hemelse tempel wys.[5] Dit is eers later dat dit die betekenis van die erediensgebeure verkry. In die Didaché en Clemensbrief[6] word liturgie in die tipies kerklike sin gebruik, naamlik om die leiding en diens van voorgangers aan te dui.

Om egter hierdie liturgiese gebeure wat algemeen as "aanbidding" bekend staan te definieer is uiters moeilik. Die Bybel gee ook geen sistematiese verduideliking vir die liturgiese gebeure nie. Uit die aard van die Christelike aanbidding kan aanbidding ervaar word[7], maar is definisies altyd onvoldoende.

Dit is opmerklik dat verskeie benaderings tot die studie van liturgie moontlik is.[8] Ondersoeke toon dat die liturgie vanuit die historiese

vakke as voorloper van teologie aangedui staan. Studie is ook vanuit die Etiese en Antropologiese oogpunte aangepak. Die konklusie wat Crichtan formuleer,[9] is dat aanbidding waardevol en 'n selfstandige plek in die menslike lewe moet hê en nie aan vrees, bygeloof of magiese invloede toegeskryf kan word nie.

In 'n poging om tot 'n definiërende beskrywing van aanbidding te kom sal hierdie hoofstuk die kerklike benadering tot, en die konstante elemente in aanbidding omskryf om dan 'n definisie te formuleer. Hierin sal die kontekstualisering van prediking uitgewys word.

## 2 EVALUASIE VAN KERKLIKE EN TEOLOGIESE BENADERINGS TOT AANBIDDING

'n Evaluasie van kerklike en teologiese benaderings tot aanbidding is nodig om uiteindelik tot 'n definisie van aanbidding te kom.

A C Barnard[10] identifiseer vyf basiese benaderings in die byna 20 eeue van kerklike tradisie. "Tradisie" moet gesien word in die breedste sin van die woord, naamlik die ekumeniese en ware verstaan van die Kerk in verband met aanbidding.[11]

Die onderstaande bespreking toon hoedat die Kerk oor vele jare aanbidding toegepas en beoefen het:-

### 2.1 AANBIDDING AS 'N DRAMA GESIEN

Die eerste benadering wat bespreek word, is die siening van die erediens as 'n drama. Die heilsgebeure word dramaties voorgestel. In die Oosters-Ortodokse Kerke word die verlossingsgeskiedenis as 'n drama deur die voorgangers tydens die erediens uitgebeeld. Die persoon wat die erediens bywoon is naas die voorgangers slegs 'n toeskouer van wie verwag word om die gebeure met piëteit waar te neem.

Aanbidding vanuit dié benadering gesien, laat die mens met geen eise op sy lewe nie behalwe om die erediens by te woon. Dit bied geen interpretasie van huidige vrae waarmee die individu worstel nie. Die prediking word dus 'n drama teks wat min begrip (verstaan) van die mens vereis.

## 2.2 AANBIDDING AS 'N WET

Hieronder word die siening omskryf waarin aanbidding op grond van wetmatige gebeure gegrond is.

Vanuit die Rooms Katolieke siening word besondere klem gelê op die wetmatigheid, naamlik dat bepaalde handelinge en woorde van die priester die teenwoordigheid van Christus bewerk. Hierin word die offer van Christus bloedloos herhaal wat as 'n offer van die mens aan die Here aangebied word. Die prediking geskied in die lig van dié wetmatigheid. Dit word vanuit die agtergrond dat Christus deur transubstansie in die gemeente se midde is, as onderrig en evangelie aangebied.

Aanbidding vanuit dié benadering laat prediking met min of geen gesag of inslag by die gemeente nie. Die mens is prakties onbetrokke en tot 'n groot mate toeskouer. Die groot klem op wettiese instelling deur die priester plaas dikwels prediking in 'n minderwaardige rol. Die mistieke ondertoon in dié benadering is egter van besondere waarde vir die mens se behoefte aan die "Andere", aan God. Die uiteindelike definiëring van aanbidding moet dit in ag neem.

## 2.3 AANBIDDING AS BELEWING

Belewenis as hoofklem in die aanbidding is 'n verdere Kerklike benadering tot die erediens. Hierdie benadering kom veral by Pentekostalistiese, Piëtistiese en Herlewingsgroepe voor. Dit gaan by dié siening daarom dat emosionele en gevoelvolle belewing van primêre belang in die erediens moet wees. Die geestelike klimaat moet deur alle handelinge en gebeure, ook deur die prediking tot "warmte" en "lewe", ten alle koste, daargestel word.

Terwyl alle predikers kennis moet neem dat die mens in die erediens moet meemaak en belewe, moet die erediens nie as 'n vermaaklikheidsbyeenkoms gesien word nie. Dit mag nooit slegs om die mens en sy belewenis in aanbidding gaan nie.

## 2.4 AANBIDDING AS RASIONELE DENKE

Rasionele denke is die volgende benadering tot aanbidding waarvan kennis geneem moet word.

Verskillende sekularistiese- en aktivistiese groepe volg die benadering waarin die menslike rede tot normatief verhef word. Prediking en Bybelse uitsprake mag, by geleentheid, rigting aandui. Van primêre belang vir hulle is egter die menslike rede. Die benadering sal uiteraard hedonisties ingestel wees, en daarom God se aansprake en leiding ignoreer.

## 2.5 AANBIDDING AS GESPREK

Aanbidding gesien as 'n gesprek, 'n dialoog, is die laaste benadering wat omskryf word.

Hierdie benadering sien aanbidding as 'n gesprek waarin God spreek en die mens antwoord en die mens tot God spreek en Hy antwoord. In hierdie gesprek kom God tot sy volk in 'n daadwerklike ontmoeting en so word elke individu by aanbidding ingeskakel.

Dit behoort duidelik te wees dat prediking in die benadering van primêre belang sal wees. Deur prediking sal God "aan die woord kom."[12]

Uit die bostaande benaderings word die kerklike begrip van aanbidding uitgewys. Alhoewel daar vanuit elkeen van die benaderings waardevolle elemente vir die verstaan van Christelike aanbidding na vore tree, kom prediking in die gespreksbenadering tot sy reg. Dit moet egter opgelet word dat elke benadering as gevolg van 'n besondere teologiese siening sy bepaalde rigting inslaan.[13] Om dié rede moet teoloë se benadering en verduidelikings ook geëvalueer word.

Paul Hoon[14] bespreek verskillende kategorieë wat trag om aanbidding te verstaan. Sy kritiek teen die Engelse en Amerikaanse neiging om aanbidding vanuit die etimologiese betekenis van "worship" te omskryf, toon duidelik dat dié

benadering afgewys moet word. Hy gee toe dat die skepsel in die lig van God se genade en handelinge met die mens, aan God eer en lof wil en moet bring. Dit degradeer egter Christelike aanbidding tot wat die mens as waarde ag, wat nie uitsluitlik "Christelik" is nie maar ook heidens kan wees. Dit plaas die inisiatief by die mens terwyl die Bybel God as senior vennoot in aanbidding uitwys.

Dit volg logies dat ander kategorieë die verstaan van aanbidding moet motiveer. J J von Allmen[15] sien aanbidding vanuit die Christologiese oogpunt. Hy toon dat die Here Jesus Christus se lewe primêr liturgies of priesterlik van aard was. In aanbidding moet dit gaan om die viering en belewing van die heilsgeskiedenis. Die kern van Christelike aanbidding is dus God se handeling om sy lewe vir die mens gee en die mens in hierdie lewe (God se lewe) te laat deel.

Hieruit voortvloeiend gee die ekklesiologiese kategorie[17] insigte tot Christelike aanbidding wat ingrypend die wese van kerkwees raak. Dit is dan ook in die transaksie tussen God en mens in Christelike aanbidding wat die Kerk gekonstitueer, tot bestaan geroep en haar wese ge-openbaar word.[18] Dit is deur aanbidding wat die Kerk haarself realiseer.[19]

Vanuit hierdie Kerklike benaderings en Teologiese kategorieë met betrekking tot aanbidding kan bepaalde konstante elemente geïdentifiseer word om prediking te kontekstualiseer.

## 3 KONSTANTE ELEMENTE IN CHRISTELIKE AANBIDDING

Alhoewel 'n groot aantal faktore Christelike aanbidding beïnvloed en verskillende variasies moontlik maak, is daar bepaalde konstante. Na hierdie konstante verwys Dix as "The Shape of Liturgy",[20] dit is, standaard struktuur wat behoue gebly het. Hierdie struktuur het behoue gebly nieteenstaande die invloed van praktiese omstandighede, ras, temperamentele verskille, verskillende Kerkgenootskappe, gelowe en volkere. Die onderstaande bespreking sluit van die belangrikste konstante elemente in:-

3.1 BYEENKOMS:

Die eerste konstante element wat van die begin af behoue gebly het, is die samekomsgedagte. Om te aanbid moet daar 'n byeenkoms van gelowiges plaasvind.

Die Nuwe Testament het die Ou Testamentiese begrip van "kehal JHWH", die vergadering van die Here, oorgeneem met die "ekklesia ton Theon"[21]-omskrywing. Daarom sê J-J von Allmen[22] dat "Ekklesia" duidelike liturgiese ondertone daarstel. Soos reeds genoem,[23] bied die leer oor die Kerk 'n kategorie waarin aanbidding in wese verstaan kan word.

Aanbidding veronderstel dan byeenkoms,[24] 'n samekoms en korporele aksie.[25] Dit is hierdie saamwees wat as konstante in Christelike aanbidding voortbestaan en die ruimte vir prediking daarstel.

3.2 VIERING:

'n Verdere element wat as konstante van kennis geneem moet word, is die gedagte van die viering van die teenwoordigheid van die Here tydens die erediens.

Dit is veral J-J von Allmen wat Christelike aanbidding sien as die viering van die heil van God in die Here Jesus Christus. Die begrip wat hy gebruik is "recapitulation"[26] waaraan hy die betekenis van "bevestig" of "herhaal" koppel. Dit is in en deur aanbidding dat die gemeente die teenwoordigheid van die Here Jesus vier.[27] In aanbidding, sê Robert Bailey,[28] bevestig die aanbidder wat God gedoen het, nou doen en nog sal doen.

Ook hierdie element bied aan prediking 'n konteks en wel om die heilsgebeure vir die aanbidder relevant aan te bied en toe te pas.

3.3 ONTMOETING:

Ook die ontmoetingsgedagte het as konstante element in aanbidding behoue gebly. In Christelike aanbidding vind 'n ontmoeting plaas waarin God en sy volk bymekaar kom. Dit is 'n moment in die bepaalde aksie van aanbidding.[29] Aanbidding is

aksie,[30] 'n deelname aan die gesprek, die dialoog[31] tussen God en mens.

In die Christelike erediens is daar bepaalde "ontmoetingsgebeure," soos die doop, prediking, nagmaal en so meer. Die begrip ontmoetingsgebeure is verkieslik bo die populêre "sakrament",[32] wat omskrywend is van 'n handeling van bo, van God se kant. Karel Blei[33] toon aan dat die mens bepaald in die doop handel en daarom beskryf hy die doop as 'n "ontmoetingsgebeure".[34]

Dit geld ook vir ander "sakramente" waardeur God sy heil meedeel en die mens 'n "belydenisakte", om van der Walt[35] se term te gebruik, aangaan.

Dit is in hierdie liturgiese gebeure wat God sy volk ontmoet en die gesprek wat die mens tot volheid van lewe bring, werklikheid word.

In dié element wat as konstante in aanbidding bly voortbestaan is prediking die besondere moment waardeur God as Senior Vennoot aan die woord kom.[36]

Daar kan sekerlik nog konstante elemente geïdentifiseer word maar die bogenoemde bied genoegsame gegewens om prediking binne die raamwerk van aanbidding te plaas. Hierdie konstante struktuur, om Dix se term vir my eie doeleindes te gebruik, stel die prediker instaat om die plek en prominensie van prediking te begryp.

4 <u>OPSOMMEND</u>:

In konklusie kan daar nou 'n definisie van aanbidding geformuleer word om prediking te kontekstualiseer:

Aanbidding is die samekoms van gelowiges, die ekklesia (Gemeente), met die spesifieke doel om die heilsgebeure in die Here Jesus Christus in die ontmoeting tussen God en mens in 'n lewende gesprek (dialoog) in die erediens te vier.

In hierdie liturgiese gebeure aktualiseer die prediking die Skrifgedeelte,[37] om die waarheid van die Here Jesus Christus in die huidige idioom en vir die huidige aanbidder [38] te interpreteer. Dit is dan in Christelike aanbidding soos hier beskryf, dat die mens (soos in die vorige deel bespreek) tot meelewing en 'n sinvolle lewensbestaan gelei kan word. Hierdeur word die mens in die gemeenskap van die gelowiges opgeneem[39] om vir hom identiteit te gee.

Die vraag wat nou ontstaan is of daar van 'n sielkunde van aanbidding gepraat kan word. Die volgende hoofstuk ondersoek hierdie moontlikheid.

oooOooo

# HOOFSTUK 5

## DIE MOONTLIKHEID VAN 'N SIELKUNDE VAN AANBIDDING IN DIE LIG VAN DIE PREDIKING

### 1 INLEIDING.

In die voorafgaande hoofstuk is die feit vasgelê dat prediking deel van die liturgiese gebeure is. Die gemeente kom saam om in gemeenskap met God en mekaar, die heil in die Here Jesus Christus te vier. Die erediens bring die mens (soos in Deel I beskryf) in aanraking met die helende en terapeutiese krag van God.

Die prediking moet dus die mens in sy eksistensiële werklikheid lei. Dit moet "life-situation preaching"[1] wees. Prediking is in sigself "geen slaapmiddel nie, maar geneesmiddel".[2]

Dit kan kategories gestel word dat die erediensmomente vir die mens essensieel is. Aanbidding is vir die mens en nie vir God[3] nie, van nut. In prediking is God besig om in sy groot liefde en genade na die mens uit te reik.

Selfs net 'n oppervlakkige ondersoek na die beskikbare literatuur[4] toon dat skrywers reeds lank sielkundige besinning oor Godsdiens en Godsdienstige gebeure doen. Vanuit hierdie literatuur word die taak van dié hoofstuk aangepak, naamlik om aan te toon dat daar wel 'n moontlikheid vir 'n sielkunde van aanbidding bestaan.

Aanbidding het sielkundige waarde[5] en moet in die prediking tot sy reg kom, om die mens tot die dialoog met God aan te moedig. Op dié wyse sal 'n antwoord gevind word vir die aktualiteitsprobleem in die Kerk se liturgiese beoefening.

Om die bogenoemde taak ten uitvoer te bring sal die raakpunte in beide sielkunde en aanbidding geidentifiseer word om die implikasies daarvan vir die prediking uit te werk. Hierdeur sal aangetoon word hoedat aanbidding en dan in besonder die prediking in die mens se eietydse behoeftes kan voorsien deur die persoon in sy totale menswees te bedien.

## 2 RAAKPUNTE IN BEIDE DIE SIELKUNDIGE- EN LITURGIESE BESINNING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE PREDIKER

Met behulp van die onderstaande bespreking oor raakpunte in beide sielkunde en aanbidding word getrag om die weg tot 'n sielkunde van aanbidding te baan.

'n Wye verskeidenheid skrywers trag om 'n sielkunde vir Godsdiens daar te stel, maar veral Paul W. Pruyser[6] en Paul W. Hoon[7] maak van kategorieë uit 'n normatiewe en kliniese benadering gebruik.

Met insigte wat uit hulle werk na vore tree, word die onderstaande raakpunte in die sielkunde en aanbidding bespreek.

### 2.1 BEIDE SIELKUNDE EN AANBIDDING HET MET DIE PERSEPTUELE PROSESSE VAN DIE MENS TE DOEN

In die sielkundige ondersoek na die perseptuele prosesse van die mens asook die aandrang van aanbidding op dié prosesse word 'n raakpunt geïdentifiseer, waardeur sielkundige insigte aanbidding kan help om betekenisvol te wees.

Terwyl die sielkunde die perseptuele prosesse van die mens ondersoek om die rol daarvan in waarneming en gedragsmotivering[8] te bepaal, maak die Liturgie aanspraak op die perseptuele prosesse om die mens tot deelname aan die gesprek met God te motiveer.

Pruyser[9] toon dat perseptuele prosesse soos visie, gehoor, smaak, reuk, pyn ensovoorts 'n prominente rol in godsdiens beoefening speel. Verskeie benaderings is moontlik tot die gebruik van perseptuele prosesse in aanbidding waarvan die volgende omskrywing oorsigtelik inligting deurgee:-

Fenomenologies word die perseptuele prosesse gesien as 'n ontdekking van die wêreld waardeur die mens die omgewing, sy wêreld maak. Nie almal wil egter so 'n positiewe benadering volg nie en is daar godsdienstige organisasies en groepe wat die wêreld as boos beskou en individue aanmoedig om die perseptuele proses te onderdruk.

UNIVERSITY OF DURBAN LIBRARY WESTVILLE

Verder is daar die benadering waarin dit wat boos is vermy moet word. Sien geen boosheid, hoor geen boosheid en praat geen boosheid, is die oproep van die benadering. Hierdeur word die perseptuele prosesse gesien as sou dit die mens met die bo-natuurlike in aanraking bring, hetsy goed of sleg. Aanspraak word hierdeur gemaak op 'n buitengewone perseptuele gewaarwording deur die normale prosesse te onderdruk. Deur moeilike fisiese oefening, lang tye sonder kos en/of slaap te bly, gekontroleerde asemhaling, dans en/of ritmiese handeklap en bewegings word getrag om in ekstatiese persepsie die "goddelike" te ervaar.

In Christelik godsdienstige kringe en in besonder in die Protestantse groepe speel praat en hoor, as die persepsie van klank 'n prominente rol. In hierdie werkstuk gaan dit juis om die prediking. Prediking as 'n moment in aanbidding is in besonder besig met die perseptuele prosesse in die mens. Die prediker moet egter nie die ander perseptuele prosesse in die daarstelling van 'n aanbiddingsorde ignoreer nie.

Die konklusie wat hieruit gemaak kan word, is dat beide die sielkunde en liturgie met die perseptuele prosesse van die mens te doen het en kan daar 'n sielkunde van aanbidding rondom die feit geformuleer word. Sielkundige beginsels wat aanbidding reël kan hieruit afgelei word.

Hierdie afleiding bring die volgende raakpunt onder aandag, naamlik

## 2.2 BEIDE SIELKUNDE EN AANBIDDING HET MET DIE KOGNITIEWE PROSESSE VAN DIE MENS TE DOEN

Dit is meteens duidelik dat dit wat die sielkunde ondersoek om gedragsmotivering te verstaan onder die kognitiewe prosesse van die mens, ook deur die liturgie en veral die prediking benut word. Die prediking erken dat die mens intelligent is, kan onthou, leer, taal bemeester, emosie ervaar, 'n bepaalde temperament ten toon stel, ensovoorts. Dit is juis aan hierdie kognitiewe prosesse te danke dat Allport die ontwikkeling van godsdiens by 'n individu verklaar.[10] Die mens se verstandelike vermoëns maak van die individu 'n kommunikeerbare eenheid.

'n Eenheid wat bepaalde behoeftes[11] ervaar, wat bepaalde begeertes koester en wat in aanbidding (godsdiens) vervulling kan vind.[12]

'n Verdere konklusie wat gemaak kan word, is dat beide die sielkunde en die liturgie met die mens se kognitiewe prosesse te doen het, en daarvan sielkundige beginsels kan aflei.

## 2.3 BEIDE DIE SIELKUNDE EN AANBIDDING MAAK ERNS VAN DIE ONBEWUSTE VAN DIE MENS

Om 'n sielkunde vir aanbidding daar te stel is dit belangrik om op te let dat dit nie bloot om 'n studie van liggaams- en sielkundige prosesse gaan nie. Dit gaan ook daarom dat beide sielkunde en aanbidding wesenlik met die onbewuste van die mens te doen het.

Dit is reeds opgemerk[13] dat die onbewuste 'n belangrike rol by die mens se selfbewussyn speel. Terwyl die sielkunde in besonder dié saak ondersoek en omskryf word daar in aanbidding sterk aan spraak deur die "taal van aanbidding"[14] op die onbewuste se energie (libido)[15] gemaak.

'n Voorbeeld wat in die verband genoem kan word is, dat die sielkunde aanspraak maak op die begrip "offer" om 'n meer betekenisvolle self[16] daar te stel. Dieselfde begrip word deur aanbidding gebruik om die mens tot volheid te lei. Oënskynlik kan die energie om die volheid van lewe te gee nie deur die bewuste geproduseer word nie, maar wanneer dit deur die korrekte "agent"[17] in beweging gebring word kan dit lei tot 'n totaal "nuwe skepping".[18]

'n Waarskuwing is hier vanpas wat deur Hoon gemaak word[19] dat indien aanbidding nie ware offer by die mens laat plaasvind nie dié mens onder 'n valse indruk gebring word. So 'n persoon handel nie met homself nie, lewe in 'n illusie en kan selfs aan sulke valse aanbidding verslaaf raak.

Prediking moet as deel van die taal van aanbidding die mens lei om tot ware aanbidding te kom. Dit moet voortdurend onthou dat dit ook met die onbewuste van die mens te doen het.

Omdat beide sielkunde en aanbidding met die onbewuste te doen het is dit duidelik dat die sielkunde die prediker kan bystaan in die daarstelling van 'n program wat ware aanbidding moontlik sal maak.

Die volgende raakpunt wat bespreek word, staan in verband met die ontologiese karakter van sielkunde en liturgie.

## 2.4 BEIDE DIE SIELKUNDE EN AANBIDDING HET 'N ONTOLOGIESE KARAKTER

Die syn, ontologiese gedagte is baie prominent by beide die sielkunde en aanbidding. Dit gaan om die mens in sy huidige, teenswoordige ondervinding van Goddelik/menslike- en die ewig/tydelike dimensies.[20]

In aanbidding word tyd getransendeer deurdat verlede, hede en toekoms gelyktydig ondervind word. Dit is hier waar menswees met die ewige Woord van God gekonfronteer word. In aanbidding kan die mens se syn in verhouding met God tot die hoogste werklikheid gevoer word. In sy teenwoordigheid kan die mens tot ware menswees gebring word.

Weereens word dié raakpunt 'n motiveringsfaktor om die sielkunde 'n kans te gee om die aanbidding tot sinvolheid te rig. Want hieruit kan sekere beginsels nou afgelei word, wat aanbidding en prediking tot effektiwiteit kan lei.

## 2.5 BEGINSELS WAT UIT DIE RAAKPUNTE AFGELEI WORD OM AANBIDDING EN PREDIKING TOT EFFEKTIWITEIT TE LEI

Om hierdie beginsels na waarde te skat moet Paul Hoon[21] gelyk gegee word dat alleen Christelike taal, Christelike aanbidding kan voortbring. Die prediker moet toelaat dat die onderstaande beginsels die aanbidding en dan ook in besonder die prediking tot effektiewe doelgerigtheid rig:-

### 2.5.1 Prediking moet op argetipe begrippe aanspraak maak

Die eerste beginsel wat uit die voorafgaande bespreking afgelei word, is dat die prediking die mens se perseptuele prosesse gebruik om die argetipes aan te raak en die mens tot aanbidding te lei. In aanbidding word die mens se mees

primitiewe instinkte van eet en drink met simbole wat duidelike "Christelike" argetipe waardes het, soos brood, beker, wyn, en die kruis ingespan. Die perseptuele prosesse van die mens word dus aangewend om te aanbid.

Verder moet opgelet word dat die Woord nie losgemaak kan word nie van sy kenmerkende mitiese en primitiewe krag wat in begrippe soos skepping, verbond, dienskneg, duiwel, kruisiging, opstanding, hemelvaart, wederkoms, water ensovoorts, argetipe inhoud ten toon stel.[22]

Hierdie aanspraak op argetipe begrippe moet egter deur prediking in die toepaslike aksente van elke nuwe geslag as tipies Christelik aangebied word. Op hierdie wyse sal dië beginsel prediking tot effektiewe kommunikasie bring. Dit lei tot 'n volgende beginsel wat te doen het met die kognitiewe prosesse in die mens.

### 2.5.2 Beide sekulêre en bonatuurlike (Bybels-godsdienstige) taal moet in prediking gebruik word

Die vraag wat hier ter sprake kom, is dieselfde vraag wat Karl Barth[23] beantwoord en dit is: Hoe kan die Woord van God wat in 'n totaal ander wêreld geskryf en beleef is vir die mens van sy tyd betekenis kry? Dit gaan daarom dat die kognitiewe prosesse van die mens hierdeur aangespreek word. Die prediking sal beide algemene spreektaal ën "heilige" taal gebruik, sekulêr ën godsdienstig, dit is kontemporêre en Bybelse begrippe wat ingespan word.

Deur in prediking dië beginsel te handhaaf sal die mens die Woord op sö 'n wyse "hoor" dat dit die persoon effektief sal bedien. Die ontologiese feit van aanbidding sal hierdeur tot sy reg kom. Sodra dië beginsel gestel is, moet die volgende beginsel onmiddelik die prediker se aandag opneem.

### 2.5.3 Prediking moet 'n duidelike mistiese ondertoon deurgee[24]

Die voorafgaande beginsel gee aanleiding tot en bewerk die feit dat die mens behoefte het aan die mistieke inhoud van

godsdiens. Die prediker moet ingedagte hou dat die onbewuste van die mens tyd transendeer. Wanneer die prediking 'n mistiese ondertoon deurgee, sal dit die individu instaat stel om sy wêreld van ruimte en tyd te transendeer om met die ewige lewe van die Woord gevoed te word.

Indien hierdie beginsel gehandhaaf word sal die prediking duidelik die mens bystaan om diepsinnige beslissings te vel. Die prediking sal effektief in sy aanslag wees.

In konklusie kan gesê word dat hierdie beginsels die prediker help om prediking effektief in te span om die moderne mens tot meelewing en terapeutiese konfrontasie met die Woord te bring.

'n Waarskuwing is egter op die stadium van belang aangesien sielkundige aspekte in aanbidding en prediking misbruik kan word. Manipulasie deur 'n humanistiese, hedonistiese klem in aanbidding verlei die mens om menslike ondervinding tot 'n goddelike vlak te verhef. Die gevaar is dat ondervinding konfrontasie met die Woord vervang en aanbidding 'n soort "psychological gamesmanship" word,[25] 'n spel wat nie met die realiteite van die lewe te doen het nie.

Met hierdie beginsels omskryf, word daar nou gekyk hoedat die beginsels wat as 'n sielkunde van aanbidding gestel word aan die mens se eietydse behoeftes, deur prediking kan voldoen.

## 3 EIETYDSE SIELKUNDIGE BEHOEFTES WAT DEUR AANBIDDING EN PREDIKING ONTMOET KAN WORD

Indien die voorafgaande beginsels in die prediking tot sy reg kom, sal die mens in sy totale wese[26] bedien word. Dit is in aanbidding waar die mens sy ware menswees ontdek. Eietydse sielkundige behoeftes kan in hierdie omstandighede ontmoet word.

Die onderstaande behoeftes word as illustrasie hiervan beskryf:-

## 3.1 DIE BROOSHEID EN FEILBAARHEID VAN DIE MENSLIKE BESTAAN VRA NA VASTIGHEID EN SEKURITEIT

Soos hierbo aangetoon bring aanbidding en in besonder prediking die mens in aanraking met God as die "ultimate being"[27], om Paul Tillich se term te gebruik. Hierin vind die mens volheid en selfaktualisering, 'n voltooiing van sy menslike bestaan.

Die mens wat in prediking gelei word om sõ met die Woord en sy self te deel, vind ware en blywende sekuriteit. 'n Antwoord word vir die moderne mens se minderwaardigheidsgevoel,[28] sy onsekerheid en onstabiele bestaan hierin gevind. Prediking kan die mens in sy angs en eensaamheid ontmoet en dit vervang met vrede en gemeenskap. Hierdie behoefte word nou bespreek.

## 3.2 ANGS EN EENSAAMHEID PLEIT VIR VREDE EN GEMEENSKAP

Die ernstige behoefte van die mens om verligting van angs en gemeenskap in sy eensaamheid te ervaar, kan in aanbidding deur die prediking ontmoet word.

Aanbidding bied onderlinge gemeenskap, Koinonia,[29] deur die bemoediging en opheffing van die mens uit sy moeras van angs en eensaamheid. Deur die prediking word die gemeenskap met God in werklikheid in die dialogiese feit van die preekgebeure.

Vergifnis van sonde en aanvaarding kan in aanbidding 'n werklikheid word.[30] Die prediking bring God en mens, mens en mens versoenend bymekaar. Op hierdie wyse word vir die moderne mens in sy nood 'n antwoord gevind, die gebrokenheid geheel en die pyn van vervreemding opgelos.

## 4 SAMEVATTEND

In die soeke na 'n antwoord op die aktualiteitsprobleem in kontemponêre Christelike aanbidding is daar in dié hoofstuk bepaalde raakpunte in beide die sielkunde en aanbidding geïdentifiseer. Hieruit is sekere beginsels wat as 'n sielkunde van aanbidding beskryf kan word, afgelei. Die toepassing hiervan op die eietydse sielkundige behoeftes toon dat hierdie beginsels die prediker in staat stel om die mens in sy nood deur die prediking by te staan, oplossing aan te

bied en tot sin en betekenisvolle lewe aan te moedig. Enige poging om die aktualiteitsprobleem van prediking op te los, sal die omskrywing van die mens uit 'n sielkundige oogpunt in die prediking moet toepas.

Die vraag wat tans in gedagte kom, is of daar 'n moontlikheid van basiese teologiese beginsels is wat aanbidding en prediking beheer. Die volgende hoofstuk bespreek hierdie moontlikheid om prediking as aktueel en relevant vir die huidige tyd in te span.

ooOoo

# HOOFSTUK 6

## DIE MOONTLIKHEID VAN BASIESE TEOLOGIESE BEGINSELS WAT AANBIDDING EN PREDIKING BEHEER

### 1 INLEIDING

Tot dusvêr in hierdie studie is daar groot klem gelê op die feit dat die mens se nood en behoefte in die liturgiese gebeure ontmoet kan en moet word. Veral die vorige hoofstuk het die sielkundige beginsels wat aanbidding tot sy mees effektiewe vlak bring, aangetoon.

Terwille van 'n gebalanseerde benadering tot die hele vraag ten opsigte van die aktualiteitsprobleem in die liturgiese gebeure moet die feit onderstreep, word dat Christelike aanbidding nie op menslike behoefte gegrond is nie. Christelike aanbidding is in die wil van God gegrondves.[1] Dit is gehoorsaamheidshandeling eerder as 'n petisie aan God. Hierdie feit veronderstel bepaalde norme wat aanbidding sal beheer.

Soos wat 'n persoon glo, sô sal hy aanbid.[2] Die Sakramentalis, om maar een voorbeeld te noem, aanbid op 'n basis waarin hy eerder doen as ontvang. Daarom moet daar basiese teologiese beginsels geformuleer word wat aanbidding en prediking beheer, want aanbidding sonder teologie is leeg en betekenisloos. Die basis van aanbidding is dus teologies van aard.

Die taak van die huidige hoofstuk is om die basiese teologiese beginsels wat aanbidding en prediking beheer, te omskryf. Vanuit die feit dat God die inisiatief geneem het en Homself aan die mens geopenbaar het, word die teologiese beginsel wat die raamwerk van aanbidding bepaal, gestel. 'n Verdere beginsel vloei uit die genoemde beginsel om die kenmerkende dialogiese karakter van Christelike aanbidding te verseker. Hierin moet God egter as Senior Vennoot sentraal geplaas word en moet die inhoud van dié gesprek Christologies van aard wees. Laastens sal die Kerk as ruimte vir aanbidding in 'n beginsel geformuleer word. Hierdie beginsels beheer die liturgie en moet omskryf word.

### 2 CHRISTELIKE AANBIDDING EN PREDIKING WORD BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE NUWE TESTAMENT BEGRENS[2]

Alhoewel die Nuwe Testament nie alleen die raamwerk bied nie, aangesien God se inisiatief om tot die mens toenadering te soek ook Ou Testamenties bewys word, is dit primêr in die Christus gebeurtenis wat hierdie inisiatief in besonder waar word.

Dit is duidelik altyd God wat die inisiatief neem[3] om Homself te openbaar en Christelike aanbidding moet binne die openbaring van God begrens word. Die Nuwe Testament beskryf nie 'n sistematiese liturgie nie maar bepaal watter grense dit uitsluitlik Christelik maak.[4] Binne die grense wat die Nuwe Testament daarstel moet die prediking aktueel wees. Dit moet 'n volharding in die "Leer van die apostels"[5] wees want deur die prediking word die Missio Dei voortgesit. Dit moet in die Naam van die Here Jesus Christus wees dat mense bedien word.[6]

Prediking en aanbidding kan dus nie buite Bybelse en veral Nuwe Testamentiese grense beweeg nie. Hierdie beginsel sal die suiwer Christelike karakter van aanbidding en prediking bewaar en baie dwalinge uitskakel.

Hierdie beginsel beweeg vanuit die oogpunt dat God Homself geopenbaar het, dat Hy gespreek het. Op hierdie spreke van God kan die mens slegs reageer om in dialoog met God te tree. Die volgende beginsel omskryf die dialogiese karakter van aanbidding.

## 3 DIALOOG IS KENMERKEND VAN CHRISTELIKE AANBIDDING EN PREDIKING

Christelike aanbidding kan die beste met die begrip reaksie (Engels - response)[7] beskryf word. Aanbidding is reaksie van die mens op God se spreke. Dit is antwoord op die Woord van God wat allereers berus op God se handeling van openbaring soos in die vorige perikoop beskryf.[8]

Aanbidding is dus aksie,[9] reaksie op die prediking en moet die prediking in sigself 'n dialogiese karakter openbaar. Die prediker moet vrae wat by die gemeente sou ontstaan antisipeer en die antwoord in die prediking gee. Telkens moet die mens homself deur die prediking gelei voel om innerlik te praat, deel te neem aan die dialoog met God.[10]

Van belang is om te let dat die gesprek primêr tussen God en mens is en alhoewel dialoog tussen mens en mens in die erediens moontlik is moet dit op 'n beperkte wyse geskied. Daar moet gewaak word om die dialoog nie bloot tussen mense te hou nie. Hans-Wolfgang Heidland se "verkondigingsgesprek"[11] kan van nut wees as dit nie bloot op 'n vraag-antwoord dialoog tussen mense plaasvind nie.

Die beginsel wat hier ter sprake is, is dat aanbidding en prediking 'n dialogiese karakter moet handhaaf om Christelik te wees. God het gespreek en die mens antwoord, die mens spreek en God antwoord.[12] Hierdie saak sal in die volgende hoofstuk verder bespreek word.

God is egter die Senior Vennoot in hierdie tweegesprek en volg die beginsel dat God sentraal in Christelike aanbidding staan.

## 4 GOD MOET ALTYD SENTRAAL IN CHRISTELIKE AANBIDDING STAAN

In Christelike aanbidding gaan dit nooit in die eerste plek om die bevrediging van menslike behoeftes nie, of om weldadigheid te bewerk of om maatskaplike bevrediging te bring nie, maar om God.[13] God is die middelpunt van die aanbiddingsgebeure, Hy is die primêre Subjek[14] van aanbidding. Aanbidding wat hierdie feit ignoreer en nie as 'n beginsel handhaaf nie is afgodediens en het niks met Christelike aanbidding te doen nie. Die dialoog tussen God en mens soos voorheen bespreek moet hierdie beginsel onthou: God is die Senior Vennoot in die gesprek,[15] Hy bedien die mens met sy verlossingsaktiwiteit,[16] terwyl die mens bloot op hierdie opus Dei kan reageer.

Die toepassing van hierdie beginsel ten opsigte van die prediking gee aan die Bybel as Woord van God 'n primêre plek in die erediens. Terwyl ander momente[17] in die erediens nie in belangrikheid gering geskat word nie, sal die spreke van God baie prominent figureer. Aanbidding sonder prediking is ondenkbaar in die lig van die bostaande argumentasie. Prediking sal uitgaan van die bekende "So sê die Here..." spreuk.

Die vraag wat nou ontstaan, is of daar 'n beginsel rondom die inhoud van die spreke van God geformuleer moet word? Die inhoud van aanbidding kan alleen Christelik wees indien dit Christologies is.

## 5 'N CHRISTOLOGIESE INHOUD VERSEKER DAT CHRISTELIKE AANBIDDING "CHRISTELIK" BLY

Dit is J-J von Allmen[18] wat die begrip "recapitulate," dit is om te herhaal of kortliks saam te vat, inspan om aanbidding te beskryf. Aanbidding som op en bevestig die proses van die heilsgeskiedenis wat sy hoogtepunt in die Christusingrype in menslike geskiedenis vind. Dit is dan ook deur hierdie ingrype van God wat die heil wat Christus bewerk het deur die Heilige Gees in werking gestel word.

Aanbidding is "recapitulation" en het 'n gerigtheid op die verlede[19], die heilsgeskiedenis, maar dit is nie behep met die verlede as verlede tyd nie. Die reddingswerklikheid van dit wat God in Christus bewerk het word telkens in die hede ervaar[20] as 'n mistieke heilsondervinding. Christelike aanbidding is dus basies Christologies[21] in inhoud.

Prediking sal in besonder dië beginsel in werking moet hou. Die Christusgebeure moet deur die prediking sö aangebied word dat mense in die erediens tot 'n heilsontmoeting met God sal tree. Sonder 'n Christologiese inhoud sal die prediking tot 'n sedeles verlaag word. Dit is egter belangrik dat prediking die Christusgebeure ook eskatologies[22] sal interpreteer. Hierdeur kan die sekuriteit van Christelike prediking beswaarlik deur iets anders vervang word.

Die Christologiese inhoud van aanbidding en prediking as 'n beginsel wat dië aktiwiteite beheer, lei daartoe dat persone wat deur die "recapitulation" tot gelowige deelname gebring is, die Kerk as ruimte van aanbidding beleef. Die gemeenskap van die gelowiges, die gemeente, vorm die ruimte waarbinne aanbidding voorkom.

## 6 DIE GEMEENTE IS DIE RUIMTE WAARBINNE CHRISTELIKE AANBIDDING VOORKOM

Soos reeds opgemerk[23] is dit in Christelike aanbidding dat die ekklesia, die vergadering van gelowiges as Kerk gekonstitueer word. Aanbidding word gebind deur bepaalde ekklesiologiese werklikhede wat aan die mens oorgelewer is.[24] Aanbidding is 'n korporele feit[25] en daarom is private handelinge in publieke aanbidding 'n "contradiction

in terms"[26] want dit is vir die gemeenskap van gelowiges bedoel. Die viering van die Eucharistiese maaltyd, die doop ensovoorts kan onder geen omstandighede buite die gemeentelike konteks, sonder 'n verskraling van die betekenis daarvan, plaasvind nie.

## 7 SAMEVATTEND

Daar is reeds vêr gevorder in die soeke na 'n oplossing vir die aktualiteitsprobleem in die kontemporêre liturgie. Nie net moet die mens in sy eksistensialistiese werklikheid verstaan word nie maar moet daar ook begrip wees vir dit wat in aanbidding as 'n konteks vir prediking gebeur.

Nadat die sielkundige beginsels in die vorige hoofstuk omskryf is het hierdie hoofstuk basiese teologiese beginsels wat aanbidding en prediking beheer, vasgelê. Hierdie teologiese beginsels volg logies op mekaar en beweeg vanuit die oogpunt dat God Homself geopenbaar het en dat die Nuwe Testament aanbidding en prediking begrens. Hieruit volg dit dat die mens op God se spreke reageer in 'n lewende dialoog met God as die Senior Vennoot, wie sentraal in aanbidding en prediking moet staan. Verder is gesien dat 'n Christologiese inhoud aanbidding en prediking tipies "Christelik" hou en dat die gemeente die ruimte is waar aanbidding en prediking voorkom.

Die aktualiteitsprobleem wat sentreer om die gedagte dat aanbidding belewe moet word, sal in 'n groot mate verdwyn as die prediker die insigte wat tot hiertoe in die studie deurgegee is, benut. Die mens in sy eksistensiële behoefte en nood, soos in Deel I bespreek, sal in die liturgiese gebeure, soos in Deel II bespreek, as 'n deelnemer verhef word. Hy sal nie meer 'n onbetrokke toeskouer wees wat in sy nood vergaan nie, maar tot ware menswees gelei word.

Die laaste deel van hierdie studie wend sigself tot die afronding van die antwoord op die aktualiteitsprobleem deur prediking as liturgiese moment te omskryf.

---ooOoo---

# DEEL III

## PREDIKING AS LITURGIESE MOMENT

Die Christelike Kerk worstel vandag met 'n aktualiteitsprobleem in sy liturgiese beoefening en in besonder met betrekking tot die prediking. Hierdie inleidende sin tot die huidige studie identifiseer 'n probleem wat die prediking raak. Dit gaan daarom dat die moderne mens in sy eksistenialistiese menswees geïgnoreer is.

Die omskrywing van die mens in (Deel I) wat deur prediking aangespreek moet word en die daaropvolgende daarstelling van die konteks waarbinne prediking plaasvind en die beginsels wat dit beheer (Deel II), maak dit nou moontlik om prediking as sulks te beskryf en dit in perspektief met ander liturgiese gebeure te plaas.

Op dié wyse word 'n antwoord voorgestel wat die aktualiteitsnood van die erediens sal verlig.

---ooOoo---

# HOOFSTUK 7

## DEFINIëRING VAN PREDIKING

### 1 INLEIDING

In die lig van die voorafgaande twee dele van hierdie studie en die konklusies wat daaruit voortgevloei het, moet prediking as liturgiese moment begryp word. Die rede hiervoor is dat Hans Küng korrek is as hy beweer dat 'n gemeente waar prediking nie gehoor word nie bloot 'n "spiritless organisation",[1] is. Dit is dan ook dié aktualiteitsprobleem waarmee die Christelike Kerk in sy liturgie worstel.

Die kritiek teen die prediking raak dus aan die basis van die preekgebeure. Saam met Runia[2] moet gestem word vir die tweërlei benadering tot dié kritiek. Dit sal ernstig opgeneem en hanteer moet word, wat in hierdie studie in (deel I & II) gedoen is, én daar sal indringend gekyk moet word na wat prediking werklik is. Alleen as die antwoord op dié vraag bevredigend geantwoord is kan prediking, in daardie korrekte omskrywing, relevant vir ons tyd wees. Saam met Jerome Murphy-O'Conner kan gesê word:-

> "The experience of the lay apostolate and the liturgical movement has shown that a renewal on the level of technique alone is not really a renewal at all, and in practice neither effective nor lasting. True renewal must begin with a profound appreciation of the nature of preaching, a realisation of just what preaching is."[3]

Die vraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord moet word is: Wat is prediking? Met die agtergrond van die definisie van aanbidding[4] soos in hoofstuk 4 bespreek, trag die hoofstuk om prediking as 'n liturgiese moment te verstaan. Die werkwyse is om die ontwikkeling en verstaan van prediking uit 'n historiese perspektief te omskryf. Hierna sal basiese vereistes vir aktuele prediking omskryf word om so die uiteindelike oplossing vir die aktualiteitsprobleem voor te stel.

### 2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE BEGRIP "PREDIKING"

Om prediking te verstaan sal 'n historiese ondersoek noodsaaklik wees.

Die definiëring van die begrip moet dus gegrond word in die verstaan van beide die Bybelse en Kerklik-historiese begrip daarvan. Deur 'n teologiese voorveronderstelling word die bespreking begin.

Prediking is die direkte uitvloeisel van die feit dat God Homself as 'n "sprekende"[5] God geopenbaar het. Dit is deur God se spreke dat die hemel en aarde geskape is[6], waardeur Hy vir Homself 'n volk tot syn roep,[7] sy wil aan hulle met "tien woorde"[8] bekend maak. Prediking se oorsprong word daarin gevind dat God gespreek het, sy wil aan die mens bekend maak.

Vanuit hierdie teologiese feit kan die Ou Testamentiese gegewens aantoon hoedat prediking sy beslag gevind het.

## 2.1 DIE OU TESTAMENTIESE ONTWIKKELING TEN OPSIGTE VAN CHRISTELIKE PREDIKING

Vroeg in die volkslewe van oud-Israel het 'n oorlewerings-tradisie[9] ontstaan waarin daar van geslag tot geslag sekere waarhede oorgedra is.[10] Die boek Deuteronómium is in geheel die oorvertel van God se handelinge en spreke vir en ten behoewe van die volk aan die volgende geslagte.[11] Dit is baie duidelik dat die klem op God se aksie gelê het. Die volk moes hoor wat God van hulle verwag.

Die ontstaan en ontwikkeling van die Ou Testamentiese literatuur word juis om die feit gebou dat God se handeling en wil bekendgemaak moet word. Die instelling van die tempelkultus was hierop gegrond - die mens moes voortdurend in 'n versoende verhouding met God leef en hiervoor moes hulle God se wil ken. Prediking as die bekendmaking van God se handelinge en eise aan die mens neem sõ vorm aan.

Die profetiese literatuur in die Ou Testament maak verder dan ook spesifiek aanspraak dat dit "Woord van die Here",[12] God se "spreke"[13] en "gesigte"[14] van God is. God openbaar Hom van geslag tot geslag deur met die mens te praat. Dit is veral die profete wat prediking as 'n verkondigingsaksie vestig. Die eise en wil van God, sy genadige ingrype in mense se lewens en toekomstige doel moet verkondig word.

Uit die Ou Testament vind Christelike prediking sy beslag daarin dat God se handelinge en wil bekend gemaak en verkondig moet word.

As gevolg van die historiese ontwikkeling binne die godsdiensbelewenis van Israel ontstaan die sinagogale wortel van Christelike prediking.

## 2.2 DIE SINAGOGALE WORTEL VAN CHRISTELIKE PREDIKING

Op grond van die wegvoering van die volk in ballingskappe en die gevolglike verwydering van hul kultiese aanbiddingsplek en rituele het die sinagoge sy onstaan gevind.[15] Die motief vir die ontstaan van die sinagoge was hoofsaaklik die nood aan kennis van die wet en die betekenis daarvan vir die lewe. Dit gaan om die voortbestaan van die Godsdiens. Dit is dan ook nie vreemd dat daar na die sinagoge as "bet-ha-sefer", dit is "huis van die boek" én "bet-ha-midrash", dit is huis van uitleg, verwys is nie.[16]

Die gebruik[17] in die sinagogale erediens was om die voorgelese gedeeltes uit die Tora en profete te vertaal soos wat dit voorgelees word. Hierna is dié gedeeltes op die persone teenwoordig se lewenssituasie toegepas.[18] Die kenmerk van die verkondiging in die sinagoge was dus om die Ou Testamentiese geskrifte te eksposeer, die betekenis daarvan te verstaan en dan in 'n bepaalde situasie toe te pas. Prediking vorm die hoofmoment in die sinagogale erediens met die klem op die onderrigting van die volk.

William Maxwell[19] stel dit as 'n feit dat Christelike aanbidding in die vereniging van beide die sinagogale wortel en die Opper Kamer (Upper Room) gebeure tot stand gekom het. Die sinagogale wortel is dan die predikingskarakter wat ook in die Nuwe Testament tot uiting kom. Daarom moet ook die Nuwe Testamentiese getuienis oor prediking aangehoor word.

## 2.3 DIE GETUIENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT TEN OPSIGTE VAN CHRISTELIKE PREDIKING

Wanneer daar na die Nuwe Testament gekyk word kan dit gestateer

word dat die Nuwe Testament beide die resultaat en 'n vorm van Christelike prediking is.[20] Runia toon aan dat C H Dodd, die skrywers van die evangelies se siening van hulle werk as "kyrugma," verkondiging, uitgewys het. Hulle was besig om te verkondig. Die Nuwe Testament toon dat die Christelike Kerk van die begin af 'n "preaching movement"[21] was en prediking word met nie minder nie as dertig verskillende woorde beskryf. Tog moet daar versigtig omgegaan word met die betekenis wat woorde sou hê.[22]

Michael Green[23] identifiseer drie woorde wat in 'n primêre verkondigingsbetekenis in die Nuwe Testament ingespan word: Hierdie woorde is "euaggelizesthai" wat sentreer om die begrip dat dit wat verkondig word goeie nuus of blye tyding[24] is, terwyl "marturein" die getuienisbegrip[25] oordra. Die woord wat egter vir dié studie van belang is, is die woordgroep wat van "kerussein" afgelei word. Dit is verkondiging - "to proclaim like a herald",[25] om die evangelie uit te basuin.

Peter Cobb beweer dat die prediking (homily) van die begin af 'n "constituent part" van Christelike liturgie gevorm het. 'n Geregverdige afleiding is sekerlik dat 'n preeklose erediens nie as "Christelik" bekend kan staan nie. Die preek is 'n kenmerk van Christelike aanbidding.

Ook die Handelinge van die Apostels word as voorbeelde van Christelike prediking deur Lukas in die Nuwe Testament voorgehou. Hieruit kom 'n sterk verkondigingskarakter vir die prediking na vore. Mense moes die evangelie van die Here Jesus Christus hoor en die uitdagings daarvan verstaan om dan só die genade wat dit meedeel, te belewe.

In die res van die Nuwe Testament word prediking as die verkondiging van die Woord van God gesien. By herhaling word aanspraak gemaak dat dit spreke van God is:[28] God wat met die mens in gesprek tree om 'n terapeutiese verhouding daar te stel. Hierdie terapeutiese inslag staan in direkte verband met die inhoud van die Nuwe Testamentiese prediking. In die kort bestaan van die Kerk tot op dié stadium stel die apostel Paulus[29] dit dat in die oorgelewerde prediking dit om Christus gaan. Dit

UNIVERSITY OF DURBAN LIBRARY

beklemtoon die plaasvervangende dood en opstanding van die Here Jesus Christus sodat God die mens met Homself kon versoen.[30] Christus as die ewige Logos, Woord van God, "verklaar"[31] God aan die mens.

Die Nuwe Testamentiese getuienis aangaande Christelike prediking dra die beeld dat dit essensieël vir aanbidding is. Dit dra Christus in 'n versoenende ontmoeting met God aan mense oor. Dit is meer as net die oordra van feitelike gegewens,want in die preekhandeling word die heilgewende krag waarvan dié feite getuig 'n eksistensiële werklikheid vir die hoorder.[32] Vanuit hierdie Nuwe Testamentiese verstaan van prediking word nou gekyk hoedat die Kerk met die begrip gehandel het.

## 2.4 PREDIKING IN DIE TYDPERK VANAF DIE NUWE TESTAMENT TOT DIE REFORMASIE

Die Nuwe Testamentiese konsep van aanbidding[33] is in die begin van hierdie tydperk voortgesit met 'n prominente plek vir die voorlees van die Skrif en die eksposering met 'n toepassing daarvan vir mense in hulle situasie. In sy apologie beskryf Justin[34] die preekgebeure tydens 'n tweede-eeuse erediens as volg:-

> "On the day called the Feast of the Sun, all who live in towns or in the country assemble in one place, and the memoirs of the Apostles or the writings of the Prophets are read as time permits. Then, when the reader has ended, the President instructs and encourages the people to practice the truths contained in the Scripture lectures."

'n Verklarende eksposisie van die Skrif het as prediking baie sterk na vore getree, maar sou kort hierna negatief begin verander.

Geleidelik het die verandering ingetree. Veral met die populariteit wat die Kerk in die Konstantynse tydperk verkry het, het die seremoniële die plek van die Woord begin inneem. Die aanbiddingstruktuur het gebly maar die seremonie het in beide die Ooste- en Westelike kerklike tradisie die oorhand in die erediens gekry. Die preek het byna in sy geheel verdwyn35

aangesien ook die voorlees van die Skrif deur legendes en beskrywings van heiliges vervang is. In elk geval was die Skrif nie meer toeganklik vir die man op straat nie omdat dit nie in sy spreektaal beskikbaar was nie.

In hierdie tydperk het prediking as die spreke van God verval tot 'n seremonie wat deur enkelinge (die ampte) in 'n seremonie beoefen is. God se stem is stilgemaak deur die mens wat as prominente spreker in die erediens verskyn het. Soos Maxwell dit stel - die Reformasie was noodsaaklik.

## 2.5 DIE REFORMASIE BRING PREDIKING TERUG IN DIE EREDIENS

Die reaksie van die Reformatore teen die verstarde toestande in die Kerk was op grond van diep teologiese verset teen dit wat in die vorige perikoop beskryf is. Die ontdekking van dit wat Paulus oor die regverdigmaking deur geloof geleer het, gee daartoe aanleiding dat dié boodskap verkondig moet word.[36]

Verder het Luther se idee van die viering van die Nagmaal, naamlik dat gelowiges met mekaar en met Christus in gemeenskap tree, die begin van 'n begripsdimensie in die erediens ingelei.[37] Die mens moes <u>verstaan</u> en daarom was prediking "bound to become the very centre of the worship service."[38] Daarom kon Luther ook sê dat die prediker die "mondstuk van God"[39] is.

Hierdie selfde gesindheid ten opsigte van die prediking word ook deur Calvyn geopenbaar as hy sê:-

> "the word of the Gospel, whatever man may preach it, is the very sentence of God, published at the supreme judgement seat, written in die book of life, ratified firm and fixed, in heaven."[40]

Ander name van Reformatoriese predikers kan genoem word[41] maar sal bloot herhaal dat prediking vir dié mense belangrik was. Van méér belang is die feit dat hierdie herlewing van prediking[42] met die herontdekking van die Bybel gepaard gegaan het. Die Bybel moes spreek en die weg tot hierdie spreke is deur prediking gevind. Deur Skrifgebonde prediking moes die mens die Woord van God hoor, en kon Bullinger[43] in belydenis verklaar:

"the preaching of the Word of God is the Word of God." So noū is die Skrifte aan die prediking gekoppel dat die reformatoriese eredienste die Skriflesing en prediking as een rubriek[44] wat alles omvat, as een handeling, naamlik as "woord", beskou het. Dit was één liturgiese daad.

Die Reformasie het prediking in die erediens teruggebring. Dit is prediking gesien as die verklaring van die Bybel, as God se openbaring aan die mens. Eksposisie van die Skrifte as prediking kan as kenmerk van die Reformasie uitgewys word.

Dit is met teleurstelling dat mens opmerk dat die kontra-reformasie[45] in die Roomse Kerk nie prediking as 'n bring van God se Woord, vernuwe het nie. Inteendeel is die klem op die bevegting van Protestantisme gelê. Vir die doeleindes van dié studie word die Rooms Katolieke siening van prediking hier gelaat.

Die Reformatoriese uitwerking op prediking het egter nie tot Europa beperk gebly nie. In Engeland vorm die Purityne[46] dan ook hulle hele teologiese uitgang rondom die prediking. Geen alternatief is moontlik nie;[47] die Woord van God moet verstaanbaar aan mense oorgedra word. So is Bybelse prediking as antwoord op die menslike situasie aangebied.

Die situasie verander egter wanneer die Liberale teologie onder die aandrang van die Aufklärung en René Descartes[48] se klem op die denkende mens tot stand kom. Prediking moet ook in die lig van dié denke beskryf word, om te verstaan hoe die kerk prediking in die lig van die aktualiteitsprobleem tóé gesien het.

## 2.6 DIE INVLOED VAN DIE LIBERALE TEOLOGIE OP DIE PREDIKING

Die klem op Bybelse prediking vervaag in die lig van die Liberale teologie se aandrang. Immanuel Kant[49] het die nuutgevonde werklikheidsbesef van mense ook vir die Teologie herformuleer. Op filosofiese basis word geredeneer dat objektiewe uitsprake nie oor God gemaak kan word nie. Die morele wet word in die mens self gevind en nie in 'n Goddelike uitspraak nie, is beweer. Die natuurwetenskaplike benadering tot denke oorheers die teologie.

Friedrich Schleiermacher (1768-1834) trag om as mens van sy tyd die teologie en menslike werklikheidsbegrip te versoen.[50] Hierdeur is die selfopenbaring van God deur die Bybel vervang met 'n teorie waarin die mens God ontdek.[51] Die Teologie is antroposentries[52] gerig en sô word subjektief uit die menslike rede en wil die grondwaarhede van godsdiens geformuleer.

Die kenmerkende eienskappe van negentiende eeuse teologie is die oorheersende rol van die histories-kritiese benadering tot Skrifverklaring.[53] Dit het die negatiewe gevolg gehad dat die gesag van die Skrif betwyfel is en daarom het die boodskap (prediking) onbetroubaar geword. Die prediker het namens die mens gespreek en uit dié oogpunt met die Bybel omgegaan. Godsdiens moet gepreek word en nie die Bybelse inhoud nie.

Die prediking het verval in 'n humanistiese hantering van die godsdiens in 'n eeu van die rede en van sosiaal-politieke ontwikkeling om dit (godsdiens) vir die mens aanvaarbaar te maak.

Hoewel die bedoeling van die predikers goed was, moes dié situasie verander. Karl Barth reageer teen die Liberale teologie deur aan te toon dat die Woord van God in drie vorme na vore tree.[54] Prediking is één van die vorme. Daarom moet prediking ook vanuit 'n Barthiaanse oogpunt beskryf word.

## 2.7 DIE PREDIKING SOOS KARL BARTH DIT GESIEN HET

Karl Barth beleef die aktualiteitsprobleem van die prediking op 'n baie direkte wyse. As persoon wat geskool is in die negentiende eeuse teologie, wat nie op die verkondiging gerig is nie, vind hy dit moeilik om te preek. Die gemeente kom met die verwagting om die Woord van God te hoor maar in die teologiese denke van die tyd gaan dit om die mens. Dit gaan om 'n wetenskap van die godsdiens. Christelike geloof word gerelativiseer en die bonatuurlike openbaring versaak.[55] Barth reageer teen hierdie benadering en so ontwikkel hy sy teologiese denke. Teologie is vir hom Bybelse Teologie wat vra na die basis van die Christelike lewe en dit is die Woord van God.[56]

Dit volg logies dat verkondiging 'n baie sterk beklemtoning in Barth se denke ten toon sal stel. Vir hom is prediking:-

> "the attempt, essayed by one called thereto in the church, to express in his own word in the form of an exposition of a portion of the biblical testimony to revelation, and to make comprehensible to men of his day, the promise of God's revelation, reconciliation and calling, as they are to be expected here and now."[57]

Dit gaan hier dus nie om 'n arbitrêr godsdienstige gesprek waarin die prediker sy eie godsdienstige gevoelens oordra nie. Die preek word beheer en gelei deur die spesifieke Skrifgedeelte - dit moet 'n eksposisie van die Skrif wees.[58] Prediking is dus vir Barth Skrifuitleg.

'n Verdere saak wat deur Barth geformuleer is, is dat die prediking 'n gebeurtenis (Engels - event), 'n moment is.[59] Vir Barth is dit 'n wonderwerk dat 'n prediker se menslike woorde die Woord van God oordra. Deur die prediking kom God dus aan die woord. Hy spreek sy wil uit, versoen die mens met Homself en roep die mens tot volheid van lewe.

Die bestek van hierdie werkstuk verhoed dat die werk van persone soos Bultmann, Edeling, Fuchs en andere ook beskryf word. Die resultaat bly egter dieselfde.

Die vordering wat tot dusvêr in die verstaan van prediking uit 'n historiese perspektief gemaak is, dui daarop dat die Kerk telkens die spreke van God moes ontdek. Prediking as 'n verkondiging van God se Woord staan dus aangewys as oplossing vir die aktualiteitsprobleem. Hierdie voorafgaande stelling moet nie losgemaak word nie van die insigte uit deel I en II van die studie verkry.

Met hierdie voorlopige konklusie as agtergrond word soorte prediking wat in die ekumeniese eeu vorm aangeneem het, geïdentifiseer.

## 2.8 SOORTE PREDIKING IN DIE EKUMENIESE EEU[60]

Horton Davies bespreek in die vyfde volume van sy "Worship and Theology in Engeland" vier soorte predikings wat in breë terme sigself in die twintigste eeu, geopenbaar het.[61] Hierdie soorte kan as breë kategorie op die hele Kerklike situasie van toepassing gemaak word.

Die eerste soort prediking wat sigself gemanifesteer het, is die sogenaamde apologetiese prediking.[62] Die doel van die soort prediking is om in die lig van die felle kritiek teen die Christendom die geloof te verdedig. Alle hindernisse hetsy intellektueel, moreel of sielkundig moet uit die weg geruim word terwyl die individu tot geloof gelei word. Hierdie vorm van prediking bied die geleentheid om die Bybelse waarhede in terme van menslike behoefte te laat spreek. 'n Waarskuwing teen "tekslose" prediking is hier van pas. Verdediging van die geloof bloot ter verdediging bring die wesenlike gevaar van kompromie wat die prediking in 'n voor-Barthiaanse tydperk terug sal plaas. Dit kan maklik in 'n sistematiese onderwerp hantering verval wat ek oordeel die geval met die meeste kontemporêre prediking is.

Die volgende soort prediking kan omskryf word as "Charismatiese prediking." Charismaties in die sin dat dit as hoofdoel het om mense tot 'n bewonderingsreaksie aan te moedig.[63] Dit is gegrond op 'n mistiese belewing van die predikingsgebeure. Prediking van die soort is vir die mense bedoel en in 'n sekere sin het dit 'n vermaakliksheidskarakter. Alhoewel dié prediking nie bloot afgewys moet word nie, moet die prediker versigtig wees om nie die erediens as 'n konsert in te rig nie.

Dié soort preek kan relevant wees in een situasie maar is daarna verouderd, onvanpas en betekenisloos. Dit het nie die blywende hoop wat 'n kenmerk van die Christelike boodskap is nie.

'n Derde soort prediking, Liturgiese prediking, het tot stand gekom uit die nood vir preke wat stig, opbouend (Engels - devotional) is.[64] Hiervolgens het die prediking nie 'n mistiese reaksie op die individu nie, maar die gemeente beleef 'n korporele mistiese reaksie. Die liturgie is weer ontdek en die

verskillende momente in die erediens, waarvan prediking een is, dra by tot die korporele ervaring van die persone teenwoordig. Terwyl die plek van prediking naas ander liturgiese momente bespreek sal word, moet hier opgelet word dat Liturgiese prediking verhoed dat die Kerk in 'n preek-erediens verval, soos die geval was met die Skotse Kerk,[65] waarin die Skrif en prediking van mekaar losgeraak het. Liturgiese prediking het 'n "Eucharistic attitude,"[66] sodat die gemeente gebou en gestig kan word.

Die laaste soort prediking wat in die twintigste eeuse konteks na vore tree is eksposerende prediking.[67] Hierdie soort van prediking is deur die verloop van die geskiedenis bewys as die mees tradisionele[68] vorm van prediking. Die doel daarvan is om geloof te wek en te bevestig. Dit vra gedissiplineerde onderwerping aan die gesag en openbaring van die Bybel om God se magtige dade vir die bevryding van die mensdom, bekend te maak.

Uit hierdie voorafgaande historiese ondersoek na die verstaan van prediking kan daar nou 'n konklusie, 'n definisie geformuleer word. Die doel van die definisie is om 'n antwoord vir die aktualiteitsprobleem te bied.

## 2.9 KONKLUSIE UIT DIE HISTORIESE ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN CHRISTELIKE PREDIKING

Deur die teologiese feit as uitgangspunt te gebruik, naamlik dat God Homself aan die mens as 'n sprekende God openbaar is opgemerk dat prediking duidelik op God se spreke afgestem is. Bybelse gegewens en die ontwikkeling van die sinagoge dui daarop dat die handelinge van God verkondig moes word.

Waar en wanneer die Kerk van dié begrip oor prediking wegbeweeg het, moes dit telkens weer die Bybel ontdek soos wat die Reformasie en Karl Barth aangedui het. Daarom bly die volgende feit soos 'n paal bo water staan, as "iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom."[69]

Die vraag wat nou ontstaan, is of prediking dan bloot die voorlees van en verklaring of kommentaar van 'n Skrifgedeelte is?

Die antwoord lê daarin dat prediking nooit bloot 'n oordra van feite is nie.[70] Dit sou in sigself nie aktueel wees nie. Dit gebeur alleen wanneer die Woord van God soos opgeneem in die teks, die konkrete situasie[71] van die gemeente deursny. Dit wil sê dat aktuele prediking vind plaas op die kruispunt of sameloop van die unieke boodskap van die Bybel en die unieke situasie van die persone in die erediens.[72] Op dié punt moet kritiek ingebring word teen Karl Barth en sy volgelinge wat dit wat die Bybel sê, slegs wil herhaal.[73] Die prediking moet eerder dit wat die Bybel sê in die hoorder se konkrete situasie toepas. Insigte uit (Deel I)van die studie moet hier in gedagte gehou word.

Wanneer D W de Villiers[74] sê dat prediking "as die realisering van die openbaringswaarheid in 'n konkreetgerigte aktualiteit omskryf word," onderskraag hy dié verstaan van prediking. Prediking sal dus uit die Skrifteks die situasie van die hoorders in ag neem om deur middel van die oorspronklike kerugma die Woord van God oordra.[75] Deur hierdie kerygma word die Here Jesus Christus in die werking van die Heilige Gees vir die mens 'n werklikheid. Die wonderwerk van menswoord wat Godswoord oordra word deur die Gees bewerk.

Die antwoord op die vraag, wat aktuele prediking dan is, word in die volgende stelling gevind: Prediking is die verkondiging van die Woord van God deur die eksposering en toepassing van 'n Skrifgedeelte aan die gemeente in sy konkrete situasie.

Die definisie moet in die lig van die voorafgaande bespreking verstaan word. Daarom is dit nodig dat basiese vereistes waaraan die prediking moet voldoen, beskryf word.

Op hierdie wyse sal die prediking die aktualiteitsprobleem oorbrug om die moderne mens effektief te bedien.

## 3 BASIESE VEREISTES VIR AKTUELE PREDIKING

In die lig van die bostaande bespreking met die gevolglike definiering van prediking én die inagneming van wat in deel I oor die mens en in deel II oor aanbidding gesê is, moet basiese vereistes aan die prediking gestel word. Prediking moet dus binne die raamwerk van

die gemeente samekoms onder beheer van sielkundige en teologiese beginsels aan die volgende basiese vereistes voldoen:-

## 3.1 CHRISTELIKE PREDIKING MOET BYBELSE PREDIKING WEES

Prediking is 'n spreke van God eerder as 'n spreke aangaande God.[76] Wanneer God egter spreek moet Hy verstaan word[77] want dit is Gód wat tot die mens deur sy Woord gespreek het. Hierdie Woord het egter in 'n nie-komtemporêre omgewing en taal, oor 'n lang tydperk en in verskillende situasies tot die saamgestelde Bybel tot stand gekom.[78] Die verstaan van die Woord is die taak van eksegese wat baat kan vind by 'n positiewe gebruik van beide die histories-kritiese navorsing van die Skrif[79] en die heils-historiese (Heilsgeschichte)[80] benadering tot Skrifuitleg. Nadat die eksegese die Skrifte verstaanbaar gemaak het, moet die Bybelboodskap, Bybels gepreek word.[81] Hiervoor word op die werking van die Heilige Gees[82] gesteun terwyl die prediker eerlik vanuit die Bybelse gegewens die konkrete situasie van die gemeente toelig. Op dié wyse word God sentraal geplaas volgens die beginsels van aanbidding.[83]

Hierdie vereiste vra dat God waarlik in die prediking aan die woord moet kom. Christelike prediking moet Bybelse prediking wees indien dit enigsins aktueel wil wees.

Die prediking moet egter nie net Bybels wees nie maar ook die konkrete situasie van die hoorders in ag neem. Dit moet "life-situation"[84] prediking wees. Dit is dan die volgende vereiste wat bespreek word.

## 3.2 DIE KONKRETE SITUASIE VAN DIE GEMEENTE MOET IN CHRISTELIKE PREDIKING IN AG GENEEM WORD

Die resultate en konklusies van deel I van hierdie studie kan in geheel hier ter sprake kom. Die mens moet in sy eksistensiële werklikheid verstaan word terwyl sy konkrete situasie deur die Bybelse inhoud, soos hierbo bespreek, aangespreek word.

Dit gaan om die mens in sy fisiese- en emosionele werklikheid. Dié mens wat as geestelike wese selfbewus en op eie inisiatief

optree, wat in 'n bepaalde verhouding tot sy medemens, omgewing en God staan. Dit is die mens wat 'n bepaalbare ouderdoms-ontwikkelingsvlak bereik het en saam met ander mense aan sy omgewing blootgestel is. Hy werk, leef en dink teen 'n sekere kulturele agtergrond. Hierdie konkrete situasie van die mens moet deurgaans in die prediking aangespreek word.

Aktuele prediking sal dus die mens in sy konkrete situasie met die Woord van God ontmoet. Hierdie vereiste kan egter nie tot sy reg kom nie as die volgende vereiste, naamlik dat Christelike prediking 'n dialogiese karakter moet hê, gehandhaaf word nie.

## 3.3 DIE DIALOGIESE KARAKTER VAN CHRISTELIKE PREDIKING MOET GEHANDHAAF WORD

Soos reeds beskryf[85] is dialoog 'n beginsel wat die erediens-struktuur en inhoud beheer. Die genoemde implikasies vir prediking word hier verder bespreek.

Om effektief te kommunikeer sal die preek aan die dialogiese karakter moet voldoen.[86] Dit is juis teen die monoloog karakter, wat vry algemeen in kontemponêre prediking voorkom, dat die kritiek fel na vore tree.

Dialoog kan verskillende vorme aanneem.[87] Dit kan as "terug praat" (Engels - talkback) met die hele gemeente, 'n paneel wat namens die gemeente en in hulle teenwoordigheid, of in die preek self opgeneem word. Laasgenoemde benadering moet as 'n minimum vereiste deel uitmaak van die prediking. Van kardinale belang is egter dat prediking nooit sy proklamasie karakter sal verloor nie.

## 3.4 CHRISTELIKE PREDIKING MOET DEURGAANS 'N VERKONDIGINGSKARAKTER BEHOU

Terwille van balans en dat die mens nie oormatige prominensie tydens die erediens ontvang nie moet Christelike prediking altyd 'n verkondigingskarakter, dit is proklamasie,[88] behou. God is die Senior Vennoot in die erediensgesprek en moet as sulks die prominente Spreker in die prediking wees.

Hierdie vereiste stel die prediker instaat om voortdurend van die Woord se gesagsposisie bewus te wees. Indien die prediker waarlik kan sê "So sê die Here," sal hy verkondig, die Bybelse boodskap proklameer.

Hierdie vereistes sal aan prediking as aktueel en relevant die besondere plek wat dit in die erediens moet hê, terugbesorg.

## 4 SAMEVATTEND

In konklusie tot hierdie hoofstuk moet opgelet word dat die oplossing tot die aktualiteitsprobleem gevind is in 'n definisie van prediking. Hierdie definisie is geformuleer uit 'n historiese ondersoek na die betekenis van prediking wat die prediking as die spreke van God in die mens se eksistensialistiese werklikheid, uitgewys het. Die daaruitvloeiende vereistes help die prediker om aan dié definisie getrou te bly.

'n Laaste vraag wat opduik staan in verband met die plek van prediking te midde van al die ander liturgiese momente. In 'n poging om die antwoord op die aktualiteitsprobleem gebalanseerd op te los moet die prediking se plek in die erediens beskryf word. Die volgende hoofstuk stel dit ten doel om die taak te volbring.

---ooOoo---

# HOOFSTUK 8

## PREDIKING IN PERSPEKTIEF MET ANDER LITURGIESE GEBEURE

### 1 INLEIDING

Met 'n duidelike omskrywing van prediking en die verstaan van wat aanbidding in die lig van die prediking is, moet die erediens as gebeurtenis aktueel wees. Die vraag wat in dié hoofstuk ter sprake kom, is hoe die verskillende liturgiese gebeure met mekaar verband hou? Wat is die onderlinge verhouding?

Soos reeds opgemerk[1] vind daar in Christelike aanbidding 'n besondere ontmoeting tussen God en sy volk plaas. Die primêre rede vir hierdie ontmoeting is die "praesentia dei specialis",[2] die besondere teenwoordigheid van God in die samekoms van gelowiges. Deur die verkondiging van die Here Jesus Christus se dood en opstanding deur die bepaalde ontmoetingsgebeure (sakramente[3]) soos doop, prediking, nagmaal ensovoorts, word God se teenwoordigheid gemanifesteer. Hierdie is 'n heilgewende ontmoeting en dit kan afgelei word dat nie een van hierdie elemente of ander liturgiese handelinge bo 'n ander beklemtoon moet word nie.

Om die stelling te omskryf kan verskillende benaderings gevolg word. 'n Moontlike benadering is om elke gebed in sy besondere plek in die liturgiese orde, en elke ander handeling te omskryf en te motiveer. Vir die huidige studie is dit egter nie aangewese nie aangesien dit hier primêr om die prediking gaan. Maxwell[4] in sy werk oor die ontwikkeling van die liturgie sonder twee hoofmomente uit: Vir hom gaan dit om die Liturgie van die Woord en die Liturgie van die opperkamer (Upper room), die Eucharistiese maaltyd. Vir hierdie bespreking is dit teveel van 'n veralgemening van die onderwerp.

Die werkswyse wat verkies word, is om in die hoofstuk, met die agtergrond van die bespreking tot dusvêr, die hoofontmoetingsgebeure te identifiseer. Hierna sal hul onderlinge belang bespreek word om dan prediking as liturgiese moment in perspektief met ander liturgiese gebeure te plaas.

## 2 DIE ONTMOETINGSGEBEURE IN DIE EREDIENS

Om die ontmoetingsgebeure te identifiseer word sekere momente of elemente in die liturgie opgemerk. Hierdie momente of elemente is soos O Haendler[5] dit stel, die vorms en funksies waardeur liturgiese waarneming en aksie uitgevoer word. Met ander woorde dit is in en deur spesifieke momente in die liturgie dat die dialoog en ontmoeting met God en die mens 'n werklikheid word.

Daar kan dus sekere hoofmomente, vir die doeleindes van die studie, uitgesonder word. Die volgorde waarin dit aangebied word, suggereer in 'n sekere sin die belangrikheid daarvan. Die voorbeeld van die eerste gemeente word gevolg:

> "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede"[6]

Dit het dus gegaan om die Woord van God, die onderlinge gemeenskap, die Eucharistiese maaltyd en die gebede. Hierdie hoofmomente word nou bespreek.

### 2.1 DIE WOORD VAN GOD AS HOOFMOMENT IN DIE LITURGIE

'n Baie hoë premie word op die Woord van God in die Christelike erediens geplaas. Hierdie saak is breedvoerig in die vorige hoofstuk bewys uit die historiese ondersoek na die verstaan van prediking. Sonder die Woord van God is 'n ontmoeting tussen God en mens nie moontlik nie. Die spreke van God deur sy Woord in die voorlesing en prediking daarvan vorm 'n noodsaaklike moment in die liturgiese gebeure.

Die lees van die Woord as ondersteuning vir liturgiese aksies soos offergawe, ordening en afsondering van ampte moet nie bloot as "steun" vir die aksies gesien word nie. God eis van sy volk en hulle reageer en daarom moet die Woord van God 'n prominente plek in die hele erediens inneem. Hierdie saak sal verder omskryf word onder die opskrif: Prediking as liturgiese moment.

'n Verdere moment wat die eerste gemeente in volharding beoefen het, is die koinonia.[7]

## 2.2 DIE ONDERLINGE GEMEENSKAP BEWERK STIGTING

Die onderlinge gemeenskap (Koinonia) word in die kontemporêre erediens óf oorbeklemtoon met aanhoudende sang wat met korporele beweging en ander aksies gepaard gaan, óf onderskat deur die styfheid van 'n eenmanvertoning.

Die gemeentesamekoms veronderstel 'n "gemeenskap van gelowiges."[8] In hierdie samekoms moet koinonia as 'n besliste moment in die liturgiese gebeure ervaar word. Die individue moet onderling gemeenskap ondervind.

Die offergawe as liturgiese gebeurtenis bied 'n ideale geleentheid om dié gemeenskap bewustelik te ervaar. Dit is diens aan God en diens aan medemens. Dit sluit die hele mens in sy menswees, in.[9] Die korporele gedagte kom tot sy reg as dit wat ingesamel is as 'n gawe van die gemeente aan God gewy word.[10]

Die koinonia gedagte vind ook uiting daarin dat persone binne die erediens deur die liturg betrek word om te bid, te getuig van God se handeling met die individu, sang, ensovoorts. Hierdeur word nie net 'n korporele ervaring aan aanbidding gegee nie maar die aanwesiges word opgebou en bemoedig. Gesamentlike voorbidding vir individue en groepe onderstreep die gemeenskap as liggaam van Christus.[11] Koinonia maak die gemeente 'n eenheid.

As liturgiese moment word kononia tot 'n hoogtepunt in die Eucharistiese maaltyd en doop gevoer.[12] Dit is dan ook die volgende moment in die liturgie wat bespreek word.

## 2.3 DIE EUCHARISTIESE MAALTYD EN DOOP BRING EENHEID

Van die opdragte wat die Here Jesus Christus aan sy Kerk gegee het, is prediking, die doop[13] en die maaltyd van die Here die mees prominente en sigbare elemente in die erediens. Al drie het 'n dimensie waarin God spreek, die individu deel kry aan God se genade en die gemeente gemeenskaplik deelneem.[14]

In hierdie maaltyd en doop word God se genade verkondig[15] en word die individue by 'n belydenisakte[16] ingesluit. Maar die gemeente word in koinonia verenig by die doop as geleentheid

waarby die nuutbekeerde gevoeg (Engels - Initiation)[17] word en die maaltyd waar die gemeente korporeel hulle met Christus se dood en opstanding identifiseer. Deur hierdie moment in Christelike liturgie betuig God sy genadewerk, word die individue by die genadewerk ingesluit en word die gemeente tot gemeenskapoefening onderling gelei.[18]

Voortvloeiend uit die koinonia van die gemeente met mekaar en met God volg dit dat dankbaarheid die gelowiges tot gebed sal motiveer. Die gebede is die laaste hoofmoment wat as liturgiese gebeure hier bespreek word.

## 2.4 DIE GEBEDE VERKLAAR DANKBAARHEID[19]

Van die begin[20] af was Christelike aanbidding gekenmerk deur die insluiting van gebede in die liturgiese aktiwiteite. 'n Historiese ondersoek bevind dat gebede ook deurgaans in die geskiedenis van die Kerk in Christelike aanbidding gevind kan word.[21]

Dit is dan ook veral die "onse Vader"[22] wat as gebed deur Christus aan sy dissipels geleer is, wat 'n prominente plek in die vroeë gemeentes[23] van die Nuwe Testament ingeneem het. Die aandrang is dus dat gebede deur individue en die groep sal opgaan maar altyd in die gesindheid dat die gemeente die gebed bid.

Hierdie gebede kan verskillende vorme aanneem maar in die loop van 'n spesifieke erediens moet die gebede sekere gebiede of kategorië van gebed dek.[24] Hierdie kategorië behels smeking, voorbidding en danksegging.[25] Smeking sluit belydenis van sonde, afhanklikheid aan God en verootmoediging in, terwyl voorbidding petisie en versoeke wat op behoefte gegrond is, oordra. Danksegging het altyd 'n kleur van lof, prysing en verheerliking daarin. Op dié wyse word die dialoog tussen God en mens in Christelike aanbidding [26] tot sinvolheid gevoer.

Die gebede as liturgiese moment verklaar dankbaarheid waaruit vrymoedigheid kom om weer te vra. Al vraag wat nou oorbly is om te bepaal in watter verhouding die elemente in die liturgiese orde tot mekaar moet staan.

## 2.5 DIE ONDERLINGE VERHOUDING TUSSEN LITURGIESE MOMENTE

Alhoewel die aktualiteitsprobleem van die liturgie aan die deur van die prediking gelê is, kan die prediking nie losstaande van die ander liturgiese gebeure die probleem oplos nie. Aanbidding kan alleen sinvol wees as dit al die elemente of momente hierbo insluit. Dit moet egter op só 'n wyse in die erediens voorkom dat dit aan al die sielkundige en teologiese beginsels[27] voldoen. As sulks vorm dit die konteks waarbinne die prediking voorkom.[28]

In die lig van dié konklusie moet die momente in die liturgie mekaar aanvul en nie oorheers nie. Ek is egter oortuig dat die spreke van God as moment in die liturgie volgens orde van belangrikheid, eerste geplaas moet word. Hierna moet die onderlinge verbondenheid, koinonia, beide met mekaar en met God tot sy reg kom. Hierdie gemeenskap word tot 'n hoogtepunt in die Eucharistiese maaltyd en doop gevoer terwyl die gebede die aanbidding afrond. As ontmoetingsgebeure is die liturgiese momente vorms en funksies waardeur liturgiese waarneming en aksie uitgevoer word.

'n Gebalanseerde benadering tot die verskillende liturgiese momente in die erediens is die reël wat aanbidding sinvol en aktueel sal aanbied. Prediking kan in die lig van dié insigte in perspektief met die ander liturgiese gebeure geplaas word.

## 3 PREDIKING AS LITURGIESE MOMENT IN PERSPEKTIEF MET ANDER MOMENTE IN DIE LITURGIE

Prediking is 'n noodsaaklike en integrale deel van die erediens.[29] Saam met ander gebruike van die Bybel in die erediens vorm dit die hoofmoment, naamlik die spreke van God, in die liturgie. God kom aan die Woord om as Senior Vennoot in die dialoog sy volk te ontmoet[30] en só sy versoeningswoord in die hede eksistensialisties te spreek.

Die prediking kan egter nooit van die Bybel losgemaak word nie. Dit kan alleen vanuit die Skrifteks uitgaan. Prediking aktualiseer die Skrifgedeelte in die hede.[31] Dit moet altyd 'n eksposisie van die Skrif wees, [32] 'n verklaring van die unieke boodskap van die Bybel met

'n toepassing daarvan op die unieke situasie van die hoorders.[33] Skriflesing moet saam met die prediking één liturgiese daad[34] tydens die erediens wees.

Die voorafgaande paragraaf impliseer egter dat die verskillende momente in harmonie met mekaar 'n simfonie van aanbidding daar moet stel. Nagmaal, gebede of sang kan nie losstaande en as entiteite op sigself, as items, in die liturgie voorkom nie. Die geheelbeeld moet saam met die prediking gehandhaaf word,[35] om sō die mens aktueel tot meelewing te voer.

## 4 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die onderlinge verhouding tussen die verskillende momente met mekaar en in besonder met die prediking omskryf.

Die moderne mens moet die erediens as 'n aktuele gebeure beleef. Dit is alleen moontlik as die aanbidding wat hy moet meemaak sinvol saam met die prediking beleef word. Prediking moet dus as integrale deel van die erediens 'n eenvormige tema in die liturgiese gebeure handhaaf.

Hierdie studie kan nou afgerond word deur in 'n finale konklusie die insigte saam te vat.

---oo0oo---

# HOOFSTUK 9

# KONKLUSIE

## 1 INLEIDING

Hierdie studie erken dat die Christelike Kerk deur al die eeue heen met die probleem geworstel het om sy Godsdiens aktueel aan die mens voor te hou. Elke nuwe geslag sal telkens weer 'n antwoord moet soek op die vraag na betekenisvolle en relevante belewenis van Godsdiens. Dit is dan ook in besonder waar met betrekking tot die prediking.

Die Christelike Kerk worstel vandag met dié aktualiteitsprobleem. Die verdediging wat aangewend word om te verklaar dat prediking altyd relevant en aktueel is omdat die Bybel altyd relevant en aktueel is, hou net nie water nie. Dit is 'n simplistiese benadering wat die feitelike situasie van die mens ontken . Prediking kan en mag nooit slegs tot 'n lopende kommentaar (Engels - running commentary) beperk word nie.

Om verder Kerklike leerstelling tot bron en maatstaf vir die prediking te verhef, ontken eweneens die mens in sy bestaansdimensie. Prediking kan en mag nooit tot 'n sedeles of etiese toespraak gedegradeer word nie. Prediking is in hierdie studie as méér as bloot 'n toespraak aangedui, maar altyd met die oog op die mens in sy nood.

In hierdie hoofstuk word die konklusies waartoe daar geraak is, saamgevat om as antwoord op die aktualiteitsprobleem vir die huidige moderne mens te geld. Hierdie konklusies word kortliks weer gestel sodat 'n teleskopiese blik op die hele werkstuk moontlik is.

Vanuit die probleemstelling is daar na die mens gekyk vanuit 'n Bybels-teologiese, sielkundige en maatskaplike oogpunt.

## 2 KONKLUSIES WAT VOORVLOEI UIT DIE BESINNING OOR DIE MENS

Die besinning oor die mens het bevind dat die prediker nie aktueel of relevant in die prediking kan wees indien die mens nie as eksistensialistiese wese verstaan en in ag geneem word nie. Daar is opgelet dat die Bybelse Teologie die mens as liggaam beskryf. Hierdie konklusie het die implikasie dat die mens 'n belangrike bydrae te make het in

die kommunikasieproses in die erediens. Die mens beleef 'n bepaalde fisiese werklikheid wat sy vermoëns, beperkinge, behoeftes en omgewing insluit. Die mens staan in verhouding tot homself en moet as sulks by die prediking betrokke wees. Hierdie vars benadering tot die mens kan die prediking tot aktualiteit lei.

Verder leer die mens se liggaamsbestaan die prediker dat die mens ook 'n emosionele werklikheid beleef. Die mens kan in beheer van homself wees of nie, hy kan in 'n versoende verhouding tot God en mens staan of nie. Die prediking moet met die mens bemoeienis maak, sy emosionele werklikheid verstaan en erken.

Daar is ook 'n vars toepassing gemaak tot die konklusie van die Bybelse Teologie naamlik dat die mens gees is. Hieruit is die mens as 'n selfbewuste wese wat in sy totale menswees erken moet word, omskryf. Hierdie selfbewuswees van die mens word sterk beïnvloed vanuit die mens se onbewuste belewenis. Prediking sal van argetipes en simbole gebruik moet maak wat die mens tot deelname en gesprek motiveer.

Die mens as gees dui die mens verder as 'n willende persoon aan, wat ideale en doelstellings nastreef. Hierdie mens soek na sin en betekenis in sy lewe en die prediking moet dié singewing moontlik maak. Daar is verder bevind dat die mens in verhouding tot ander mense, sy omgewing en met God staan. Die invloed en implikasie hiervan kan nooit deur die prediking gering geskat word nie.

Met die besinning oor wat die mens vir die prediker vanuit 'n sielkundige perspektief is, is opgemerk dat die mens 'n geestelike dimensie tot sy lewe handhaaf. Hier gaan dit om waardes wat die mens stel om 'n sinvolle bestaan moontlik te maak. Prediking mag dié feit nie ignoreer nie en 'n waardesisteem voorstel wat die mens tot volheid van lewe lei.

Daar is opgemerk dat die mens 'n ontwikkelende wese is. Vermoëns en beperkinge wissel na gelang van ouderdomsverskille. Die prediker wat die mens in sy bepaalde ontwikkelingsfase ignoreer het by voorbaat geen aanspraak op die kansel nie. Die prediker moet moeite doen om die mens wat die erediens meemaak op sy ontwikkelingsvlak te ontmoet.

Die prediking moet egter die mens sien as 'n denkende wese wat met Bybelse feite gekonfronteer moet word. Saam met ander mense word die mens deur groepsdenke beïnvloed. Daar moet dus bepaald in die prediking ook aan die filosofiese sin en betekenis van die lewe aandag gegee word.

Die mens is ook vanuit 'n maatskaplike perspektief beskryf. Elke nuwe geslag beleef sy maatskaplike omgewing anders as die volgende. Die mens in Suid-Afrika (1986) staan onder die dominansie van 'n geïndustraliseerde samelewing, waarin die industrie die vorm van 'n "god" inneem. Dit beheer die mens se lewensstyl, tempo en gehalte van lewe wat hy sal ly. Die algemene ekonomiese stand op 'n gegewe tydstip sal unieke reaksie ontlok, so ook die werksomstandighede waarbinne die individu homself bevind. Prediking wat aktueel wil wees moet die mens met sy unieke omstandighede in ag neem.

'n Verdere maatskaplike feit wat beskryf is vra dat die prediker simpatiek moet wees teenoor die mens in die lig van die afbreek in persoonlike, mens tot mens kommunikasie. Die onstabiele en onsekere wêreld waarin die moderne mens leef vra dat prediking dië omstandighede in ag neem en in die gemeente, broederskap daarstel.

Die mens se kultuur staan aangedui as 'n primêre bron van invloed op maatskaplike gebied. Prediking wat nie die mens in sy kulturele agtergrond bedien nie sal tot ondergang gedoem wees. Die persoon se spesifieke taal en kulturele gebruik kan nuttig deur die prediking ingespan word om as aktuele prediking na vore te tree.

Met dië begrip van die mens kan die prediking die nood en die behoefte van die mens ontmoet, kan dit aktueel en relevant die konkrete situasie van die mens aanspreek. Dit is egter ook van belang dat die prediker die liturgiese gebeure verstaan om die mens binne dië raamwerk te bedien.

In die loop van die studie is daar op die stadium tot konklusies geraak met betrekking tot aanbidding en die beginsels wat dit beheer.

## 3 AANBIDDING EN DIE BEGINSELS WAT DIT BEHEER

Om aanbidding te verstaan is 'n kritiese evaluasie van verskillende Kerklike en teologiese benaderings tot aanbidding gemaak. Op hierdie wyse is getrag om prediking te kontekstualiseer, om die ruimte waarbinne dit plaasvind, te begryp.

Die afleiding dat aanbidding primêr as 'n gesprek aangedui staan, het die prediking as 'n dominerende moment in aanbidding uitgewys. Met die daaropvolgende ondersoek na die konstante elemente wat van die vroegste tye in Christelike aanbidding voortbestaan het, is byeenkoms, viering en ontmoeting as primêre einskappe aangetoon. Die definiëring van aanbidding as die samekoms van gelowiges, die ekklesia, met die spesifieke doel om die heilsgebeure in die Here Jesus Christus in die ontmoeting tussen God en mens in 'n lewende gesprek in die erediens te vier, bepaal die konteks van die prediking. Die prediking kan sigself nooit losmaak van die gemeente nie en moet altyd die dialoog karakter behou om aan dié definisie reg te laat geskied.

Nadat dié definisie as konklusie geformuleer is, is die moontlikheid van 'n sielkunde van aanbidding, ondersoek. Daar is opgemerk dat daar verskeie raakpunte in beide die Sielkundige en Liturgiese besinning oor die mens is. Beide het met die perseptuele, kognitiewe prosesse en die onbewuste van die mens te doen, terwyl albei 'n ontologiese karakter ten toon stel. Die volgende beginsels wat aanbidding beheer is toe geformuleer. Prediking moet altyd argetipes, sekulêre en bonatuurlike taal asook 'n mistiese ondertoon, handhaaf. Op dié wyse sal die mens vastigheid en sekuriteit te midde van sy brose en feilbare lewe ondervind. Angs en eensaamheid sal met vrede en gemeenskap vervang word. Met dié sielkundige beginsels in gedagte kan die prediking die moderne mens op sy vlak, in sy konkrete situasie ontmoet.

Dit is egter opgemerk dat 'n balans tussen die eise van die moderne menswees en die eise van die Teologie gehandhaaf moet word. Daarom is bepaalde Teologiese beginsels geformuleer. Dit is bevind dat prediking deur die Nuwe Testament begrens word om waarlik Christelik te wees terwyl die dialoog, gesprek karakter onontbeerlik is. In Christelike aanbidding moet God altyd sentraal staan terwyl die inhoud altyd Christologies van aard moet wees.

Die laaste Teologiese beginsel vereis dat die gemeente altyd die ruimte is waarbinne aanbidding plaasvind. Met dié Teologiese beginsels as raamwerk word verseker dat prediking Christelike prediking sal bly.

Met die beskrywing van aanbidding en die beginsels wat aanbidding en prediking beheer en tot effektiwiteit lei, is prediking as liturgiese moment ondersoek. Die konklusies help die prediker om in sy aanbieding aktueel te wees.

## 4 DIE OMSKRYWING VAN PREDIKING AS LITURGIESE MOMENT

In die hantering van bogenoemde stelling is getrag om begrip te verkry oor die verstaan van die prediking vanuit 'n Bybelse sowel as Kerkhistoriese oogpunt. Met die basiese Teologiese vooronderstelling dat God Homself as 'n sprekende God aan die mensheid geopenbaar het, is daar na die Bybelse verstaan van die begrip gekyk. Dit is meteens duidelik dat prediking altyd beskou is as God wat tot sy volk en Kerk spreek. God het sy wil deur prediking aan mense bekend gemaak én is hierdie tradisie deur die vroeë Kerk voortgesit. Sodra die Godgegewe geskrifte nie meer in gebruik was nie, het die Godsdiens in duie gestort. Telkens as dié geskrifte herontdek word en deur prediking oorgedra is, het Godsdiens herleef.

In die tydperk van die Nuwe Testament tot en met die Reformasie is dié tendense gehandhaaf. Wanneer die Skrifte, die Bybel gepreek word staan die Godsdiens sterk maar wanneer dit mensdiens word en die Bybel van die mens weerhou word, ontstaan allerhande wanpraktyke. Met die Reformasie is die Bybel weer in allemanshand geplaas en veral deur prediking bekendgemaak met die dramatiese gevolge van die ontstaan van Protestantisme.

Dit is egter aangetoon dat indien die prediking sou afwyk van die Bybel om Kerkleerstellige of humanistiese redes, die prediking verval met die gevolglike stagnasie in die Godsdiens. Die konklusie van dié ondersoek is dat aktuele prediking die verkondiging van die Woord van God deur die eksposering en toepassing van 'n Skrifgedeelte aan die gemeente in sy konkrete situasie is.

Uit dië definiëring is bevind dat Christelike prediking altyd Bybelse prediking, wat die konkrete situasie van die gemeente in ag neem, moet wees. Dit moet verder deurgaans 'n dialogiese en verkondigingskarakter handhaaf. Met dië vereistes in gedagte kan die prediker die moderne mens bedien en tot ware deelname in die erediens en sinvolheid van lewe lei.

Die laaste saak wat bespreek is, is die plek van prediking as moment in die erediens naas ander liturgiese momente. Dit is bevind dat die Woord van God as hoofmoment in die erediens uitstaan en die onderlinge gemeenskap tot stigting van die mens voer. Prediking is 'n noodsaaklike en integrale deel van die erediens. Saam met ander gebruike van die Bybel vorm dit die hoofmoment, naamlik dat God as Senior Vennoot aan die Woord kom om sy volk só te ontmoet. Dit kan nooit van die Bybel losgemaak word nie, dit is altyd 'n eksposisie van 'n Skrifgedeelte omdat prediking die Skrif in die hede aktualiseer.

Die antwoord op die aktualiteitsprobleem van die liturgie en prediking lê dus daarin dat die prediking met die mens as eksistensialistiese wese in gedagte die Woord van God in sy konkrete situasie toepas.

Hierdeur kom beide God en mens tot hul reg en word die versoening wat God in die Here Jesus Christus bewerk het, 'n werklikheid. Die unieke boodskap van die Bybel spreek die unieke situasie van die mens versoenend aan.

> "As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom;" I Petrus 4:11.

oooOooo

# EINDNOTAS

## HOOFSTUK 1

1 Pieterse, H J C: SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING, p1. Sien ook De Klerk et al, AKTUELE PREDIKING.

2 Ook as die Charismatiese- of Vernuwingsbeweging bekend.

3 De Klerk et al, op. cit. p4.

4 I Korinthiërs 1:21.

5 Renwick, A M: THE STORY OF THE CHURCH, p39.

6 Ibid p97, 124, 125.

7 Runia, K: THE SERMON UNDER ATTACK, piv. Sien ook De Klerk et al, op. cit. p4.

## HOOFSTUK 2

1 Bultmann, R: THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Volume 1.

2 Guthrie, D: NEW TESTAMENT THEOLOGY, Voetnota 169, p172.

3 Ladd, G E: A THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, p359v.

4 Davidson, A B: THE THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT.

5 Durand, J J F: SKEPPING, MENS EN VOORSIENIGHEID.

6 Vir 'n verdere uitbreiding van so 'n lys van name kan G E Ladd, op. cit. p457, geraadpleeg word.

7 De Klerk, et al, op. cit. p2.

8 Bevan, E: SYMBOLISM AND BELIEF, 1938, p10v.
vergelyk ook met Hoon, P: THE INTEGRITY OF WORSHIP, p98.

9 Bevan, E: op. cit. p12.

10 'n Begrip wat deur Rudolf Otto se beskrywing van "numinous", in sy "The Idea of the Holy" betekenisvol uitgedruk word.

11 Clift, W B: JUNG AND CHRISTIANITY, p62v, Vergelyk ook met Nida, E A: MESSAGE AND MISSION p3.

12 Bultmann, R: op. cit. p192.

13 Ladd, G E: op. cit. p464.

14 Ladd, G E: op. cit. p464.

15 Sien p62 van hierdie werkstuk.

16 Abbey, M R: COMMUNICATION IN PULPIT AND PARISH, p36 en 55v.

17 Ibid. p202v.

18 Fourie, H P: COMMUNICATION BY OBJECTIVES, p1.

19 Ibid. p2v.

20 Ibid. p4.

21 Abbey, M R: op. cit. p204.

22 Oden, T C: PASTORAL THEOLOGY, p26.

23 Ibid. p26v.

24 Ibid. p32.

25 II Timotheus 3:16 & 17.

26 Aangehaal deur William Fant: TWENTY CENTURIES OF GREAT PREACHING, p96v.

27 Ibid. p98.

28 Ibid.

29 Crocker, L: HARRY EMMERSON FOSDICK's ART OF PREACHING, p36.

30 Bultmann, R: op. cit. p192v, werk dié feite meesterlik uit.

31 Ibid. p206.

32 Ladd, G E: op. cit. p463.

33 Bevan, E: op. cit. p134v.

34 Rossi, E: THE CEREBRAL HEMISPHERE IN ANALYTIC PSYCHOLOGY, p32v.

35 Ibid. p46.

36 Carl Jung deur Rossi, E: aangehaal in ibid. p44.

37 Jacobi, J: THE PSYCHOLOGY OF C G JUNG p18. Sien ook Ryckman R M: THEORIES OF PERSONALITY, p72.

38 Jacobi, J: op. cit. p10 en Ryckman, R M: ibid. p72.

39 Storr, A: THE ESSENTIAL JUNG, p140v.

40 Ibid. p140v.

41 Ryckman, R M: op. cit. p72.

42 Jacobi, J: op. cit. p52v

43 Boice, J M: in a article "THE GREAT NEED FOR GREAT PREACHING" in die Desember 1974 uitgawe van "CHRISTIANITY TODAY" p7.

44 Frankl, V: PSYCHOTHERAPY AND EXISTENSIALISM, p26v.

45 Hattingh, W J: VERKONDIGING EN VIERING AS TERAPEUTIESE MOMENTE IN PASTORALE VERSORGING, p8v.

46 Freedman, J L et al: SOCIAL PSYCHOLOGY, p4v.

47 Wolf, H W: ANTHROPOLOGY OF THE OLD TESTAMENT, p161v.

48 Genesis 1:28 & 29.

49 Genesis 3.

50 Dit is belangrik dat die leser sal begryp dat "dood" nie "vernietiging" beteken nie, maar wel die betekenis van skeiding dra. Vergelyk Genesis 2:16 met Genesis 3:22, Efésiërs 2:1, 2, 11 en 12; Romeine 6:13 ens.

51 Bultmann, R: op. cit. p209.

HOOFSTUK 3

1 Soos oor 'n wye spektrum in sielkundige en maatskaplike studies aangetoon is. Skrywers wat in gedagte kom is:- Brammer, L en Shostram; Jung, G; Evans, E; Meier, P; Minirth, F en Wichern, F; Kimmel, D; Pikunas, J in die sielkunde veld en vir maatskaplike studies:- Berger, 1; Cox, H; Mitton, C L; O'Dea, T; Thompson, H ens.

2 Freud en Adler.

3 Jung en Frankl.

4 Met sy Logoterapie en die begrip noögeniese neurose.

5 Frankl, V: PSYCHOTHERAPY AND EXISTENSIALISM, p3v.

6 Ibid. p63 en 270.

7 I Petrus 4:11 (Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel).

8 Frankl, V: op. cit. p25v.

9 Bijlsma, R: KLEINE CATECHETIER, p119.

10 Barnard, J S: SIELKUNDE VIR ONDERWYS STUDENTE, p282.

11 Bijlsma, R: op. cit. p119v. Sien ook Barnard, J S: op. cit. p287.

12 Bijlsma, R: op. cit. p120.

13 Pikunas, J: HUMAN DEVELOPMENT, p240.

14 Zuck, R B et al: YOUTH EDUCATION IN THE CHURCH. p70.

15 Pikumas, J: op. cit. p331.

16 Ibid. p333.

17 Kimmel, D C: ADULTHOOD AND AGING, p255.

18 Pikunas, J: op. cit. p351.

19 Ibid. p355.

20 Forsyth, P: POSITIVE PREACHING, p82v.

21 Watson, D: I BELIEVE IN EVANGELISM, p16v.

22 Romeine 3:10-18; Markus 7:20-23.

23 Forsyth, P: op. cit. p102 en Watson, D: op. cit. p20.

24 Frankl, V: op. cit. p xx van die Inleiding tot sy boek.

25 Ibid. p xvi.

26 Ibid.

27 Watson, D: op. cit. p20.

28 Meier, P et al; op. cit. p303. Branner, L en Shostram, E: THERAPEUTIC PSYCHOLOGY, p51v kan ook in die verband gesien word.

29 De Gruchy, J W: THE CHURCH IN OUR CITIES, p12, 13.

30 Cox, H: THE SECULAR CITY, p1.

31 Carstens, G F: KERK EN INDUSTRIE, p70.

32 De Gruchy, J W: op. cit. p10.

33 Verskeie publikasies is vir die persoon wat belangstel beskikbaar, waarvan die volgende 'n paar is:-

+ Catherwood, H F R: THE CHRISTIAN IN INDUSTRIAL SOCIETY.
+ Cox, H: op. cit.
+ Kane, M: THEOLOGY IN AN INDUSTRIAL SOCIETY.
+ Miller, S H: RELIGION IN A TECHNICAL AGE.
+ NG Kerkkongres verslag: KERK EN INDUSTRIE.
+ Zielhuis, L: DE KERK ZOEKT EEN WEG NAAR DE INDUSTRIëLE WERELD.

34 Heuer, N A C: EXECUTIVE STRESS.

35 Zielhuis, L: op. cit. p7.

36 Miller, S H: op. cit. p5, Sien ook Watson, D: op. cit. p18.

37 Watson, D: op. cit. p16.

38 Ibid. p18v.

39 Jesaja 43:4; I Korinthiërs 6:20 ens.

40 Nürnberger, K: Artikel in Journal of Religion in Africa, Vol.VII: THE SOTHO NOTION OF THE SUPREME BEING AND THE IMPACT OF THE CHRISTIAN PROCLAMATION, p174.

41 I Korinthiërs 9:20 & 21.

42 Mc Gee, R: POINTS OF DEPARTURE, p19.

43 Miller, S H: op. cit. p5.

44 Niebuhr, R: MORAL MAN AND IMMORAL SOCIETY, p93.

45 Miller, S H: op. cit. p58.

46 Ibid. p41.

HOOFSTUK 4

1 Jonker, H: LITURGISCHE ORIëNTATIE, p25v.

2 Eségiel 44:10-12.

3 Hebreers 9:21 en 10:11.

4 Lukas 1:23.

5 Hebreers 8:2 en 6.

6 Jonker, H: op. cit. p27.

7 Segler, F M: CHRISTIAN WORSHIP, Its theology and practice, p6.

8 Jones C et al: THE STUDY OF LITURGY, p5.

9 Ibid.

10 Barnard A C: DIE EREDIENS, p385v.

11 Hoon, P W: THE INTEGRITY OF WORSHIP, p95v.

12 I Petrus 4:11 (Nuwe Vertaling).

13 Barnard, A C: op. cit. p386

14 Hoon, P W: op. cit. p91v.

15 Von Allmen, J-J: WORSHIP ITS THEOLOGY AND PRACTICE (1965), p25.

16 Hoon, P W: op. cit. P137.

17 Ibid. p102v.

18 Ibid. p34.

19 Von Allmen, J-J: op. cit. p24

20 Dix, D G: THE SHAPE OF THE LITURGY, p xi.

21 Küng, H: THE CHURCH, p81.

22 Von Allmen, J-J: op. cit. p15.

23 Sien p48 van hierdie studiestuk.

24 White, J F: CHRISTIAN WORSHIP IN TRADITION, p87.

25 Hoon, P W: op. cit. p105 en Barnard, AC: op cit. p391.

26 Von Allmen, J-J: op. cit. p33.

27 Segler, F M: op. cit. p8.

28 Bailey, R W: NEW WAYS IN CHRISTIAN WORSHIP, p17. Sien ook Barnard, A C: op. cit. p416v.

29 Martin, R P: THE WORSHIP OF GOD, p11. Sien ook Jonker, H: op. cit. p115 en Jones C et al: op. cit. p13.

30 Hoon, P W: op. cit. p129. Sien ook White, J F: op. cit. p87.

31 Segler, F M: op. cit. p9. Sien ook Barnard, A C: op. cit. p422; Hoon, P W: op. cit. p130 en Jonker, H: op. cit. p31.

32 Hoon, P W; J-J von Allmen; Segler, F; Jonker, H; en andere.

33 Blei, K: DE KINDERDOOP IN DISKUSSIE, Hoofstuk 2, en Van der Walt, I H: DIE DOOP: 'N SAKRAMENT?, Ongepubliseerde M-verhandeling by Unisa in 1981 ingedien, p46-48, 84-96. Sien ook Von Allmen, J-J: op. cit. p147.

34 Blei, K: op. cit. p20v.

35 Van der Walt, I H: op. cit.

36 Hoon, P W: op. cit. p93.

37 Jonker, H: op. cit. p115.

38 Sien Deel I van hierdie studie vir 'n omskrywing van die mens in sy huidige belewenis.

39 Barth, K: EVANGELICAL THEOLOGY - An Introduction, p37.

HOOFSTUK 5

1 Oates, W: THE CHRISTIAN PASTOR, p114 wat die term van Charles Kemp oorgeneem het.

2 De Villiers, D W: PREDIKING EN PASTORAAT, p12 wat vir Overduin J aanhaal.

3 Bailey, R W: op. cit. p39.

4 Sien onder andere Sadler, W A: PERSONALITY AND RELIGION; Heanley, J J: PSYCHE AND SPIRIT, asook ander boeke waarna die eindnotas van hoofstuk 5 verwys.

5 Von Allmen, J-J: op. cit.p39.

6 Pruyser, P W: A DYNAMIC PSYCHOLOGY OF RELIGION, 1964.

7 Hoon, P W: op. cit.

8 Jordaan, W J et al: ALGEMENE SIELKUNDE, p331-625; du Toit, J M et al: SIELKUNDE, p131-142 asook in patalogiese gevalle soos Suin, R M: FUNDAMENTALS OF BEHAVIOR PATHOLOGY, p216, 217, 263, 401.

9 Pruyser, P W: op. cit. p21v. Sien ook Hoon, P W: op. cit. p240.

10 Allport, G W: THE INDIVIDUAL AND HIS RELIGION, p9v.

11 Sien p14 en 15 van hierdie werkstuk.

12 Allport, G W: op. cit. p14v. Sien ook Pruyser, P W: op. cit. hoofstukke 6, 8, 9, 10.

13 p20 van hierdie werkstuk.

14 Hoon, P W: op. cit. p215.

15 Ibid. p235v.

16 Ibid. p237.

17 Ibid. p235.

18 II Korinthiërs 5:17.

19 Hoon, P W: op. cit. p238.

20 Ibid. p242.

21 Ibid.

22 Ibid. p243.

23 Barth, H: EVANGELICAL THEOLOGY, p182v. Sien ook Segler F M: CHRISTIAN WORSHIP.

24 Hoon, P W: op. cit. p245.

25 Ibid. p231.

26 Sien Deel I van hierdie studie.

27 Tillich, P: THE COURAGE TO BE.

28 Sien p40v van hierdie studie.

29 Von Allmen, J-J: op. cit. P171v.

30 Segler, F M: op. cit. p82.

HOOFSTUK 6

1 Von Allmen, J-J: op. cit. p96.

2 Ibid.

3 Jones, C et al (ed): op. cit. p7.

4 Von Allmen, J-J: op. cit. p96.

5 Handelinge 2:42.

6 Handelinge 3:7.

7 Jones, C et al (ed): op. cit. p7.

8 Sien ook p57 van hierdie studie.

9 Hoon, P W: op. cit. p129.

10 Martin, R P: THE WORSHIP OF GOD, p6 en 10.

11 Aangehaal deur de Villiers, D W: PREDIKING EN PASTORAAT, p9.

12 Barnard, A C: DIE EREDIENS p394. Sien ook Hahn, W: WORSHIP AND CONGREGATION p15v.

13 Martin, R P: op. cit. p17.

14 Hahn, W: op. cit. p15.

15 Hoon, P W: op. cit. p93.

16 Hahn, W: op. cit. p15v.

17 Sien Hoofstuk 8 p82 van hierdie studie.

18 Von Allmen, J-J: (1965) op. cit. p32v.

19 Barnard, A C: op. cit. p392.

20 Jones, C et al (ed): op. cit. p13.

21 Hoon, P W: op. cit. p77, 122v, 131.

22 Webber, R E: WORSHIP OLD & NEW, p94v.

23 Sien p50 en 51 van hierdie studie. (Sien Hoofstuk 4).

24 Hoon, P W: op. cit. p103.

25 Ibid. p104v.

26 Jones, C et al (ed): op. cit. p19.

HOOFSTUK 7

1 Küng, H: THE CHURCH, p433.

2 Runia, K: op. cit. p18.

3 Aangehaal deur Klaas Runia, Ibid. p19.

4 p50 van hierdie studie.

5 Runia, K: op. cit. p21.

6 Sien Genesis 1, Psalm 33:9 ensovoorts.

7 Genesis 12: 1-3.

8 Deuteronómium 4:13 ensovoorts.

9 Webber, R E: op. cit. p102.

10 As voorbeeld kan Deuteronómium 4:9; 6:4-25; Ps.78:1-5 ensovoorts genoem word.

11 Webber, R E: op. cit. p102.

12 Jeremia 1:1 & 2.

13 Jesaja 1: 1 & 2.

14 Eségiël 1:1.

15 Barnard, A C: op. cit. p89.

16 Ibid. p88. Sien ook Bijlsma, R: op. cit. p38.

17 Barnard, A C: op. cit. p95v. Sien ook Martin, R P: WORSHIP IN THE EARLY CHURCH, p26v.

18 Simpson W W: JEWISH PRAYER AND WORSHIP, p41. Sien Jonker, H: LITURGISCHE ORIëNTATIE, p48v, en Webber, R E: op. cit. p28.

19 Maxwell, W D: AN OUTLINE OF CHRISTIAN WORSHIP, p5.

20 Runia, K: op. cit. p19.

21 Runia, K: op. cit. p20.

22 Sien Nida, E A: MESSAGE AND MISSION, p80v.

23 Green, M: EVANGELISM IN THE EARLY CHURCH, p48v.

24 Ibid. Sien ook Runia K: op. cit. p26.

25 Ibid. p70.

26 Ibid. p58.

27 Jones, C et al(ed): op. cit. p187.

28 I Thessalonisense 1:6 & 8, Kolossense 1:25 en 4:3, II Timotheus 2:9; 4:1; I Petrus 1:23v.

29 I Korinthiërs 15:3 & 4.

30 II Korinthiërs 5:18-21.

31 Johannes 1:18.

32 Runia, K: op. cit. p30.

33 Maxwell, W D: op. cit. p44.

34 Ibid. p12.

35 Ibid. p72.

36 Jonker, H: op. cit. p91.

37 Maxwell, W D: op. cit. p74.

38 Runia, K: op. cit. 32.

39 Ibid.

40 Aangehaal deur Runia, K in voetnota Nr.32: op. cit. p38.

41 Sien Runia, K: op. cit. p32v.

42 Barnard, A C: op. cit. p281.

43 Runia, K: op. cit. p33 & 34.

44 Barnard, A C: op. cit. p282.

45 Renwick, A M: THE STORY OF THE CHURCH, p147.

46 Davies, H: WORSHIP AND THEOLOGY IN ENGLAND, Volume 1, p294v.

47 Ibid. p296.

48 Pieterse, H J C: op. cit. p11.

49 Pieterse, H J C: op. cit. p11.

50 Pinnoch, C H et al (ed) TOWARD A THEOLOGY FOR FUTURE, p105. sien ook ibid. p16.

51 Runia, K: op. cit. P34.

52 Pieterse, H J C: op. cit. p16.

53 Ibid. p17.

54 Runia, K in sy artikel "BARTH'S VIEW OF PREACHING" in Vox Reformata, Nr. 33 (1979), p12v.

55 Pieterse, H J C: op. cit. p17.

56 Runia, K: in sy artikel. op. cit.

57 Aangehaal deur Runia, K: ibid. p13.

58 Ibid. p14.

59 Ibid. p15.

60 Horton Davies se begrip in Davies, H: WORSHIP AND THEOLOGY IN ENGLAND, Volume II 1968.

61 Ibid. p211-254.

62 Ibid. p212v.

63 Ibid. p236v.

64 Ibid. p244v.

65 Maxwell, W D: op. cit. p167.

66 Davies, H: op. cit. (1965) p250.

67 Ibid. p230v.

68 Ibid. p231.

69 I Petrus 4:11 (Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel).

70 Runia, K: THE SERMON UNDER ATTACK, p30.

71 Ibid. 65.

72 Ibid. 75.

73 Ibid. 78.

74 de Villiers, D W: PREDIKING EN PASTORAAT, p5.

75 Runia, K: op. cit. p93v.

76 Von Allmen, J-J: PREACHING AND CONGREGATION, 1962, p7.

77 Ibid. p20v.

78 Keck, L: THE BIBLE IN THE PULPIT, 105v.

79 Ibid. p106v. Sien ook Runia K: op. cit. p48v.

80 Runia, K: op. cit. p52.

81 Keck, L: op. cit. p106.

82 Von Allmen, J-J: op. cit. 1962, p32v.

83 Sien p61v van hierdie werkstuk. Sien ook Runia, K: op. cit. p54.

84 Birster, C W: PASTORAL CARE IN THE CHURCH, p115.

85 Sien p62 van hierdie studie.

86 Sien Abbey, M R: COMMUNICATION IN PULPIT AND PARISH. Deel I.

87 Ibid. p144v. Sien ook Jonker, W D: op. cit. p90v.

88 Jonker, W D: op. cit. p90.

HOOFSTUK 8

1 Sien p49 van die studie.

2 Jonker, H: op. cit. p99. Sien ook Mattheus 18:20, sien ook Hahn, W: op. cit. p49.

3\. Sien die bespreking van die gebruik van "ontmoetingsgebeure" eerder as sakrament by p49 van die studie.

4 Maxwell, W D: op. cit.

5 Von Allmen, J-J: op. cit. 1965, p130.

6 Handelinge 2:42. Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel.

7 Von Allmen, J-J: op. cit. p171.

8 Apostoliese Geloofsbylydenis.

9 Sien Hoon, P W: op. cit. p232.

10 Von Allmen, J-J: op. cit. 1965, p172.

11 Sien I Korinthiërs 12:1-29; Efësiërs 4:11-16.

12 Von Allmen, J-J: op. cit. 1965, p171.

13 Mattheus 28:19.

14 I Korinthiërs 11:23 ensovoorts.

15 Vir die Nagmaal sien I Korinthiërs 11:26 en vir die doop sien Romeine 6:1-14.

16 Sien p50 van hierdie studie.

17 Jones, C et al; op. cit. 82v.

18 Jonker, H: op. cit. p132.

19 Sien Sondag 45, vraag 116 van die Heidelbergse Kategismus.

20 Von Allmen, J-J (1965): op. cit. p158.

21 Maxwell, W D: op. cit.

22 Mattheus 6:9-13.

23 Sien Romeine 8:15, Galasiërs 4:6.

24 Von Allmen, J-J (1965): op. cit. p160.

25 Filippense 4:6.

26 Sien p62 van hierdie studie.

27 Sien hoofstukke 5 & 6 van hierdie studie.

28 Sien hoofstuk 4 van hierdie studie.

29 Von Allmen, J-J: op. cit. (1962), p32v.

30 Sien hoofstuk 4 van hierdie studie.

31 Jonker, H: op. cit. p115v.

32 Sien Barth K, se siening p74 van die studie.

33 Sien p26v van hierdie studie.

34 Sien p73 van hierdie studie.

35 Von Allmen, J-J: op. cit. (1965), p33.

oooOooo

# BRONNELYS


1 Abbey, M R: COMMUNICATION IN PULPIT AND PARISH, 1973, Westminster Press.

2 Allport, G W: THE INDIVIDUAL AND HIS RELIGION, 1972, Macmillan Publishing Company.

3 Bailey, R W: NEW WAYS IN CHRISTIAN WORSHIP, 1981, Broadman Press.

4 Barnard, A C: DIE EREDIENS, 1981, N.G. Kerkboekhandel.

5 Barnard, J S: SIELKUNDE VIR ONDERWYS-STUDENTE, 1964, HAUM.

6 Barth, K: EVANGELICAL THEOLOGY - AN INTRODUCTION, 1963, Eerdmans Publishing Company.

7 Bevan, E: SYMBOLISM AND BELIEF, 1962, Fontana Library.

8 Berger, P: PYRAMIDS OF SACRIFICE - POLITICAL ETHICS AND SOCIAL CHANGE, 1977, Pelican Books.

9 Bijlsma, R: KLEINE CATECHETIEK, 1981, Callenbach.

10 Blei, K: DIE KINDERDOOP IN DISKUSSIE, 1981, Kampen.

11 Brammer, L en Shostrom, E: THERAPEUTIC PSYCHOLOGY - FUNDAMENTALS OF ACTUALIZATION COUNSELING AND PSYCHOTHERAPY, 1960, Prentice Hall.

12 Brister, C W: PASTORAL CARE IN THE CHURCH, 1977, Harper & Row.

13 Bultmann, R: THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Volume 1, 1952, SCM Press.

14 Catherwood, H: THE CHRISTIAN IN INDUSTRIAL SOCIETY, 1966, Tyndale Press.

15 Chartier, M R: PREACHING AS COMMUNICATION - AN INTERPERSONAL PERSPECTIVE, 1981,Abingdon.

16 Clift, W B: JUNG AND CHRISTIANITY - THE CHALLENCE OF RECONCILIATION, 1982, Crossroad.

17 Cox, H: THE SECULAR CITY, 1978, Macmillan Publishing Company.

18 Crocher, L: HARRY EMMERSON FOSDICK'S ART OF PREACHING.

19 Davies, H: WORSHIP AND THEOLOGY IN ENGLAND, Volume 5, 1965, Princeton.

20 Davies, H: WORSHIP AND THEOLOGY IN ENGLAND, Volume I, 1970, Princeton.

21 Davidson, A B: THE THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT, 1955, Clark.

22 De Gruchy, J W: THE CHURCH IN OUR CITIES, 1970, SA Council of Churches.

23 De Klerk, J J (Ed): AKTUELE PREDIKING, 1979, NG Kerkboekhandel.

24 De Villiers, D.W: PREDIKER EN PASTORAAT, 1977, NG Kerk-Uitgewers.

25 Dix, D G: THE SHAPE OF LITURGY, 1945, Dacre Press.

26 DURAND, J J: SKEPPING MENS EN VOORSIENIGHEID, 1982, NG Kerkboekhandel.

27 Du Toit, J M en Van der Merwe, A B: SIELKUNDE 'N ALGEMENE INLEIDING, 1970, HAUM.

28 Evans, E D (Ed): CHILDREN: READING IN BEHAVIOUR AND DEVELOPMENT, 1968, Holt, Rinehart en Winston.

29 Fant, W: TWENTY CENTURIES OF GREAT PREACHING, Word Publishers.

30 FORSYTH, P: POSITIVE PREACHING AND THE MODERN MIND, 1957, Independent Press.

31 Fourie H P: COMMUNICATION BY OBJECTIVES, 1975, McGraw-Hall.

32 Frankl, V: PSYCHOTHERAPY AND EXISTENCIALISM, 1967, Simon and Schuster.

33 Freedman, J, Carlsmith, J en Sears, D: SOCIAL PSYCHOLOGY, 1974, Prentice - Hall.

34 Green, M: EVANGELISM IN THE EARLY CHURCH, 1970, Eerdmans Publishing Company.

35 Guthrie, D: NEW TESTAMENT THEOLOGY, 1981, Inter-Varsity Press.

36 Hahn, W: WORSHIP AND CONGREGATION, 1963, Lutherworth Press.

37 Hall, T: THE FUTURE SHAPE OF PREACHING, 1973, Fortress Press.

38 Hattingh, W J: VERKONDIGING EN VIERING AS TERAPEUTIESE MOMENTE IN PASTORALE VERSORGING, 1984, Ongepubliseerde Doktorsverhandeling by UNISA ingedien.

39 Heanly, J J (Ed): PSYCHE AND SPIRIT, 1973, Paulist Press.

40 Heuer, N A C: EXECUTIVE STRESS, 1983, La Mancha Sound.

41 Hoon, P W: THE INTEGRITY OF WORSHIP, 1971, Abingdon.

42 Jacobi, J: THE PSYCHOLOGY OF C G JUNG, 1968, Routledge and Kegan Paul.

43 Jones, C: Wainwright, G en Yarnold, E(Ed): THE STUDY OF LITURGY, 1978, SPCK.

44 Jonker, H: LITURGISCHE ORIëNTATIE, 1978, NG Kerkboekhandel.

45 Jonker, W D: DIE WOORD AS OPDRAG, 1976, NG Kerkboekhandel.

46 Jordaan, W J: Jordaan, J J: Nieuwoudt, J M: ALGEMENE SIELKUNDE - 'N PSIGOBIOLOGIESE BENADERING, Deel 2, 1985, McGraw-Hill.

47 Kane, M: THEOLOGY IN AN INDUSTRIAL SOCIETY, 1975, SCM Press.

48 Keck, L E: THE BIBLE IN THE PULPIT, 1978, Abingdon.

49 Kimmel, D C: ADULTHOOD AND AGING, 1974, Wiley.

50 Küng, H: THE CHURCH, 1968 Search Press.

51 Ladd, G E: A THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, 1974, Eerdmans Publishing Company.

52 Lenski, R C: THE SURMON ITS HOMILETICAL CONSTRUCTION, 1968, Baker Book House.

53 Martin, R P: WORSHIP IN THE EARLY CHURCH, 1964, Marshall, Morgan & Scott.

54 Martin, R P: THE WORSHIP OF GOD, 1982, Eerdmans Publishing Company.

55 Maxwell, W D: AN OUTLINE OF CHRISTIAN WORSHIP, 1936, Oxford University Press.

56 Mc Gee R: POINTS OF DEPARTURE 1972, Dryden Press.

57 Meier P, Minirth F en Wichern, F: INTRODUCTION OF PSYCHOLOGY AND COUNSELING, 1982, Baker-Boak House.

58 Miller, R C: THE LANGUAGE GAP AND GOD, 1970, Pilgrim Press.

59 Miller, S H: RELIGION IN A TECHNICAL AGE, 1968, Harvard, UP.

60 Mitton, C L: THE SOCIAL SCIENCES AND THE CHURCHES, 1972, T en T Clark.

61 Merrey, S (Ed): JUNGIAN ANALYSIS, 1982, Open Court.

62 Mussen, P, Conger, J en Kagan, J: CHILD DEVELOPMENT AND PERSONALITY 1956, Harper & Row.

63 NG Kerkboekhandel: KERK EN INDUSTRIE, Verslag van die kongres oor dié onderwerp van 22 April tot 24 April 1969 gehou.

64 Nichols, J R: BUILDING THE WORD - THE DINAMICS OF COMMUNICATION AND PREACHING, 1980, Harper and Row.

65 Nida, E A: MESSAGE AND MISSION, 1960, William Carey.

66 Niebuhr, R: MORAL MAN AND IMMORAL SOCIETY, 1960, Charles Scriber's Sons.

67 Oates W E: THE CHRISTIAN PASTOR, 1951, Westminster Press.

68 Oates, W E (Ed): AN INTRODUCTION TO PASTORAL COUNSELING, 1959, Broadman Press.

69 Oates, W E: THE PSYCHOLOGY OF RELIGION, 1973, Word Books.

70 Oden, T C: THE STRUCTURE OF AWARENESS, 1969, Abingdon.

71 Oden, T C: PASTORAL THEOLOGY, 1983, Harper & Row.

72 O'Dea, T F: THE SOCIOLOGY OF RELIGION, 1966, Prentice Hall.

73 Pieterse, H J C: SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING, 1979, NG Kerkboekhandel.

74 Pikunas, J: HUMAN DEVELOPMENT, 1961, McGraw-Hill

75 Pinnock, C; Wells, D (Ed): TOWARD A THEOLOGY FOR THE FUTURE, 1971, Creation House.

76 Pruyser, P W: A DYNAMIC PSYCHOLOGY OF RELIGION, 1968, Harper & Row.

77 Renwick, A M: THE STORY OF THE CHURCH, 1973, Inter-Varsity Press.

78 Runia, K: THE SERMON UNDER ATTACK, 1983, Paternoster Press.

79 Ryckman, R M: THEORIES OF PERSONALITY, 1982, Brooks en Cole.

80 Sadler, W A: PERSONALITY AND RELIGION, 1970, Harper Forum.

81 Segler, F M: CHRISTIAN WORSHIP - ITS THEOLOGY AND PRACTICE, 1967, Broadman Press.

82 Simpson, W W: JEWISH PRAYER AND WORSHIP, 1965, SCM Press.

83 Stevenson, D E: IN THE BIBLICAL PREACHER'S WORKSHOP, 1967, Abingdon.

84 Stratman, G D: PASTORAL PREACHING - TIMELESS TRUTHS FOR CHANGING NEEDS, 1983, Abingdon.

85 Storr, A: THE ESSENTIAL JUNG, 1983, Princeton University Press.

86 Tillich, P: THE COURAGE TO BE, 1961, James Nisbet.

87 Van der Walt, I H du P: DIE DOOP: 'N SAKRAMENT?, 1981, Ongepubliseerde M-verhandeling by UNISA ingehandig.

88 Von Allmen, J-J: PREACHING AND CONGREGATION, 1962, Lutterworth Press.

89 Von Allmen, J-J: WORSHIP ITS THEOLOGY AND PRACTICE, 1965, Lutterworth Press.

90 Watson, D: I BELIEVE IN EVANGELISM, 1977, Hodder en Stroughton.

91 Webber, R.E. WORSHIP - OLD AND NEW, 1982, Zondervan.

92 White, J F: CHRISTIAN WORSHIP IN TRADITION, 1976, Abingdon.

93 Wolf, H W: ANTHROPOLOGY OF THE OLD TESTAMENT, 1981, SCM Press.

94 Zielhuis, L: DE KERK ZOEKT EEN WEG NAAR DE INDUSTRIëLE WêRELD, 1969, J H Kok.

95 Zuck, R; Benson, W (Ed): YOUTH EDUCATION IN THE CHURCH, 1978, Moody Press.

96 TYDSKRIFTE.

Boice, J M: "THE GREAT NEED FOR GREAT PREACHING" in die Desember 1979 uitgawe van "CHRISTIANITY TODAY".

Nürnberger, K: "THE SOTHO NOTION OF THE SUPREME BEING AND THE IMPACT OF THE CHRISTIAN PROCLAMATION" in Volume VII van "THE JOURNAL OF RELIGION IN AFRICA".

Runia, K: "BARTH'S VIEW OF PREACHING" in Volume 33 van 1979 "VOX REFORMATA".

oooOooo